
ADRIAN EBENS



# GODDELIKE RISIKO

## WARE VRYHEID IN DIE LIEFDE VAN DIE VADER

# GODDELIKE RISIKO

## WARE VRYHEID IN DIE LIEFDE VAN DIE VADER



ADRIAN EBENS

VadervanLiefde.com

Adrian Ebens, 2021
Kopiereg © 2020, 2021, Adrian Ebens
Die morele reg van die skrywer is gehandhaaf.
Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag herproduseer word vir kommersiële wins nie, insluitend om dit in enige vorm op enige manier oor te dra, hetsy elektronies, meganies, met opname of enige ander manier, sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die uitgewer en kopiereghouers nie. Let asseblief daarop dat die skrywer gedeeltes van die tekse vetgedruk het om 'n spesifieke punt uit daardie tekse te beklemtoon.
Tensy anders geïdentifiseer, is skrifaanhalings uit die Ou Afrikaanse 1933/53 Bybelvertaling geneem.
Alle webwerfskakels en aangehaalde inhoud was in Desember 2020 op datum.
Hierdie boek en alle ander Vader van Liefde-publikasies is beskikbaar op ons webwerf Vadervanliefde.com. Om ekstra eksemplare te bestel, stuur 'n e-pos aan adrian@life-matters.org.
Oorspronklike Engele uitgawe: ISBN: 978-0-6488114-6-6
Hierdie boek is geskryf deur Adrian Ebens
Vertaal na Afrikaans deur Esmarie Cooper
Geproeflees deur Nina Snyman
Omslag ontwerp deur Shane Winfield/Advent Design
Voorbladfoto deur iStockphoto
Tipeset 10/16 Palatino

Gedruk in Suid-Afrika, onder Maranatha Media

# INHOUD

Hoofstuk 1. DIE DILEMMA VAN ALWETENDHEID EN ALOMTEENWOORDIGHEID ........ 6
Hoofstuk 2. WAT VANAF DIE BEGIN AF DIE EINDE VERKONDIG ........ 12
Hoofstuk 3. GODDELIKE REAKSIE OP MENSLIKE OPTREDE ........ 20
Hoofstuk 4. CHRISTUS DIE WAARHEID VAN DIE VADER ........ 29
Hoofstuk 5. VERSORGDE KIND OF MEESTERKUNSTERNAAR ........ 38
Hoofstuk 6. IMMORALITEIT, MORELE WET EN VRYE WIL ........ 46
Hoofstuk 7. DIE PLEK VAN GEBED ........ 53
Hoofstuk 8. WAARLIK VRY ........ 62
Hoofstuk 9. LUCIFER SE HOK ........ 66
Hoofstuk 10. DIE SAADBEGINSEL ........ 73
Hoofstuk 11. DIE RAAMWERK VAN DIE GODDELIKE PATROON EN SY OPPOSISIE ........ 82
Hoofstuk 12. HARMONIE TUSSEN GEREGTIGHEID EN GENADE ........ 85
Hoofstuk 13. DIE HEERSKAPPY VAN DIE DOOD ........ 92
Hoofstuk 14. DIE VAL VAN LUCIFER EN SY ENGELE ........ 101
Hoofstuk 15. DIE DRAAK VESTIG SY BASIS OP DIE AARDE ........ 106
Hoofstuk 16. DIE SKEPPINGSWEEK-PROFESIE ........ 115
Hoofstuk 17. GESKAPE NA DIE BEELD VAN GOD ........ 131
Hoofstuk 18. HEERSKAPPY VAN DIE TUIN VAN EDEN ........ 138
Hoofstuk 19. VERLORE PARADYS ........ 145
Hoofstuk 20. WAT DIE VLEES BEDINK ........ 157

Hoofstuk 21. AGAPE SE RISIKO ........ 162
Hoofstuk 22. DIE SWAKHEID VAN GOD ........ 169
Hoofstuk 23. DIE VADER WORD DEURBOOR ........ 173
Hoofstuk 24. KOM UIT DIE DUISTERNIS ........ 177

# HOOFSTUK 1:

# DIE DILEMMA VAN ALWETENDHEID EN ALOMTEENWOORDIGHEID

In die heel eerste vers van die Bybel lees ons, "In die begin het God die hemel en die aarde geskape," Genesis 1:1. Een vraag wat baie mense laat wonder, is: "Het God geweet dat Adam en Eva sou sondig?"

Die Christendom antwoord baie vinnig ja op hierdie vraag. Hier is 'n paar voorbeelde.

> God is alwetend (Psalms 139: 1–6), en Hy ken die toekoms (Jesaja 46:10). Hy het dus beslis geweet dat Adam en Eva sou sondig.[1] (Vry vertaal)
>
> *Indien God geweet het dat Adam en Eva sou sondig, waarom het hy hulle dan geskape*? Die Here was nie verras deur Adam en Eva se sonde nie, want dit was die doel van die Here se plan om Jesus te laat sterf in die plek van sondaars en deur Sy opstanding ewige lewe te gee.[2] (Vry vertaal)

Hierdie vraag word nog interessanter wanneer ons die idee van straf ook in ag neem. Indien God geweet het dat hulle sou sondig nog voordat Hy Adam en Eva geskape het, waarom het Hy hulle dan gestraf? Is dit regverdig? Luister na hierdie Christelike reaksie.

> Is dit godslasterlik om te dink dat God geweet het Adam en Eva sou sondig... omdat Hy God is, en tog het Hy hulle gestraf?

---

[1] https://www.gotquestions.org/if-God-knew-Adam-Eve-sin.html

[2] https://www.christianity.com/wiki/bible/if-god-knew-that-adam-and-eve-would-sinthen-why-did-he-create-them.html

> Dit is 'n goeie vraag. Die kort antwoord is nee, dit is nie godslasterlik om te dink dat God geweet het dat Adam en Eva sou sondig nie. Ja, Hy het geweet dat hulle sou sondig en dat Hy hulle sou straf. Die Skrif maak dit inderdaad duidelik dat God geweet het dat hulle sou sondig.
>
> Efésiërs 1:3-4 – "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, (4) soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees."
>
> Hierdie gedeelte verduidelik dat God diegene uitverkies wat in Sy Seun sou glo en wat gered sou word (vers 4). Aangesien Hy ons uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld, beteken dit dat God geweet het dat ons sondaars sou wees en dat God Sy Seun sou moes stuur om verlossing te bied. Dit beteken dat Hy geweet het dat Adam en Eva sou sondig, aangesien ons sondaars is weens Adam se oortreding.[3] (Vry vertaal)

In 2018 en 2019 het twee 737 Max-vliegtuie in twee afsonderlike voorvalle, skielik neergestort. Altesaam 346 mense het omgekom. In die ondersoek is ontdek dat daar 'n ontwerpsfout in die vliegtuig was. Daar is ook ontdek dat Boeing die ontwerpsfoute vir vlieëniers en reguleerders weggesteek het.[4] Wie moet vir die neerstorting van hierdie vliegtuie verantwoordelik gehou word? Die vlieëniers of die ontwerpers?

Indien God die ontwerper en die Skepper van die mensdom was en Hy verseker geweet het dat die stelsel wat Hy geskape het, sou neerstort en tot biljoene se dood sal lei, wie is dan verantwoordelik? Is dit die mens of

---

[3] https://www.versebyverseministry.org/bible-answers/is-it-blasphemous-to-think-god-knew-that-adam-and-eve-would-sin

[4] https://www.business-standard.com/article/international/boeing-hid-design-flaws-in-737-max-from-pilots-regulators-us-panel-120091602119_1.html

God? Indien God hierdie dinge geweet het nog voordat Hy die mensdom geskape het, waarom sou Hy dan nie, indien Hy alwetend was, dinge so ontwerp sodat dit nie misluk nie?

Die Christendom dra verder by tot hierdie probleem deur 'n ander leerstelling. Daar word gesê dat God almagtig is, wat beteken dat Hy al die mag besit. Indien God 'n stelsel geskape het met die wete dat dit in duie sou stort en Hy die mag gehad het om te keer dat dit gebeur, waarom het Hy dan nie gekeer dat die mensdom in duie stort nie? Is dit 'n regverdige vraag?

Die Griekse filosoof Epicurus, wat ongeveer 300 jaar voor Christus geleef het, het op grond van wat hy destyds van God verstaan het, tot die volgende gevolgtrekking gekom.

> "Is God bereid om boosheid te voorkom, maar nie daartoe in staat nie? Dan is Hy nie almagtig nie. Is Hy daartoe in staat, maar nie gewillig nie? Dan is Hy kwaadwillig. Is Hy beide in staat en gewillig? Waar kom boosheid dan vandaan? Indien Hy nie in staat of gewillig is nie, waarom sal ons Hom dan God noem?" - Epicurus. (Vry vertaal)

Sy idees het die afgelope 100 jaar baie trefkrag gehad, saam met ander meningsverskille, in reaksie op die aansprake van die Christelike geloof. Die bewerings van alwetendheid en almag is *veronderstel om* vertroue by mense te wek, dat God in beheer is en dat ons Hom kan vertrou, omdat Hy presies weet wat aangaan.

Tog blyk dit dat die twee leerstellings van alwetendheid en almag vir baie mense soos twee horings geword het waaraan die Christendom homself vasgehaak het. Indien jy seker weet dat die aksies wat jy neem om iets te skape tot die ellende en die dood van biljoene mense sal lei, hoe is dit dan moontlik om nie die verantwoordelikheid vir hierdie lyding aan hierdie skepper toe te skryf nie?

Jesus self het gesê:

> Toe sê Jesus vir hulle: Ek sal aan julle 'n vraag stel: wat is geoorloof op die sabbat – om goed te doen of kwaad te doen; om 'n lewe te red of óm te bring? Lukas 6:9

Jesus stel *goed* gelyk aan die redding van lewe en die *kwaad* aan die vernietiging van lewe. Indien God geweet het dat die skepping van die wêreld beslis sou lei tot die dood van biljoene, is dit dan nie per definisie van Jesus – boosheid nie? Die boek Jakobus vertel ons:

> Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde. Jakobus 4:17

Glo mense werklik dat dit goed is vir biljoene mense om te ly en te sterf? Glo enigiemand dit? Indien dit goed is om ‘n lewe te red en God geweet het dat deur hierdie wêreld te skep, dit lewe sou vernietig, dan is God volgens hierdie definisie boos.

Baie Christene word verontwaardig as jy vrae in hierdie rigting stuur. Dit is 'n aanval op hul opvattings omtrent die godheid en baie vinnig kan jy vertel word dat dit godslastering is om so te redeneer en dat jy hel toe gestuur sal word indien jy nie tot bekering kom nie. Hierdie tipe denke het gelei tot reaksies soos die volgende.

> “Godsdiens is 'n totalitêre oortuiging. Dit is die begeerte om 'n slaaf te wees. Dit is die begeerte dat daar 'n onveranderlike, onbetwisbare, tiranniese gesag sal wees wat jou kan oortuig van gedagte-misdaad, selfs terwyl jy slaap, wat jou kan onderwerp aan totale toesig ten alle tye, elke minuut van jou lewe wat jy wakker is en slaap, voordat jy gebore word en nog erger, en dis waar die werklike pret begin, nadat jy dood is. 'n Hemelse Noord-Korea. Wie wil hê dat dit werklikheid moet wees? Wie anders as 'n slaaf begeer so 'n aaklige lot? Ek was in Noord-Korea. Dit het 'n dooie man as president, Kim Jong-II is slegs hoof van die party en hoof van die weermag. Hy is nie die staatshoof nie. Die bestuur behoort aan sy oorlede vader, Kim II-Sung. Dit is 'n nekrokrasie, 'n asatokrasie. Ek kan byvoeg dat dit een kort is op 'n drie-enigheid. Die seun is die reïnkarnasie van die vader. Dit is die mees

> oproerige en volslae en absolute en hartelose tirannie wat die menslike spesie ooit ontwikkel het. Maar ten minste kan jy #$% sterf en Noord-Korea verlaat!" - Christopher Hitchens.[5] (Vry vertaal)

Het Christopher Hitchens 'n punt beet gehad, of was hy slegs 'n goddelose ateïs? Is dit moontlik dat sommige van die fundamentele, gegronde oortuigings van die Christendom daartoe bygedra het dat hy God en Sy regering so waargeneem het?

Om te glo dat God absoluut alles weet, is 'n bitter pil wat almal wat dit glo, moet sluk. Dit beteken dat jy moet aanvaar dat God geweet het dat al hierdie dood en vernietiging sou plaasvind, maar Hy het voortgegaan en dit in elk geval gedoen. Dit word vererger deur die feit dat, indien jy twyfel dat God absoluut alles weet, jy die risiko loop om Sy goddelikheid te ontken en daarom in die hel gewerp kan word. Daarom is dit nie maklik vir Christene om hierdie vraag openhartig te benader nie. Die meeste Christene is vasgevang in geloofsbelydenisse wat vereis dat jy glo dat God absoluut alles weet en om dit te bevraagteken, is om jou ewige lewe in gevaar te stel.

Nie alle Christelike gemeenskappe werk so nie, maar baie doen dit wel. In baie Christelike gemeenskappe sal jy, indien jy die absolute fondamente van die beweging in twyfel trek, uitgewis, verban of omgebring word (indien nie deur die volgelinge self nie, dan deur God). Hierdie fondamente sluit die geloof dat God alles weet in. Is dit nie soortgelyk aan Noord-Korea nie?

God verklaar dat Hy liefde is (1 Johannes 4:8) en dat daar geen vrees in liefde is nie (1 Johannes 4:18). Hy wil hê dat ons Hom met ons hele hart, met al ons hele siel, met ons al ons krag en met ons hele *verstand* moet aanbid; en verklaar dit dan as die grootste gebod (Lukas 10:27). Indien dit die geval is, dan is dit ons plig om hierdie vraag, vir onsself en vir ander, aan te spreek en te beantwoord, want ons kan God nie heelhartig liefhê,

---

[5] https://en.wikipedia.org/wiki/Christopher_Hitchens

met "ons hele verstand" indien sulke diepgaande kritiek op ons Skepper in ons onderbewussyn is nie.

Kom ons kyk na die Skrif om te sien wat werklik geskrywe is.

# HOOFSTUK 2:

# WAT VANAF DIE BEGIN AF DIE EINDE VERKONDIG

Die Bybel maak verskeie stellings omtrent God se kennis. Op persoonlike vlak het ons waardevolle stellings soos hierdie.

> HERE, U deurgrond en ken my. (2) U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte. (3) U deurvors my gaan en my lê, en U is met al my weë goed bekend. (4) Want daar is nog geen woord op my tong nie – of U, HERE, U ken dit geheel en al. (5) U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my. (6) Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie. (7) Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig? (8) Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar! Psalms 139:1-8

Ons Vader in die hemel weet alles van ons. Hy ken ons gedagtes en die dinge wat ons sal sê. Deur Sy Gees weet Hy altyd waar ons is. Dit is vir diegene wat weet dat God liefdevol, vriendelik en genadig is, grootliks 'n vertroostende gedagte.

> Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. (7) Maar selfs die hare van julle hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies. Lukas 12:6-7

Ons Vader weet presies hoeveel hare op ons kop is. Dit dui ook daarop dat Hy baie meer van ons weet as wat ons van onsself weet.

> Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. (25) Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en

> asem en alles gee. (26) En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, (27) sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; (28) want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag.
> Handelinge 17:24-28

Ons Vader is 'n ontsaglike, enorme persoon. Hy gee lewe en asem aan elke lewende wese, tans biljoene. Hy gaan elke sel van elke lewende organisme na en kyk na hul interaksies met mekaar. Dit is buite ons begrip hoedat een wese so intiem aan soveel biljoene lewende geskape wesens gelyktydig verbind kan word.

Verder verklaar dit dat God die grense en tye ken van elke nasie op die aarde, voor hulle ontstaan. Hierdie is ook onmoontlik vir 'n mens om te besef. Die waarheid van hierdie stelling kan in die Bybel gevind word op plekke soos die boek Daniël, waar die opkoms van nasies, vanaf sy tyd tot ver in die toekoms, geopenbaar word. Terwyl hy in die koninkryk van Babilon gewoon het, is die opkoms van die koninkryke van Medo-Persië en Griekeland, wat daarna sou kom, aan Daniël geopenbaar.

> Die ram wat jy gesien het met die twee horings, is die konings van die Meders en die Perse. (21) En die harige bok is die koning van Griekeland; en die groot horing wat tussen sy oë was, dit is die eerste koning. Daniël 8:20-21

Die boek Daniël is in die 6de eeu voor Christus geskryf. As gevolg van die akkuraatheid van Daniël se voorspellings, het baie mense tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie boek nie in daardie tyd geskryf kon gewees het nie; daarom dateer hulle dit ná die opkoms van die koninkryk van Griekeland. Die ontdekking van die Dooie See-rolle het getoon dat die boek Daniël reeds in 150 v.C. 'n plek in die Hebreeuse profetiese wet gehad het, wat beteken dat eeue reeds verloop het sedert dit geskryf is. Vir ons wat in die Bybel as die woord van God glo, sien

ons 'n ongelooflike openbaring van ons hemelse Vader se kennis en vermoë om in die toekoms in te kyk en te weet wat gaan gebeur.

In Sy omgang met die mensdom gebruik God Sy vermoë om die toekoms aan te dui as 'n onderskeidende kenmerk, wat toon dat Hy God is.

> Verkondig en bring voor, ja, laat hulle saam raad hou: Wie het dit van ouds af laat hoor, lank tevore dit verkondig? Is dit nie Ek, die HERE, nie? En buiten My is daar geen ander God nie: 'n regverdige en reddende God is daar buiten My nie. Jesaja 45:21

Wanneer ons die boek Psalms lees, vind ons 'n paar wonderlike profesieë omtrent die Messias. In Psalms 22 word ons vertel van die kruisiging en die presiese woorde wat tydens die verhoor van Christus gespreek sou word.

> Maar ek is 'n wurm en geen man nie, 'n smaad van die mense en verag deur die volk. (8) Almal wat my sien, spot met my; hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof en sê: (9) Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry: Hy het mos behae in hom! (10) Ja, U is dit wat my uit die moederskoot uitgetrek het, wat my veilig laat rus het aan my moeder se bors. (11) Aan U is ek oorgegee van die geboorte af; van die skoot van my moeder af is U my God. (12) Wees nie ver van my af nie, want die nood is naby, want daar is geen helper nie. (13) Baie stiere het my omsingel, sterktes van Basan het my omring. (14) Hulle het hul mond teen my oopgespalk soos 'n leeu wat verskeur en brul. (15) Ek is uitgestort soos water; al my beendere raak los; my hart het soos was geword; dit het gesmelt binne-in my ingewande. (16) My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood. (17) Want honde het my omsingel; 'n bende kwaaddoenders het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe. (18) Al my beendere kan ek tel; hulle kyk, hulle sien met welgevalle op my neer! (19) Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my

> gewaad. (20) Maar U, HERE, wees nie ver nie; my Sterkte, maak tog gou om my te help! Psalms 22:7-20

Dit is 'n wonderlike profesie wat 1000 jaar voor Christus se tyd geskryf is. Jesus het aan Sy dissipels gesê dat daar baie dinge oor Hom geskryf is in die Psalms en ander Ou-Testamentiese profete.

> En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Lukas 24:44

Die profesie in Psalms 22 bevat selfs die woorde wat gespreek sou word deur diegene wat Jesus bespot en vermoor het: “Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy hom red.” Deur die Bybel te lees, word dit duidelik dat God oor ongelooflike kennis beskik nie. Dit word so uitgedruk in die Psalms.

> Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig. Psalms 147:5

Die Hebreeuse uitdrukking vir die Engelse woord *oneindig* is “bestaan nie as 'n getal nie.” Met ander woorde, daar is geen getal wat die kennis van God kan meet nie. Volgens ons persepsie beteken dit onbeperk, of soos die vertalers dit uitgedruk het, *oneindig*. 'n Ander teks wat gereeld gebruik word om uit te druk wat God wel weet, word in Jesaja gevind.

> Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; (10) wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd [H6924] af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen; Jesaja 46:9-10

God het die vermoë om presies aan te dui wat later sal gebeur, sodra dit eers begin het. Wat merkwaardig is omtrent hierdie teks, is dat dit daarop dui dat God toekomstige gebeure (die einde) verkondig, op grond van vorige gebeure wat reeds plaasgevind het, wat in hierdie teks die *begin* genoem word. Die woord wat as *voortyd* vertaal is, verskyn ook die eerste keer in Génesis 2 en 3.

> Ook het die HERE God 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste [H6924], en daar aan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee. Génesis 2:8

> So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs aan die oostekant [H6924] van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak. Génesis 3:24

God sê aan die nasie van Israel om die dinge van ouds en die maniere waarop Hy hulle gehelp het, te onthou. Hy verwys dan na hierdie Hebreeuse woord wat na die oudheid (antikeke tye) kan verwys, maar ook 'n verwysing bevat na 'n geografiese rigting, naamlik die ooste. Dus, ten minste in hierdie teks, word die voorspellingsvermoë van God met gebeure en selfs geografie verbind.

Is daar iets wat God wil hê ons moet verstaan in hierdie indirekte verwysing na die ooste? Kan dit beteken dat God presies geweet het waarheen die gebeure sou gaan, sodra die eerste sonde in die tuin van die voortyd afgespeel het, want dit was daar waar die saad van al die toekomstige dade van die mens geplant is? Indien God sê dat Hy die einde van *hierdie* beginpunt af geken het, "aan die oostekant van die tuin van Eden", het dit beteken dat Hy glad nie voorheen geweet het watter kant Adam en Eva sou kies nie?

Ons sal 'n aantal kere deur verskillende denkrigtings na hierdie vraag terugkeer. Dit is 'n kernpunt. Bedoel God eenvoudig dat Hy absoluut alles weet, dat Hy die einde van die begin af ken, of beteken dit dat sodra iets geplant of geaktiveer of gekies is, Hy presies weet waar dit sal eindig?

Ons het 'n paar tekste wat Bybelkenners aangebied het, omtrent die onderwerp van God se kennis, oorweeg. Een Christen, wat oor die onderwerp van die alwetendheid van God geskryf het, het uit sy studie van die Skrif tot die volgende gevolgtrekking gekom.

> Die Bybel leer dat God alwetend is. Die Engelse woord "omniscient" kom van twee Latynse woorde *omnis* wat alles beteken, en *scientia* wat kennis beteken. Wanneer ons sê dat God alwetend is, beteken dit dat Hy volmaakte kennis van alles het. Hy hoef niks te leer nie en Hy het niks vergeet nie. God hoef nie dinge uit te redeneer, dinge uit te vind of dit geleidelik te leer nie. Hy weet alles wat gebeur het en alles wat sal gebeur. God weet ook elke moontlike ding wat kan gebeur. God weet selfs die dinge wat die mensdom nog moet ontdek. Hierdie kennis is absoluut, iets wat Hy nie met tyd verkry het nie. Die alwetendheid van God beteken dat Hy volmaakte kennis, volmaakte begrip en volmaakte wysheid het omtrent hoe om die kennis toe te pas.[6] (Vry vertaal)

Dit is 'n interessante gevolgtrekking uit die Skrif. Indien God alles weet wat sal gebeur en nooit dinge hoef uit te redeneer nie, dan kan Sy interaksie met mense nooit op reaksie gebaseer wees nie. Dit sou alles vooraf bepaal word. Dit is die mening van diegene wat die leerstellings van John Calvyn volg. Die soewereine wil van God het alle dinge vooraf bepaal. Hy het reeds bepaal wie gered sal word en wie verlore sal gaan. Die besluite wat jy neem, verander geensins wat God reeds bepaal het nie.

> Die Uitverkiesingsleer, in die Christelike teologie, is die leerstelling dat alle gebeure deur God gewil is, gewoonlik met verwysing na die uiteindelike lot van die individuele siel. Verklarings omtrent die uitverkiesingsleer probeer dikwels om die "paradoks van vrye wil" aan te spreek, waardeur God se alwetendheid nie vereenselwig kan word met menslike vrye wil nie. In hierdie gebruik kan die uitverkiesingsleer as 'n vorm van godsdienstige determinisme beskou word, gewoonlik pre-determinisme, ook bekend as teologiese determinisme.[7] (Vry vertaal)

---

[6] https://www.blueletterbible.org/faq/don_stewart/don_stewart_359.cfm

[7] https://en.wikipedia.org/wiki/Predestination

Ons sal die onderwerp oor die paradoks van vrye wil en God se soewereiniteit in 'n latere hoofstuk bespreek. Hier is ons doel om bloot die omvang van kwessies wat verband hou met die onderwerp van God wat absolute kennis het, bekend te stel. Laat ons nou 'n paar bekende Bybeltekse bekendstel wat moontlik die idee van God se wil, wat alle toekomstige gebeure vooraf beskik, kan teenstaan.

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, **sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie**, maar die ewige lewe kan hê. Johannes 3:16

Die bekendste teks in die Bybel dui aan dat menslike reaksie bepaal of 'n persoon gered of verlore is. Indien God dit alreeds geweet het, sou die teks lees: "Want so lief het God diegene liefgehad wat Hy uitverkies het, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat die vir wie Hy dit vooraf beskik het, die ewige lewe kan hê."

Dit word verder bemoeilik deur tekse soos hierdie:

> Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. 2 Petrus 3:9

Hier word ons vertel dat God nie gewillig is dat iemand moet vergaan nie. Dit beteken dit is die wil van God dat almal gered word. Ongelukkig weet ons dat nie almal gered sal word nie.

> Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind. Matthéüs 7:14

Dit beteken dat die wil van God, dat almal gered word, oorheers kan word deur menslike wil wat weier om op God se liefdevolle aanbod van verlossing te reageer. Kan dit die ware diepte van die trane wat Jesus oor Jerusalem gestort het, verklaar?

> Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders

> bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Matthéüs 23:37-38

Hier betree ons die onderwerp van God se kennis met betrekking tot God se gevoelens. Ek het baie ondervindings gehad waar ek deur 'n vriend genader is met spesiale nuus waarvan 'n ander persoon my reeds ingelig het. Aangesien ek alreeds bewus was van die nuus, kon ek nie 'n eerste reaksie gee nie – die effek van die nuus was afgestomp omdat dit vir my bekend was. Dit bring ‘n leidraad to die werklikheid dat voorkennis emosionele reaksies beïnvloed.

Laat ons nou 'n aantal verhale in die Bybel ondersoek om te sien of daar iets is wat ons kan laat twyfel aan aspekte van God se voorkennis.

# HOOFSTUK 3:

# GODDELIKE REAKSIE OP MENSLIKE OPTREDE

Na die sondeval van Adam het die mensdom stadig verval. Teen die tyd van Noag het dinge desperaat geraak.

> Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, (6) **het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het**, en daar was smart in sy hart. (7) En die HERE sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; **want dit berou My dat Ek hulle gemaak het**. Génesis 6:5-7

Het God werklik berou gehad dat Hy die mens gemaak het? Was dit 'n ware emosie wat God gevoel het? Hoe kan sy berou vereenselwig word met die beginsel van die uitverkiesingsleer? Die Hebreeuse woord vir *berou* beteken om te sug. Dit dui op hoop wat teleurgestel is.

Dit is interessant om John Wesley se kommentaar omtrent die verhaal van Noag te lees:

> Dat Hy 'n skepsel gemaak het van sulke edele magte en hom op hierdie aarde geplaas het, wat Hy doelbewus gebou en ingerig het om aan hom 'n gemaklike woning te gee, het Hom hartseer gemaak. **Dit is menslike uitdrukkings en moet verstaan word dat dit nie verwys na God se onveranderlikheid of geluksaligheid nie**. Dit spreek van geen passie of ongemak in God nie; niks kan die ewige gemoed versteur nie; maar dit spreek van sy regverdige en heilige misnoeë teen sonde en sondaars; dit spreek ook nie van verandering van God se gedagtes nie, want by hom is daar geen veranderlikheid nie; maar dit spreek van ‘n verandering in sy optrede. - John Wesley omtrent Génesis 6:6 (Vry vertaal)

Stel Wesley voor dat wat in die Skrif staan nie werklik op God van toepassing kan wees nie? Die hoofrede hiervoor is Wesley se geloof in die onveranderlikheid van God. Hierdie leerstelling dui daarop dat God nie emosies of gevoelens het nie, aangesien dit dui op veranderlikheid in God. In plaas daarvan om hierdie teks te lees as 'n gebroke Vader wat ween oor Sy kinders, word dit 'n uitdrukking van heilige misnoeë teen sonde en sondaars. Is dit werklik die geval?

Is dit moontlik om dieselfde hartseer hier in die verhaal van Noag in te lees as wat ons sien in Jesus wat oor Jerusalem ween? Die Vader het alles in Sy vermoë gedoen om die mensdom te red, maar die mensdom het die besluit geneem om God te verwerp.

> Wil jy die pad van die ou tyd hou, wat die kwaaddoeners bewandel het, (16) wat gegryp is voor die tyd, wie se grondslag uitgegiet is soos 'n stroom, (17) wat tot God gesê het: Bly ver van ons af! en: Wat kan die Almagtige ons aandoen? (18) En tog het Hy hulle huise gevul met wat goed is. (Maar die gesindheid van die goddelose is ver van my!) Job 22:15-18

Byna die hele wêreld het vir God gesê om ver van hulle af te bly. Hy het geen ander keuse gehad as om aan hul versoek te voldoen nie en hulle te laat maai wat hulle op die aarde gesaai het.

‘n Geloof in die alwetende vermoë van God dui daarop dat God presies geweet het wat sou gebeur. Om berou te hê omdat Hy die mens gemaak het, bevraagteken die veronderstelling dat God ‘n voorafbepaalde uitkoms bepaal. Dit is ten minste die geval wanneer ons die Bybel verstaan soos dit lees. Weereens word ons daaraan herinner dat God nie wil hê dat een van hulle verlore gaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.

As ons terugkeer na die begin van hierdie hoofstuk, ontdek ons 'n aktiveerder wat 'n tydperk inlui, met 'n definitiewe eindpunt. Die seuns van God (getroue seuns van Set) het met die dogters van die mense (ongehoorsame dogters van Kain) begin trou. Gebaseer op die optrede van die mens het God voorspel wat gaan gebeur.

> Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, (2) sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. (3) Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar. Génesis 6:1-3

Die drie Hebreeuse woorde vir *sien*, *mooi* en *geneem* is presies dieselfde as die woorde wat gebruik word om Eva, wat van die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad geëet het, te beskryf. God kon met onderskeiding insien waarop dit sou uitloop. Hy het geweet wat in die hart van die mens was en daarom het Hy geweet dat die opgehoopte sondes van die mense oor 'n tydperk van 120 jaar rampspoedig sou eindig. Waarom bied die Bybel 'n tydsraamwerk in reaksie op die optrede van mans wat met vroue trou wat aan afgodery toegewy is?

Daar is baie aspekte van hierdie verhaal wat ons moet oorweeg, maar die kernelement wat ons wil oorweeg, is hoe ons rekenskap gee aan die taal van berou en die diep emosies in God wat beskryf word. Hoe vereenselwig ons dit met die idee dat God reeds alles weet; en verder, soos sommige voorstel, dat Hy nooit nodig het om te redeneer en dinge op te weeg nie? Hier is nog 'n storie:

> Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag. (11) Maar die **Engel van die HERE het na hom van die hemel af geroep** en gesê: **Abraham, Abraham**! En hy antwoord: Hier is ek! (12) En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie**; want nou weet Ek dat jy God vrees** en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie. Génesis 22:10-12

Die een wat met Abraham praat, is die Engel van die Here. Die herhaling van Abraham se naam onthul die manier waarop Jesus gereeld gespreek het toe Hy ernstig met mense gepraat het. "Simon, Simon..." (Lukas 22:31); "Martha, Martha..." (Lukas 10:41). Die Engel van die Here is niemand anders nie as die Seun van God en Hy spreek as verteenwoordiger van Sy Vader. Is dit moontlik om hierdie woorde op

sigself te neem, dat God nou eers geweet het dat Abraham God vrees? Die kommentator John Gill gee hierdie gedagtes:

> ...**maar dit word gesê op menslike spreekwyse**, die mens weet dinge met sekerheid wanneer dit gebeur en dit doodeenvoudig duidelik voorkom: of dit kan verstaan word uit 'n kennis van goedkeuring, dat die Here nou geweet het en die geloof, vrees, liefde en gehoorsaamheid van Abraham, wat so opvallend was in hierdie aangeleentheid, goedgekeur het. - John Gill Kommentaar omtrent Génesis 22:12 (Vry vertaal)

en weer, van John Wesley:

> Nou weet Ek dat jy God vrees - **God het dit vantevore geweet, maar nou het Abraham 'n onvergeetlike bewys daarvan gegee**. Hy hoef niks meer te doen nie; wat hy gedoen het, was voldoende om die godsdienstige eerbied wat hy vir God en Sy gesag gehad het, te bewys. Die beste bewys dat ons God vrees, is dat ons bereid is om Hom te eer met dit wat die naaste aan ons is, en om ons af te skei van alles, ter wille van Hom. - John Wesley Kommentaar omtrent Génesis 22:12 (Vry vertaal)

Ons sien die konflik tussen hierdie uitdrukking van die Skrif en wat as die alwetende God waargeneem word. Indien God dit alreeds geweet het, sou dit nie beter gewees het om te sê: "Nou het jy die waarheid wat Ek van die begin af geweet het, dat jy God vrees, geopenbaar." Daar is spanning tussen die letterlike teks en die veronderstelling dat alle dinge aan God bekend is. Die Bybelkommentator verduidelik dit deur aan te dui dat dit 'n menslike spreekwyse is, wat beteken dat God nie werklik spreek wat Hy dink nie. Daar word gesê dat Hy ons tegemoetkom en as 'n mens spreek. Maar waarom sou Hy dit doen? Kom ons kyk na 'n ander verhaal terwyl ons oor hierdie dinge nadink.

> En die woord van die HERE het vir die tweede maal tot Jona gekom en gesê: (2) Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé, en verkondig daar die boodskap wat Ek jou sal sê. (3) Toe maak Jona hom klaar en gaan na Ninevé volgens die woord van

> die HERE. En Ninevé was 'n ontsaglike groot stad, drie dagreise te voet. (4) En Jona het begin met een dagreis ver die stad in te gaan en het gespreek en gesê: Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes. Jona 3:1-4

Jona kry die opdrag om vir die stad Ninevé te gaan sê dat dit binne 40 dae verwoes gaan word. Daar word geen ander boodskap gegee nie. Daar word geen melding gemaak van die voorwaardes dat hierdie geleentheid nie gaan plaasvind nie. Die stad Ninevé het berou gekry oor hulle sondes en het op die genade van God gehoop.

> En God het hulle werke gesien dat hulle hul bekeer het van hulle verkeerde weg; toe het God berou gehad oor die onheil wat Hy gesê het dat Hy hulle sou aandoen, en Hy het dit nie gedoen nie. Jona 3:10

Dit blyk dat God *reageer* op die optrede van die stad. Hulle het berou getoon en dus het God berou gekry. Indien ons sê dat God geweet het dat Hy dit nie sou doen nie, dan was die woorde van God aan Jona, “dan word Ninevé verwoes”, eintlik nie waar nie. Dit sou nie die waarheid weergee nie. Wat gebeur dan hier?

Wat fasinerend is aan die aanvanklike opdrag van God om die stad te verwoes, is dat die Hebreeuse woord vir *verwoes* in Jona 3:4 die volgende betekenis kan hê:

> [H2015] 1b) (Niphal)
> 1b1) om jouself te draai, draai, draai terug
> 1b2) om jouself te verander
> 1b3) om pervers te wees
> 1b4) om omgedraai te wees, om omgekeer te wees, om verander te word, om teen iets gekeer te word
> 1b5) teruggedraai word
> 1b6) omgekeer word, verwoes word
> 1b7) om onderstebo gegooi te word

Dieselfde Hebreeuse woord, in dieselfde *Niphal*-geval, word gebruik om die hart van God en Sy gevoelens teenoor Israel te beskryf.

> Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Sebóim: my **hart** is **omgekeer** [H2015] in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek. Hoséa 11:8

Is dit moontlik dat God vir Jona gesê het dat Hy die harte van die mense van die stad Ninevé sou 'terugdraai', wat beteken dat hulle tot bekering sou kom? Verder, is dit moontlik dat Jona weens sy eie vooroordele verstaan het dat God se woord *verwoes* na die stad self verwys, dat die stad en dus die mense daarin, verwoes sou word? Kan dit wees dat, in plaas daarvan om die stad te verwoes, dat God gesê het dat Hy die harte van die mense binne 40 dae sou terugdraai?

Ons sien verskeie kere bewyse van hierdie tipe verwarring met diegene wat op die leerstellings van Jesus reageer, byvoorbeeld toe Jesus vir die mense om Hom gesê het om die tempel te vernietig (Johannes 2:19). Sy luisteraars het gedink dat Hy van die fisiese tempel praat, maar Hy het van Homself gepraat. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie misverstand gebruik is om Jesus tot die dood te veroordeel deur te sê dat Hy die tempel wou vernietig. Toe Jesus met die vrou by die put in Johannes 4 oor water praat, het sy gedink dat Hy fisiese water bedoel, maar Hy het eintlik geestelike water bedoel. Toe Jesus vir Sy dissipels sê dat hulle moet oppas vir die suurdeeg van die Fariseërs, het hulle gedink dat Hy van fisiese brood praat, maar Hy het van geestelike brood gepraat.

Hoe verstaan ons dan die woorde van Jona 3:10 waar dit sê dat God berou gehad het omtrent die ramp wat Hy oor hulle sou bring en dit nie gedoen het nie? Spreek dit in terme van hoe God optree, of spreek dit in terme van hoe mense die gebeure geïnterpreteer het? Don Stewart, Bybelteoloog en kommentator, het op hierdie verhaal kommentaar gelewer.

Het God van plan verander omtrent wat Hy met die mense van Ninevé sou doen?

In die Boek van Jona is daar die verslag van die mense van Ninevé wat berou gehad het by die prediking van Jona. In reaksie op die bekering van die mense sê die Bybel dat God berou gehad het omtrent wat Hy aan die mense sou doen.

Dit word gebruik as 'n klassieke voorbeeld van God wat van gedagtes verander wanneer mense hulleself verneder en Hom om vergifnis vra. Daar word ook geglo dat God van plan kan verander as gevolg van die optrede van mense. Die gevolgtrekking is dat die toekoms nie vasgestel is nie. Dit kan verander word deur die gedrag van mense.

Tog is dit nie die enigste manier om na hierdie gedeelte te kyk nie. Eerstens was daar geen boodskap van bekering in Jona se prediking nie. Geen!

Hy het gesê dat die stad Ninevé vernietig sou word. Klaar. Geen hoop of vergifnis is aangebied nie. Die mense van Ninevé het op hul eie hulself verneder en God se vergifnis gevra. Vanuit 'n menslike perspektief het God van plan verander en Ninevé nie vernietig nie. **Tog moet ons nie aanvaar dat God Sy plan werklik verander het nie**. **Aangesien Hy die toekoms volledig ken, het Hy geweet dat hulle hulle sou bekeer**. **Daarom was die boodskap van Ninevé se vernietiging nie iets wat God uitgevaardigheid het nie**.[8] (Vry vertaal)

Ons sien hoe Don Stewart die teks interpreteer op grond van die onbeweeglike gedagte in sy denke dat God die toekoms volledig ken. Hy maak 'n goeie punt dat Jona daarvan bewus was dat God genadig is. Jona sê basies – "Ek het geweet U sou dit doen!"

---

[8] https://www.blueletterbible.org/Comm/stewart_don/faq/does-god-knoweverything/27-did-god-change-his-mind-about-nineveh.cfm

> Maar Jona was hieroor erg ontstemd, en hy het kwaad geword. (2) Toe bid hy tot die HERE en sê: Ag, HERE, het ek dit nie gedink terwyl ek nog in my land was nie? Daarom het ek tevore na Tarsis gevlug; **want ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil**. Jona 4:1-2

Hoe kon Jona God se genade ken, sodat hy die uitkoms beter kan bepaal as God self? Dit is onmoontlik. God kan die menslike hart lees. Hy weet wat in die gedagtes van mense is. Soos ons in die Psalms lees, God ken die woorde wat ek sal spreek voordat ek dit spreek. (Psalms 139: 1-7). Om te sê dat God nie die uitkoms van die stad Ninevé 40 dae voor die genoemde gebeurtenis geken het nie, blyk die wysheid van God en Sy vermoë om die harte van mense te lees, te verminder. As God in Psalms 22 die woorde kon voorspel wat diegene wat Jesus gekruisig het, 1000 jaar in die toekoms sou uitspreek, dan sou Hy sekerlik kon weet hoe die Nineviete 40 dae in die toekoms sou reageer.

Don Stewart voer die saak aan op grond van alomvattende kennis van die toekoms, in terme van klassieke alwetendheid. Dit kan net so aangevoer word op ander kriteria wat ons in hierdie boek sal ondersoek. Die punt wat ek wil stel uit hierdie verhaal, is dat sommige mense wat bepleit dat God nie alles presies in die toekoms weet nie, dit moontlik te ver neem in die gebruik van hierdie voorbeeld. Ons moet die bewyse noukeurig en metodies ondersoek.

In die verhaal van Jona is die kwessies baie meer ingewikkeld as wat vroeër miskien gedink is. Indien God vir Jona gesê het om na Ninevé toe te gaan en vir hulle te sê: “Ek weet julle gaan tot bekering kom”, sou dit nie die regte uitkoms gehad het nie. Net soos Jesus vir die Kanaänitiese vrou gesê het: “Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie” (Matthéüs 15:26), so het God 'n boodskap aan Jona gegee dat Hy die stad sou verwoes. Jona wou hê dat die mense van Ninevé sterf. God het 'n boodskap aan Jona gegee wat Hy geweet het dat Jona sou neem, omdat Jona moontlik sou geweier het om dit te doen indien God dit anders verwoord het.

Soos ons ontdek het, kan die woord *verwoes* [H2015] in Hebreeus op twee verskillende maniere verstaan word. Net soos Jesus die vrou nie eintlik 'n hond genoem het nie, maar net gesê het dat dit nie reg is om goeie kos aan honde te gee nie, het God nie eintlik gesê dat Hy die stad sou vernietig nie, maar Hy het 'n woord gebruik wat geestelik iets anders beteken as wat dit fisies was. Net soos die vrou gedink het dat Jesus haar 'n hond noem, maar steeds op redding aangedring het, so het die Nineviete gedink dat God hulle sou vernietig het, en daarom hulle bekeer het en redding ontvang het.

Dit is waar dat, indien Ninevé nie berou gehad het nie, hulle 'n ramp in die gesig gestaar het, maar die besonderhede hiervan is buite die huidige omvang van hierdie boek. Die doel van hierdie hoofstuk was om die Bybel te ondersoek en die spanning te openbaar wat blykbaar in die Skrif bestaan tussen God se voorkennis en Sy interaksie met mense, en gebeure wat lyk na emosionele reaksies en Sy veranderinge in doelwit.

Die volgende wat ons by hierdie vraag van God se kennis wil voeg, is die persoon van Jesus. In gesprek met Sy dissipels het Jesus hierdie diepgaande stelling gemaak:

> Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (7) As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. Johannes 14:6-7

Om deur die Seun na die Vader te kom, is die konteks waarin Jesus die weg, die waarheid en die lewe is. Jesus is die waarheid omtrent die Vader en is daarom die enigste weg na die Vader. Die betekenis van hierdie woorde is baie dieper as bloot die vermoë om tot die Vader te bid. Dit omvat alles wat ons omtrent God kan weet, wat die onderwerp van alwetendheid insluit.

# HOOFSTUK 4:

# CHRISTUS DIE WAARHEID VAN DIE VADER

In ons soeke na die waarheid omtrent God moet ons 'n paar kritieke dinge onthou.

> Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. (9) Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. Jesaja 55:8-9

Aangesien God se gedagtes nie ons s'n is nie, is dit vir ons onmoontlik om enigiets omtrent God wat buite die persoon van Sy Seun is, te bedink. Die boek Hebreërs sê omtrent die Seun van God:

> **Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese** en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, Hebreërs 1:3

Christus is die uitdruklike beeld of volmaakte voorstelling van die Vader. Hy is, in Sy karakter, die glans en skoonheid van die Vader se heerlikheid. Deur die menslike natuur aan te neem, vorm Christus die enigste brug vir ons om na die Vader te kom. Om na die Vader te kom hou nie net verband met nabyheid of aardrykskunde nie, maar ook ons persepsies van wie God is.

Die menslike denke is vanweë sonde in sulke swart duisternis omtrent God, dat Jesus Hom aan ons moes kom openbaar.

> Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, (7) omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. Romeine 8:6-7

Toe Adam en Eva gesondig het, het hulle die mensdom in 'n rigting gestuur wat vyandskap teenoor God getoon het. Ons gedagtes is nie van nature oop teenoor God of Sy weë nie. Ons aangebore wantroue teenoor Hom veroorsaak dat ons niks wat Hy sê kan glo nie. In wese het "die mense die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos," hoewel hierdie wet van ons vlees op baie verskillende maniere manifesteer en ons in die algemeen nie die volle omvang van ons aard en optrede ken nie (Johannes 3:19).

> Soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. (11) Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. (12) Hulle het almal afgewyk, saam met hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. Romeine 3:10-12

Die Bybel sê vir ons dat ons, in ons natuurlike gevalle toestand, nie na God soek nie. Dit beteken dat dit vir ons onmoontlik is om te kan verstaan wie God is of hoe Hy is, behalwe deur Jesus Christus. Dit beteken dat alles wat ons in die Bybel omtrent God lees, outomaties op so 'n manier verdraai en verwronge sal wees, sodat dit God aanval en ons in die duisternis hou, tensy ons na Christus draai en wedergebore word.

> Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. (11) Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. (12) Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo. Johannes 1:10-12

Selfs God se eie mense, wat soveel omtrent God geleer is, het Christus verwerp toe Hy na die aarde gekom het. Hulle het Hom nie herken toe Hy gekom het nie, omdat die hele nasie die woorde van die profete wat God na hulle gestuur het, verdraai het. In plaas van om Jesus as die Messias te aanvaar, verdraai hulle die woorde van Jesus op so 'n manier om Hom dood te maak.

Sou dit verstandig wees om te dink dat ons anders is as Israel van ouds? Is daar 'n kwaliteit wat ons in onsself besit wat ons in staat stel om anders

as hulle op te tree? Dit is belangrike dinge om in ag te neem in ons strewe om God, en wat Hy weet, te ken.

> Want ek wil hê dat julle moet weet wat 'n groot stryd ek oor julle het, en oor die wat in Laodicéa is en almal wat my aangesig in die vlees nie gesien het nie, (2) dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle **saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig**, om die **verborgenheid** te leer ken **van God en [beide] die Vader en van Christus**, (3) **in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is**. Kolossense 2:1-3

Die apostel Paulus vertel ons onder inspirasie dat die verborgenheid van God, wat by uitbreiding die Vader en Christus insluit, al die skatte van wysheid en kennis bevat.

Ons sou bevestig dat die meeste mense glo dat God al die skatte van wysheid en kennis bevat; maar die punt wat Paulus maak, is dat ons kennis van wie die Vader en die Seun is, en die liefde wat hulle het, die sleutel is tot die volle versekering van die begrip. En aangesien Christus die enigste manier is om die Vader te ken, beteken dit dat wanneer ons die waarheid omtrent die Seun van God ken, ons die sleutel het om die skatte van wysheid en kennis te ken.

Ons onthou dat Jesus nie bloot gesê het dat Hy die waarheid besit nie, maar eerder dat Hy die waarheid is. Deur Hom te ken – soos Hy is – het ons die sleutel om die waarheid omtrent God te ken. Dit sluit die waarheid in omtrent wat God weet, want Jesus is die waarheid omtrent alles.

> Maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God. 1 Korinthiërs 1:24

As Christus die wysheid van God is, dan volg dit dat die enigste manier om hierdie wysheid te verstaan, is deur God se Seun te ken. Daar is 'n verskil tussen kennis oor Hom en om Hom te ken. Die enigste manier om Christus te ken, is om met Sy Gees gevul te word. Jy kan Hom nie ken indien jy nie Sy Gees in jou het nie, want die menslike hart is van nature

in opstand teen Christus en verdraai alles omtrent Hom tot 'n leuen. Slegs deur die oorgawe van die hart – die aanvaarding dat ons boos is en skuldig is aan die dood van die Seun van God, maar tog vergewe is – kan ons Sy Gees ontvang en Hom dan ken. Wanneer die Gees van Christus in ons woon, kan ons saam met Paulus sê:

> Want "Wie kan verstaan wat die Here dink? Wie kan Hom raad gee?" Ons kan hierdie dinge egter verstaan, want ons is ingestel om soos Christus te dink. 1 Korinthiërs 2:16 (NLV)

Hoe wonderlik om die gedagtes van die Here te ken wanneer ons die denke van Christus het! Ons herhaal hierdie belangrike punt, dat ons slegs deur die ware identiteit van die Seun van God te ken en tegelykertyd Jesus – die Seun van die mens – te omhels, kan ons die Gees van Jesus ontvang en weet wie God is en wat Sy gedagtes is. Nou kom ons by die Bybelse definisie van ewige lewe.

> En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. Johannes 17:3

Die ewige lewe is om die enigste ware God te ken, die Vader en Jesus Christus wat die Vader na ons gestuur het. Die enigste manier om die Vader te ken, is deur die Een wat na ons gestuur is. Daarom is die eerste ding wat ons moet erken, om die ewige lewe te kan hê, is om te glo dat die Vader die enigste ware God is en dat God Sy Seun na ons gestuur het.

> Tog is daar vir ons maar **een God, die Vader uit wie alles is**, en ons tot Hom, en **een Here Jesus Christus deur wie alles is**, en ons deur Hom. 1 Korinthiërs 8:6

Hierdie vers wat ons pas gelees het, bied die sleutel[9] tot die skatte van al die wysheid en kennis wat by die Vader en die Seun voorkom

---

[9] Vir meer inligting omtrent hierdie onderwerp van die sleutel om al die skatte van wysheid en kennis te ontsluit, sien die boekie *Goddelike Patroon van die Lewe* wat beskikbaar is op *Vadervanliefde.com*. Vir 'n uitgebreide aanbieding van hierdie beginsels, sien die boek *Escaping the Pentagon of Lies* beskikbaar op *fatheroflove.info.*

(Kolossense 2:2-3). Dit is die Vader wat die bron van alle dinge is, en dit is Sy Seun deur wie ons alles wat die Vader het, ontvang. Indien ons dit nie aanvaar nie, kan ons nie die weg na die Vader vind nie en kan ons nie verstaan wat Sy alwetendheid is nie. Laat ek dit 'n bietjie verder verduidelik, aangesien dit moeilik kan wees om hierdie beginsel te begryp.

> Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. (6) Hy, wat in die gestalte van God was, **het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie**, (7) maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; (8) en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. (9) Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is, Filippense 2:5-9

Jesus het dit nie as roof geag om met God gelyk te wees nie. Die hele Christendom glo dat Christus gelyk is aan die Vader. Die kritieke punt is om te weet *wat* die Seun met die Vader gelyk maak. Kom ons kyk na die beroemde Athanasiese geloofsbelydenis en kyk hoe dit die gelykheid van Vader en Seun en Gees bepaal.

> Want die persoon van die Vader is 'n ander, dié van die Seun is 'n ander, dié van die Heilige Gees is 'n ander. Tog het die Vader en die Seun en die Heilige Gees een Godheid, **gelyke eer en gelyke ewige heerlikheid**. Soos die Vader is, so is ook die Seun en ook die Heilige Gees. **Die Vader is ongeskape, die Seun is ongeskape, die Heilige Gees is ongeskape; onmeetlik is die Vader, onmeetlik is die Seun, onmeetlik is die Heilige Gees; die Vader is ewig, die Seun is ewig, die Heilige Gees is ewig.** Nogtans is daar nie drie ewiges nie maar een Ewige, net soos daar ook nie drie ongeskapenes of drie onmeetlikes is nie maar een Ongeskapene en een Onmeetlike. **Eweneens is die Vader almagtig, die Seun almagtig, die Heilige Gees almagtig**; en tog is daar nie drie almagtiges nie maar een Almagtige. **So ook is die Vader God, die**

> **Seun God, die Heilige Gees God;** en tog is daar nie drie gode nie maar een God. Net so is die Vader Here, die Seun Here, die Heilige Gees Here; en tog is daar nie drie heres nie maar een Here. Want soos ons deur die Christelike waarheid verplig word om elke Persoon afsonderlik God en Here te noem, word ons ook deur die algemene geloof verbied om drie gode of heres te bely. Die Vader is deur niemand gemaak of geskep of gegenereer nie; die Seun is deur die Vader alleen nie gemaak of geskep nie maar gegenereer; die Heilige Gees is deur die Vader en die Seun nie gemaak of geskep of gegenereer nie maar gaan van Hulle uit. So is daar dan een Vader, nie drie vaders nie; een Seun, nie drie seuns nie; een Heilige Gees, nie drie heilige geeste nie. **En in hierdie Drieheid is daar nie eerste of laaste nie, nie meeste of minste nie, maar al drie Persone het gelyke ewigheid en is heeltemal aan mekaar gelyk**, sodat in alle opsigte, soos hierbo gesê is, die Eenheid in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid geëer moet word. Wie dus salig wil word, moet so oor die Drie-eenheid dink. – Uittreksel uit die Athanasiese Geloofsbelydenis. (5de eeu nC)

Hierdie geloofsbelydenis definieer die gelykheid van die Vader en Seun in terme soos hierdie: heerlikheid, majesteit, ongeskape, onbeperk, ewig, almagtig, God, Here. Nie Vader, Seun of Heilige Gees is "daar nie eerste of laaste nie, nie meeste of minste nie" nie, maar eerder almal "het gelyke ewigheid en is heeltemal aan mekaar gelyk."

Gelykheid soos uitgedruk in die Drie-eenheid is gelykheid van mag, posisie, majesteit. Dit is 'n gelykheid van inherente persoonlike eienskappe. Godheid word gedemonstreer deur die afkoms of oorsprong van krag, heerskappy, ewigheid.

In teenstelling hiermee bied die eniggebore Seun van die Bybel 'n ander beeld van gelykheid. Laat ons 'n paar Skrifte wat Sy ware identiteit toon, ondersoek.

> Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese… Hebreërs 1:3

> Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en **waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het**, en hulle het geglo dat U My gestuur het. Johannes 17:8

> Die HERE het my berei as eersteling van sy weg, voor sy werke, van ouds af. (23) **Van ewigheid af is ek geformeer**, van die begin af, van die voortyd van die aarde af. (24**) Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore**; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; Spreuke 8:22-24

> Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. Psalms 2:7

> Betlehem-Efrata, jy is 'n klein dorpie in Juda. Tog sal daar uit jou vir My 'n regeerder kom wat oor Israel sal heers. **Sy oorsprong is uit die verre verlede**. Miga 5:1 (NLV)

Die waarheid van die identiteit van die Seun van God is dat Hy in ewigheid uit die Vader gebore is. Hy is uit die Vader, van ewigheid af, geformeer. Die Seun van God het alles wat Hy besit van Sy Vader ontvang. Hy het alles van Sy Vader geërf. Dit is wat Hom die glans (of afskynsel) van die Vader se heerlikheid maak.[10] Dit is 'n heel ander Seun as die een wat in die Athanasiese Geloofsbelydenis genoem word. Die belydenis verklaar dat Christus verwek is, maar dit gaan verlore in die verklarings van gelykheid deur mag, posisie en ewigheid. Dit word tot 'n onverstaanbare raaisel buite die waarheid van die Skrif gedwing.

Die ware Seun het Sy goddelikheid geërf en daarom is Sy gelykheid aan die Vader gebaseer op die erfenis van Sy Vader en op die Vader se verordening. Dit is nie die Seun se mag wat die Seun gelyk maak nie, maar dit is die Vader se woord wat die Seun gelyk maak.

---

[10] Vir meer inligting omtrent hierdie vraag, sien die boeke *Die Wysheid van God* en *My Beminde* op vadervanliefde.com.

> Maar van die Seun [sê die Vader]: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer; Hebreërs 1:8

Hierdie verskil in gelykheid is die sleutel tot die begrip omtrent die verskil tussen die ware Bybelse alwetendheid en die valse een. Die valse een projekteer die mens se afgodery van kennis tot in die hemel.

Die Seun van God wat ons aanbid, definieer die stelsel wat ons gebruik om waarde (of verdienstes) te evalueer. Ons persepsies van gelykheid openbaar die waardestelsel wat ons het, ten opsigte van wat ons as allerbelangrik ag. Indien die gelykheid van Jesus gebaseer is op majesteit, mag, heerlikheid en ewigheid, dan word jy gedwing om al hierdie eienskappe op die hoogste denkbare vlak te plaas en hierdie as God te bestempel. In hierdie raamwerk is verklarings van God omtrent die waarde van Sy Seun; God wat Sy Seun liefdevol grootmaak; God wat Sy Seun as Goddelik verklaar, omdat Sy eniggebore Seun die enigste een is wat Hom ken - al hierdie dinge word as onvoldoende beskou om die Seun godheid te gee, want dit maak nie vir ons saak wat die kriteria van die Vader is om Christus ten volle goddelik te verklaar nie, ons het ons eie kriteria en ons eis dat Jesus aan daardie kriteria voldoen.

In hierdie Drie-eenheidsraamwerk skep ons 'n waardestelsel van gelykheid wat Hul kennis dwing om absoluut alles te wees om as goddelik beskou te word en dan dwing ons die Skrif om by hierdie paradigma te pas. Uiteindelik definieer ons wat goddelik is, eerder as om God toe te laat om te definieer wat goddelik is. Ons verduideliking van wat goddelikheid is, oorheers Sy verduideliking van wat goddelikheid is – ‘n fout wat baie antieke Griekse filosowe wat tot die Christendom gekom het, begaan het. Daarom is die Drie-eenheid eers eeue na die dood van Jesus vir die eerste keer verwoord.

Dit is onmoontlik om oor hierdie onderwerp uit die duisternis uit te kom sonder goddelike oogsalf. Nadat die gawe van goddelike lig ontvang word, verg dit 'n mate van verwerking om die misleiding, wat Satan gebruik het om die Christelike gemoed met die dogma van die Drie-

eenheid op te sluit, te onderskei. Dit is 'n raamwerk wat die ware identiteit van die Seun van God uitwis, wat dit vir ons gedagtes onmoontlik maak om God se gedagtes te wees en ons weë Sy weë. Daarom sê Johannes:

> Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. 1 Johannes 5:12
>
> Elkeen wat nie die Seun erken nie, het ook nie deel aan die Vader nie. Elkeen wat die Seun egter erken, het ook deel aan die Vader. 1 Johannes 2:23 (NLV)

Die eniggebore Seun is die enigste weg na die Vader: want deur die ware Seunskap van Jesus te aanvaar, het ons die kans om die leuen van gelykheid deur mag en posisie prys te gee en ons weer in die ware gelykheidsverhouding van 'n Vader en 'n Seun te herstel.

Die Drie-eenheid bring die menslike denke tot 'n siening van alwetendheid wat absoluut is en wat 'n hele reeks verskriklike gevolge skep. Die belangrikste daarvan is die oortuiging dat God met sekerheid geweet het dat die mensdom sou val voordat Hy dit geskep het. Nadat ons hierdie aanname aanvaar het, lei logika ons onvermydelik tot die geloof dat God verantwoordelik is vir al die sonde van hierdie wêreld, of dat die ellende en die dood van biljoene Sy wysheid en liefde op een of ander manier openbaar. Is dit verbasend om te besef dat die meerderheid van die wêreld hierdie idee nie aanvaar nie?

Die eniggebore Seun is die enigste manier om die waarheid van die Vader te ken. (Johannes 3:18).

# HOOFSTUK 5:

# VERSORGDE KIND OF MEESTERKUNSTERNAAR

Dit is belangrik om hierdie verskil tussen die gebore Seun en 'God die Seun' te kontrasteer in terme van hoe ons God benader en wat ons van Hom verstaan. 'n Fassinerende plek om te verken, is Spreuke 8.

> Ek, Wysheid, is vertroud met die skranderheid, en ek vind kennis van regte oorleg. (13) Die vrees van die HERE is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat ek. (14) Raad en beleid is myne, ek is die insig, sterkte is myne. (15) Deur my regeer die konings en stel die maghebbers vas wat reg is; (16) deur my heers die vorste en die edeles, al die regters van die aarde. Spreuke 8:12-16

Wie is hierdie persoon wat hier praat? Vroeër in die hoofstuk word wysheid as 'n vrou beskryf.

> Roep die Wysheid nie, en verhef die Verstandigheid nie haar stem nie? (2) Op die top van die hoogtes langs die weg, op die kruispunt van die paaie staan sy, (3) aan die kant van die poorte by die uitgang van die stad, by die ingang van die deure roep sy hardop: Spreuke 8:1-3

Maar later in die hoofstuk word wysheid in die manlike vorm beskryf.

> Toe was ek 'n **kunstenaar** naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd, Spreuke 8:30

Die vertaalde woord *kunstenaar* hierbo, is in die manlike vorm en dui dus op 'n man eerder as 'n vrou. Daar is baie gedebateer omtrent die vraag of daar 'n verbintenis bestaan tussen hierdie figuur genaamd wysheid en Jesus Christus. Diegene wat die verbintenis verwerp, sê wysheid word

bloot verpersoonlik.[11] Diegene wat die konneksie aanvaar[12], haal verwysings soos hierdie aan:

> Maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: **Christus, die krag van God en die wysheid van God**. (30) Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, **wat vir ons geword het wysheid uit God** en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. 1 Korinthiërs 1:24,30

> Dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus, (3) **in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is**. Kolossense 2:2-3

Indien ons toelaat dat die Bybel Sy eie verklaarder is, moet dit dan nie duidelik wees dat daar 'n direkte verbintenis tussen Christus en wysheid is nie? Een van die redes waarom daar 'n huiwering is om hierdie verbintenis te maak, is as gevolg van die verse wat ons in die vorige hoofstuk aangehaal het, met wysheid voorgestel as *gebore* en *opgerig*.

In die artikel wat ek hierbo in voetnota 11 aangehaal het, is een van die argumente om die verbintenis van wysheid met Christus te verwerp, omdat Jehovah Getuies hierdie verse gebruik om te bewys dat die Seun van God 'n geskape wese is. Die skrywer wil die lesers se verbintenis van wysheid met Christus verbreek, omdat die Christendom verwerp dat Christus 'n geskape wese is. Maar behoort ons iets te verwerp as gevolg van wat 'n sekere groep daaruit ekstrapoleer? Die gebore Seun is nie 'n geskape wese nie. Die gebruik van 'n ander groep se siening omtrent 'n teks om 'n persoon aan te moedig om in 'n sekere rigting te beweeg, is baie problematies, maar soos ons in die vorige hoofstuk gesê het, het die Drie-eenheidsraamwerk en sy aannames die krag om die menslike verstand te beperk om in 'n sekere rigting te dink en voor die hand liggende verbintenisse te verwerp.

---

[11] https://www.equip.org/article/who-is-wisdom-in-proverbs-8/

[12] https://www.reformation21.org/articles/does-proverbs-speak-of-jesus.php

Wat dan van die verwysings na wysheid in die vroulike vorm? Is dit ‘n rede om die verbintenis wat gemaak is, te verwep?

> En tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. Openbaring 1:13

Die beskrywing van Christus hier bevat 'n verwysing na *bors*. Die woord in Grieks is *mastos*. Dit is die woord vir 'n vroulike bors. In Afrikaans het ons die woord *mastitis* wat 'n ontsteking van die bors beteken. Waarom word na Jesus verwys met 'n term wat vroulike bors beteken? Dit gee ons verbindings met verse soos hierdie:

> …en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na **die onvervalste melk van die woord**, dat julle daardeur kan opgroei, 1 Petrus 2:2

> In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Johannes 1:1

Ons sien ook dat Jesus van Homself praat deur vroulike eienskappe te gebruik in verse soos hierdie:

> Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net **soos 'n hen haar kuikens** onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Matthéüs 23:37

Dit is dus sinvol om wysheid in die vroulike vorm te beskryf. Christus openbaar duidelik manlike sowel as vroulike eienskappe, want beide manlik en vroulik word na die beeld van God gemaak.

Met hierdie dinge in gedagte, laat ons 'n bietjie dieper delf in die teks wat van 'n kunstenaar praat.

> Toe was ek 'n **kunstenaar** [H525] naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd, Spreuke 8:30

> Ek het **alles by Hom geleer** [H525] wat ek weet, Hy was elke dag bly dat ek daar is, dit was vir my lekker om altyd naby Hom te wees. Spreuke 8:30 (Bybel vir Almal)

Waarom vertaal die Bybel vir Almal hierdie woord as *alles by Hom geleer* eerder as *ʹn kunstenaar*?

Die transliterasie in Hebreeus is *ʹamôn̂* [H525]. Die kernwoord hiervoor is *ʹamân* [H539] wat beteken "om op te bou of te ondersteun; om as ouer of verpleegster te versorg." ʻn Ander soortgelyke woord wat die betekenis van bekwame kunstenaar dra, is *'amân̂* [H542]. Om die woord *ʹamôn̂* dus as argitek of vaardige kunstenaar te vertaal, is 'n geldige vertaling, want dit is ingesluit in die betekenis. Dit is interessant om te sien hoe verskillende weergawes en selfs verskillende tale hierdie woord vertaal het.

| Weergawe | Taal | Betekenis |
|---|---|---|
| Nuwe Lewendige | Engels | Argitek |
| Hersiende | Engels | Meester Vakman |
| Geneva | Engels | Versorger |
| New International | Engels | (Nie vertaal nie) |
| Lutherse Bybel | Duits – Werkmeister | Voorman |
| Staten Vertaling | Nederlands – Voedsterling | Soogkind |
| Sinodale Teks | Russies – художницею | Kunstenaar |
| Biblia Hebraica | Hebreeus Interlinear | Vondeling |
| LXX | Grieks Harmozō | Om aan te sluit, probeer te lok, verloof |
| Brenton | Engelse Vertaling van LXX | Pas my by hom aan |

Ons sien die variasie van betekenis van die meer intieme beginsel om versorg of gevoed te word, tot die klem op die vaardigheid van bekwame werkers. As ons die 1933/53-, Genève- of Nederlandse vertaling neem, sien ons 'n beeld van iemand wat liefdevol deur 'n ouer versorg, gevoed en na omgesien word. Die woord wat in die Biblia Hebraica vertaal word, is *vondeling ("fondling")*, 'n naamwoord, wat nie verwar moet word met die aksie of werkwoord nie, want die woord in Hebreeus is 'n selfstandige naamwoord. Die ou Engelse betekenis van hierdie woord as selfstandige naamwoord is iemand wat baie geliefd is.[13]

Die prentjie wat hier voorgestel word, is die van 'n tere Vader wie Sy kind baie liefhet. Dit gee ook 'n beeld van die grootmaak en opleiding van hierdie kind. Hierdie betekenis vind betrekking in die woorde wat die Vader met Sy Seun tydens Sy doop, gespreek het.

> En kyk, daar kom 'n stem uit die hemel wat sê: Dit is my liewe seun, in wie my behae is. Matthéüs 3:17 – Tyndale (Vry vertaal)
>
> Dit sluit pragtig aan by Spreuke 8:30, waar in die King James-weergawe gesê word dat "ek daagliks sy vreugde was." (Vry vertaal)

In die oneindige wysheid van God gee die Hebreeus die leser die vermoë om die teks te vertaal as 'n meesterkunstenaar of 'n kosbare, gekoesterde kind wat deur sy Vader opgelei word. Wat sien jy? Die keuse wat jy maak, vertel jou iets omtrent die Vader. Is hierdie 'n tere Vader wat na Sy kosbare Seun omsien en Hom verlustig in Sy Seun? Of is dit die roem van Christus dat Hy 'n meesterkunstenaar is deur wie se vaardigheid Hy die Vader behaag het?

Indien ons die opsie van die meesterkunstenaar kies, kan ons die betekenis daarvan verdoesel dat Christus deur Sy Vader geleer en

[13] https://en.wiktionary.org/wiki/fondling

onderrig is. Hierdie woord, in isolasie, spreek bloot van Sy vermoëns en nie van Sy verhouding met die Vader nie.[14]

Aan die einde van hoofstuk 3 het ons die volgende gesê:

> Om deur die Seun na die Vader te kom, is die konteks waarin Jesus die weg, die waarheid en die lewe is. Jesus is die waarheid omtrent die Vader en is daarom die enigste weg na die Vader. Die betekenis van hierdie woorde is baie dieper as bloot die vermoë om tot die Vader te bid. Dit omvat alles wat ons omtrent God kan weet, wat die onderwerp van alwetendheid insluit.

Toe Jesus na hierdie aarde gekom het, het Hy dit wat onsigbaar was, sigbaar gemaak. Dit is 'n belangrike komponent van die werk van Jesus.

> Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping. Kolossense 1:15

Beskou die volgende verse noukeurig in die lig van hierdie feit dat Christus die een is wat die onsigbare sigbaar maak.

> En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom. Lukas 2:40

> En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense. Lukas 2:52

Spreek hierdie verse slegs van die lewe van Christus op aarde, of openbaar dit iets wat van die grondlegging van die wêreld verborge was?

> Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig **die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is**... Romeine 16:25

---

[14] Vir 'n uitbreiding van hierdie kontras, sien die boek *Identiteitsoorlog* wat beskikbaar is op vadervanliefde.com.

Die lewe van Jesus op aarde het die gordyn van die ewigheid teruggetrek en die dinge wat van die verre verlede verberg is, is aan ons geopenbaar. Die kinderjare van Christus op aarde het aan ons die liefdevolle vaderskap van God geopenbaar wat Sy Seun tederlik in die koninkryk van die ewigheid opgelei het. Dit gee baie groter lig aan die volgende stellings van Jesus:

> Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so. (20) Want die Vader het die Seun lief en toon [G1166] Hom alles wat Hy self doen. En groter werke as hierdie sal Hy Hom toon, sodat julle verwonderd kan wees. Johannes 5:19-20

Die Thayer Griekse Woordeboek gee die volgende betekenis vir die woord *toon*:

> 1) om iets te wys, bloot te stel aan die oë
>
> 2) metafories
>
> 2a) om iets te bewys of bewys van iets
>
> 2b) om deur woorde te wys of te leer

Jesus vertel ons duidelik dat Sy Vader Hom alles geleer het. Hierdie gedagte word uitgebrei in Psalms. Het Christus nie Sy dissipels na die Psalms verwys om hulle van Homself te leer nie? (Lukas 24:44).

> Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe. (9) Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande. Psalms 40:8-9

> HERE, maak my u weë bekend; leer my u paaie. (5) Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag. Psalms 25:4-5

> HERE, leer my u weg en lei my op 'n gelyk pad, vanweë my vyande. (12) Gee my nie oor aan die begeerte van my teëstanders

nie, want valse getuies het teen my opgestaan, en hy wat geweld uitblaas. Psalms 27:11-12

Die geliefde Seun van God openbaar aan ons die tere, vaderlike liefde van die Vader wat Sy Seun versorg. Hierdie waarheid herskryf vir ons die betekenis van kennis op 'n totaal nuwe manier. Binne die Drie-eenheid is kennis 'n kenteken van jou inherente waarde; daarom sal dit wat voldoen aan die kriteria, gedwing word om absoluut alles te weet. Die gebore Seun wat alles aan die sy van Sy Vader geleer het, herdefinieer die betekenis van kennis. Dit is duidelik dat die Seun van God eintlik niks geweet het nie en dat die Vader Hom alles geleer het.

Binne die Drie-eenheid is daar geen duidelike beeld van luister, leer en groei binne die godheid nie. Die kern van die terme Vader en Seun spreek tot ons van liefde, leiding en Een na wie ons ons kan wend vir onderrig. Indien die Seun van God wat jy aanbid nie hierdie vermoë in Sy wese het nie, word jy meer aangetrokke tot die idee dat jy dinge moet weet en altyd 'n antwoord moet hê. Dit dui ook daarop dat dit swakheid is om vir leiding te vra, want 'God die Seun' doen dit nie, omdat Hy reeds alles weet. Wanneer ons 'n Seun idealiseer wat nie 'n Vader benodig nie, is dit dan geen wonder dat ons ons verhouding met ons Vader in die hemel so moeilik vind nie?

Ek word uit liefde verplig om op hierdie stadium 'n woordfoto met jou te deel. Terwyl ek oor hierdie dinge nadink, hoor ek die geluid van groot kettings van vermoeienis wat breek en losval. 'n Groot gewig op my rug rol af en ek is vry, vry van die verslaafde aanbidding van kennis wat mense dryf om *alles te weet*, omdat hulle 'God die Seun' aanbid, wie se goddelikheid gedefinieer word deurdat Hy *alles weet* en niks by Sy Vader kan leer nie.

Indien die Seun van God *alles weet*, kan Hy ons nie van die model van 'n student voorsien nie, behalwe vir Sy lewe op aarde. Dit word verduister in die groter prentjie van 'God die Seun' wat alles weet en nooit iets deur iemand geleer is nie.

In die gebore Seun het ons die kosbare werklikheid van 'n getroue student voorgestel, wie deur die beskermende hand van Sy Vader gelei word. Kan jy dalk die stem van vryheid in hierdie woorde hoor?

# HOOFSTUK 6:

# IMMORALITEIT, MORELE WET EN VRYE WIL

Ons begrip van die verhouding van die Seun van God tot die Vader het 'n direkte impak op ons persepsie van kennis en die betekenis daarvan binne die goddelike. Dit beïnvloed weer ons begrip van die voorkennis van God. 'n Ander element wat ook ‘n impak het op ons begrip van God se voorkennis, Sy wil vir ons lewe en ons lot, is die kwessie van onsterflikheid.

Indien ons inherent onsterflik is, is ons verhouding tot God en Sy wet radikaal anders as wanneer ons sterflik is en elke oomblik afhanklik is van God om te lewe en asem te haal. Ek het die implikasies van hierdie vraag breedvoerig ondersoek in hoofstuk 2 van die boek *Lewenskwessies* wat beskikbaar is op *vadervanliefde.com*.

Ek sal probeer om die belangrikse gedagtes wat ek voorheen in *Lewenskwessies* beskryf het, hier op te som en aan jou die kern te gee van hoe ons geloof omtrent die menslike siel ons begrip van gehoorsaamheid aan God en vrye wil, beïnvloed.

> Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; (5) maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Génesis 3:4-5

Satan het die idee van natuurlike onsterflikheid aan die mens voorgelê. Hy het vir ons eerste ouers gesê dat dinge wat onafhanklik is van God se wil, nie tot die dood sou lei nie, maar dat dit in werklikheid tot groter vryheid sou lei. Die woord van God sê vir ons dat dit onwaar is. Laat ons ons net herinner aan die raamwerk omtrent God se verhouding met alle lewende wesens, wat vroeër gedeel is:

> …**Hy** [God] **self [gee] aan almal lewe en asem en alles. (28) want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons**, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag. Handelinge 17:25,28

Die Bybel sê vir ons dat ons in Hom lewe. Elke oomblik gee God aan ons asem. Weereens, met dieselfde tema:

> …een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is. Efésiërs 4:6

Dit sê dat God deur almal en in julle almal is. Ons lewe is intiem met ons Vader verbind. Ons leef elke oomblik diep verbonde aan Hom. Dit is omdat die Bybel leer dat slegs God onsterflik is.

> **Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God**, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen. 1 Timótheüs 1:17

> …[God] wat alleen onsterflikheid besit… 1 Timótheüs 6:16

Hierdie onsterflikheid het Hy aan Sy Seun gegee.

> Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê. Johannes 5:26

Die Bybel sê dat die mens sterflik is, nie onsterflik nie.

> Sou 'n sterfling regverdig wees voor God? Of ‘n man rein wees voor sy Maker? Job 4:17

Daarom soek die mens na dinge wat onsterflik is. Jy soek nie na iets wat jy alreeds besit nie.

> … die wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en *onverganklikheid soek* … Romeine 2:7

Waarom het God dit aan die Seun gegee om lewe in Homself te hê? Johannes vertel ons waarom dit so is:

> Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so. Johannes 5:19

Die Seun kies om niks onafhanklik van Sy Vader te doen nie. Hy het Sy wil vir altyd volkome aan die Vader oorgegee.

> Soos die lewende Vader My gestuur het, en **Ek deur die Vader lewe**, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe. Johannes 6:57

Die Seun van God het altyd gekies om deur die Vader te lewe. Dit is waarom Hy die Amen genoem word. Wat Sy Vader ook al sê, die Seun kies om Amen daarop te sê.

> …**Dít sê die Amen**, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: Openbaring 3:14

Hy word dus gegun om lewe in Homself te hê. Dit is nie 'n willekeurige daad van die Vader nie. Dit is die Vader se grootste begeerte om dit te doen, maar dit kan slegs aan die ontvanklike hart gegee word. Die Vader het al Sy gawes op Sy Seun uitgestort en die Seun was verheug om dit te ontvang. Deur Sy keuse om altyd by Sy Vader te staan, kon die Vader dan toestem dat Sy onsterflike lewe altyd in Christus sou wees.

> [God] **wat alleen onsterflikheid besit** en 'n ontoeganklike lig bewoon, **wat geen mens gesien het of kan sien nie**, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen. 1 Timótheüs 6:16

Die Vader alleen is inherent onsterflik. Hy is die enigste een wat geen mens nog gesien het nie. Die Seun ontvang onsterflikheid in die lieflike eenheid met Sy Vader, daarom besit die Seun daardie selfde onsterflikheid. Die Vader se lewe woon altyd in Hom. Dus, die Vader se lewe is presies net so in die Seun van God, dis nie geleen of afgelei nie.

Dit is so 'n belangrike punt om te begryp. Die Christelike wêreld verkondig dat Christus onsterflikheid uit Homself besit. Onsterflikheid word voorgestel as 'n eienskap wat inherent besit word. Maar die Bybel stel die lewe anders voor.

> Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; **die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe**. Johannes 6:63

> Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. Matthéüs 4:4

Hoe kan die mens van elke woord van God lewe, tensy Christus ons die goddelike voorbeeld gee van hoe ons dit moet doen?

> Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; Johannes 5:30

Dit is waarom Jesus die Woord van God genoem word. Dit is omdat Hy lewe deur elke woord wat Sy Vader tot Hom spreek; Hy maak dit dan so bekend.

> In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Johannes 1:1

Daarteenoor bied die Athanasiese geloofsbelydenis die ewige lewe van Christus aan as onafhanklik van, maar tog op geheimsinnige wyse een met die Vader.

> Die Vader is ongeskape, die Seun is ongeskape, die Heilige Gees is ongeskape; onmeetlik is die Vader, onmeetlik is die Seun, onmeetlik is die Heilige Gees; die Vader is ewig, die Seun is ewig, die Heilige Gees is ewig. Nogtans is daar nie drie ewiges nie maar een Ewige. – Uittreksel uit Athanasiese Geloofsbelydenis.

Die geloofsbelydenis sê nie dat die Seun ewig is vanweë Sy verhouding met die Vader nie. Dit verklaar eenvoudig dat Hy ewig of onsterflik is. Dit maak die ewige lewe van Christus 'n onafhanklike, inherente beginsel wat bewys dat Hy God is, eerder as 'n ewige lewe wat bestaan deur die liefde en geloof wat Hy in Sy Vader het.

Dit is hierdie valse aanbidding van die Seun van God wat die idee bevorder dat die mens ook onsterflikheid in homself besit, want deur iets te aanskou, word jy verander in dieselfde beeld.

Hierdie valse opvattings omtrent onsterflikheid verander dramaties ons persepsie van die wet van God en die doel en betekenis daarvan in ons lewens. Onsterflikheid in onsself beteken dat die krag om ons eie lewe te genereer in onsself is, en nie van God nie. Vir die siel wat verstaan dat hul siel onsterflik is (hetsy direk of deur die aanbidding van 'God die Seun'), spreek die woord van God tot hulle, deur die wet, met die stem van geweld – wat vereis dat hulle dit wat God beveel uit hul eie krag wat in hulle is, doen, onvoorwaardelik en met onderdanig. In hierdie raamwerk sal God se bevele as aanmatigend en verregaande beskou word.

Die siel wat weet dat hulle niks in hulself het nie en wie dus van oomblik tot oomblik leef deur die lewe wat God hulle gee, word deur die wet van God slegs in terme van beloftes aangespreek. Dit is nie 'n beperking op die vrye wil van die mens se inherente lewe nie, maar eerder die belofte van lewe deur die onderwerping van die mens se vrye wil. In hierdie raamwerk word God se bevele vaderlik beskou en verseker dit lewe aan ons.

Daar is 'n baie groot verskil tussen hierdie twee idees. Die leerstelling van die natuurlike onsterflikheid van die siel verander die persepsie van die mens omtrent God se Woord. Dit moet verstaan word as 'n beperking op die mens, wat God dan beloon as iemand gehoorsaam is en straf as hy ongehoorsaam is. Hierdie idee veroorsaak dat die beginsels van gehoorsaamheid en vrye wil in kontras met mekaar staan, wat 'n raaisel of 'n strikvraag skep, iets wat die Christendom sukkel om te verduidelik. Hoe kan die mens 'n vrye wil hê as God Sy wet op die mens afdwing? Hoe kan die mens sy vrye wil uitoefen as God diegene straf wat Sy wet oortree? Kan dit werklik as vrye wil beskou word?

Hierdie konflik word alles veroorsaak as gevolg van die leuen van die onsterflike siel. Die Bybel leer dat God onsterflik is en dat Christus alleen hierdie onsterflikheid in Sy besit het deur Sy volmaakte verhouding tot die Vader. Wanneer jy hierdie waarheid aanvaar, besit jy die sleutel wat hierdie konflik tussen gehoorsaamheid aan die wet van God en vrye wil

ontsluit. Wanneer die leerstelling van die onsterflike siel verwerp word, verander God se wet van 'n opgelegde wet na 'n ontwerpingswet.

Binne hierdie konteks word die tien gebooie 'n profesie van wat ons word wanneer ons God en Sy Seun liefhet. Die gebooie sal op ons harte geskryf word, nie deur ons werke wat voortspruit uit 'n inherente onsterflikheid nie, maar deur die Gees van Christus wat in ons werk om te wil en om te doen na Sy welbehae.

Die rede waarom hierdie vraag so belangrik is, is indien 'n persoon 'n persepsie het dat God Sy wil deur Sy wet afdwing, dan word God se voorkennis outomaties die vyand van die vrye wil. 'n Opgelegde wet stel God as beherend voor. Straf vir 'n opgelegde wet maak God tirannies. 'n Alwetende, imponerende, tiranniese God is 'n ondenkbare nagmerrie.

Hoe reageer die menslike siel op so 'n nagmerrie?

1. Desperate pogings om hierdie tiran te kalmeer en te behaag deur goeie dade; smeek Hom om jou nie te vernietig nie.
2. Aanvaar jou lot, leef 'n leë, bitter lewe en probeer jou aandag aflei van die werklikheid voordat jou straf opgelê word.
3. Word 'n ateïs om jou van hierdie aaklige beeld te bevry en probeer om self die lewe te navigeer.
4. Ontdek die ware identiteit van Jesus en luister na wat Hy eintlik omtrent Sy Vader geleer het en betree die nuwe koninkryk waarvan Hy praat.

Laat ons dit saamvat. Die leerstelling van die onsterflike siel dwing ons om God as oorheersend en willekeurig (arbitrêr) te beskou. Dit was nog altyd die bedoeling van Satan, vandat hy vir Adam en Eva omtrent hulle lewensbron gelieg het. Hy wil God as tirannies voorstel om ons te laat probeer om Hom te bevredig, sodat ons aanbidding op vrees en nie op liefde gebaseer is, of om Hom te vernietig deur op te hou om te glo dat Hy bestaan.

Weereens word ons daaraan herinner dat die waarheid van die identiteit van Jesus, die Seun van God, die enigste manier is om die Vader te ken.

Soos ons in hoofstuk 4 uiteengesit het, is die oortuiging dat Christus uit die Vader verwek is, noodsaaklik om ons opvatting van hoe God kennis beskou, te verander. Tweedens, in die lig van die waarheid dat die onsterflikheid van die Seun in Sy verhouding met die Vader gevind word, kan ons losbreek van die duistere leerstelling van die onsterflike siel en ontdek dat onsterflikheid deur 'n blywende verhouding kom. Ons herhaal die woorde van Jesus.

> Soos die lewende Vader My gestuur het, en **Ek deur die Vader lewe**, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe. Johannes 6:57

Ons kan dieselfde ervaring as Jesus beleef deur in Hom te lewe, net soos Hy lewe in Sy Vader. Onsterflikheid is nie 'n kwessie van inherente krag nie, maar eerder van 'n volmaakte verhouding in liefde.[15]

Kom ons som die twee belangrikste punte op wat die basis van ons bespreking vanaf hierdie punt sal vorm:

1. In die lig van die feit dat God Sy Seun voortgebring, grootgemaak en Hom alles geleer het wat Hy weet, hou absolute kennis op om 'n noodsaaklike komponent van goddelikheid te wees. Die kennis van God is vry om nie meer onafgemeet en onaftelbaar gereken te word deur die mens nie.
2. Die feit dat die Seun van God deur die lewe van Sy Vader leef, beteken dat deur Christus te aanskou, sien ons dat die lewe deur 'n verhouding met die Vader voortkom. Deur te dink dat lewe inherent in ons is, laat ons dink dat ons God nie regtig vir lewe benodig nie. Aangesien Christus op Sy Vader vir lewe vertrou, laat dit ons toe om te aanvaar dat ons ook op God kan vertrou, sonder om gemanipuleerd en oorheersd te voel.

Ons is nou gereed om die verhaal van die begin van ons wêreld, soos in die Skrif geopenbaar, te ondersoek. Voordat ons dit doen, wil ek egter die praktiese effek om God te sien as Een wat Sy wil op ons afdwing, illustreer.

---

[15] Sien die boeke *Lewenskwessies*, beskikbaar op *vadervanliefde.com* en *Escaping the Pentagon of Lies* beskikbaar op *fatheroflove.info* vir 'n uitgebreide aanbieding van hierdie beginsels.

# HOOFSTUK 7:

# DIE PLEK VAN GEBED

'n Jong ateïs het 'n paar jaar gelede in die *New York Times* sy saak aangeroer in 'n artikel met die titel "Gebed is Nutteloos en Nadelig."

> Alhoewel die hoofdoel van gebed mag wees om ander te help, word dit nooit bewysbaar so gedoen nie. Gebede bevoordeel slegs die gelowiges wat dit sê of hoor. Gebed vertroos hulle. Dit laat hulle dink dat hulle 'n mate van beheer het omtrent 'n situasie wat moontlik uit hul hande is. Dit is die laaste uitweg vir mense wat raadop is en die eerste uitweg vir mense wat nooit die moeite gedoen het om na te dink oor hoe hulle die probleem werklik kan oplos nie.
>
> Dit is nie onskadelik nie. Daar is 'n baie ernstige nadeel in gebed. Dit sus gelowiges in 'n valse gevoel van prestasie. Ons kan nie ons probleme – nog minder die wêreld s'n – deur gebed oplos nie. Ons sien gereeld dat mense met goeie bedoelings vir slagoffers bid in die nasleep van 'n tragedie, maar gebed sonder aksie is nutteloos en hierdie aksies maak die gebede irrelevant. Om die groot Robert Green Ingersoll te parafraseer, hande wat help, is baie beter as lippe wat bid.[16] (vry vertaal)

Na hierdie dolksteek, voltooi die skrywer nou sy taak deur die God waarvan hy geleer is, te vernietig.

> Ek het geen probleem met "gebed" as meditasie nie. In teendeel, baie ateïste kan jou die voordeel van stille selfrefleksie vertel. Die

---

[16] https://www.nytimes.com/roomfordebate/2013/06/27/should-atheists-pray/prayer-is-useless-and-has-a-downside

> misleiding vind plaas wanneer jy dink dat iemand anders jou gedagtes hoor en daarop reageer.[17]

Nou onthul die skrywer sy onderliggende raamwerk en die redes waarom hy die idee van ‘n God verwerp het.

> Wanneer dit daarop neerkom, is gebed onlogies, selfs in godsdienstige terme. Indien God 'n plan het, waarom probeer om dit te stuit? Indien God deur gebede beïnvloed kan word, watter soort God sal die gruwels wat ons in die wêreld sien, toelaat?[18]

Hier word die gif van die Christelike leerstelling van alwetendheid geopenbaar. Indien God 'n plan het, waarom probeer om dit te stuit? Dit is 'n baie billike vraag in reaksie op die bewerings van die Christendom. Onthou jy wat baie in die Christendom verkondig omtrent hierdie punt wat ons in hoofstuk 1 ondersoek het?

> God is alwetend (Psalms 139: 1-6), en Hy ken die toekoms (Jesaja 46:10). Hy het dus beslis geweet dat Adam en Eva sou sondig.[19]

Indien jy dit glo, is dit baie moeilik om die tweede redenasie van die skrywer in die *New York Times* te ontduik.

> Indien God deur gebede beïnvloed kan word, watter soort God sal die gruwels wat ons in die wêreld sien, toelaat?[20]

Die skrywer is korrek. Dit is onlogies, dit maak nie sin nie. Indien God 'n plan gehad het, is daar niks wat jy kan doen om dit te verander nie. Indien jy na hierdie vermeende plan kyk, met al die afgryse en dood wat dit bevat, watter soort God sou dit beplan?

---

[17] Ibid

[18] Ibid

[19] https://www.gotquestions.org/if-God-knew-Adam-Eve-sin.html

[20] https://www.nytimes.com/roomfordebate/2013/06/27/should-atheists-pray/prayer-is-useless-and-has-a-downside

Dit mag lyk asof die drie persone van die Drie-eenheid op ‘n manier 'n uitdrukking van die drie godinne van die noodlot is.

> Die Lotgevalle is verpersoonlik as drie baie ou vroue wat die drade van die mens se lot spin. Hulle name was Clotho (Spinner), Lachesis (Toekenner) en Atropos (Onbuigsaam). Clotho het die ‘draad’ van die menslike lot gespin, Lachesis het dit uitgedeel en Atropos het die draad gesny (om sodoende die individu se sterwens-uur te bepaal). Die Romeine het die Parcae, oorspronklik die verpersoonlikings van bevallings, geïdentifiseer met die drie Griekse Lotgevalle. Die Romeinse godinne is Nona, Decuma en Morta genoem.[21]

Die Christelike kerke sou hulle natuurlik van hierdie posisie distansieer in hul pogings om 'n leerstelling van vrye wil[22] te handhaaf, maar dit is nietemin moeilik.

Hierdie persoon betuig op welsprekende wyse die logiese inkonsekwentheid van die probleem van 'n alwetende en almagtige godheid, met gebed.

> Soos 'n toepassing van eenvoudige logika toon, is elke gebed wat God vir enigiets vra, nutteloos. Gaan gebed 'n behoefte onder die aandag van God bring waarvan Hy nie vantevore bewus was nie? Gaan dit Hom oortuig om iets te doen wat Hy nie reeds sou doen nie? Met 'n alwetende godheid is albei hierdie dinge onmoontlik. Inteendeel, indien God alwetend is, ken Hy reeds almal se begeertes sonder dat dit nodig is om vir Hom gesê te word. So ook, lank voordat enige gelowige ooit vir Hom begin bid om 'n sekere aksie te onderneem, sal Sy oneindige verstand alle moontlike redes vir of teen die aksie tabelleer, die gevolge daarvan beoordeel om dit te doen teenoor om dit nie te doen nie en al die ontelbare gevolge verminder van elke besluit en uiteindelik besluit oor die

---

[21] https://www.britannica.com/topic/Fate-Greek-and-Roman-mythology

[22] https://www.newadvent.org/cathen/06259a.htm#anc

uitspraak wat Hy weet Sy doelwitte die beste sal bereik. Hoop teïste, wat glo dat hulle ondenkbaar klein en onbeduidend is in vergelyking met die Almagtige, om dan Sy besluit te verander? Hoop hulle om hierdie goddelike berekening met 'n enkele smeking te beweeg? 'n Gebed vir God om iets te doen wat Hy reeds gaan doen, is onnodig; 'n gebed vir God om iets te doen wat Hy nie reeds sou doen nie, is tevergeefs.

Die enigste manier waarop hierdie soort gebed kan werk, sou wees indien God besluit het dat Hy 'n sekere ding sou doen slegs indien 'n voldoende aantal mense vir Hom bid. Maar wat sê dit omtrent Sy karakter? Sê dit baie van God dat Hy die noodsaaklikheid van aksie sou insien en weet dat dit goeie resultate sou hê indien Hy dit sou doen, maar tog nie optree tensy Hy nie daartoe gevra word nie? 'n Goeie, sedelike persoon wat die behoefte van 'n ander insien, het nie nodig om gevra te word om te help nie.

Verder, indien die leerstellings van die meeste godsdienste waar is, sal God nooit 'n gebed beantwoord wat 'n ander mens beïnvloed of affekteer nie - soos die gebede wat deur teïste gebid word dat God ateïste, soos ek, tot bekering sal bring. Indien God ons met vrye wil geskape het, omdat Hy wil hê dat ons self keuses moet maak, indien Hom dan ingryp, om die vrye keuse van 'n persoon te oorskry en die gang van hul lewe te verander deur 'n spesifieke handeling of geestestoestand af te dwing, sal dit 'n oortreding van Sy eie plan wees. Omgekeerd, in 'n heelal waar daar uitverkiesing is, sal God in elk geval reeds die lewe van elke mens vooruit beplan het, dus weereens sal pogings om die verloop van die gebeure deur gebed te verander, tevergeefs wees.

En ten slotte, is dit nie op 'n manier arrogant vir 'n teïs om God te vra om aksie te neem nie? Is dit nie 'n bewering dat hulle beter as Hy weet hoe dinge moet wees nie? Indien God immers alwetend en almagtig is, kan niks gebeur indien Hy nie wil hê dat dit moet gebeur nie. Niks kan teen Sy wil gebeur nie. Daarom, wat ook al 'n teïs deur gebed wil verander, moet God se wil wees, en deur dit te

> probeer verander, sê hulle in wese dat wat God reeds gedoen het, nie goed genoeg is nie, of eenvoudig verkeerd is.[23] (Vry vertaal)

Hierdie tipe argumente wat deur mense soos Richard Dawkins en Christopher Hitchens[24] bepleit word, word eenvoudig aanvaar deur Generasie Z, die nuutste geslag wat nou in hul tienerjare is. Binne die huidige tienerbevolking is die neiging tot ateïsme tweekeer dié van die vorige geslag.[25]

Ek het vir byna 30 jaar as predikant gewerk en gereeld van mense die vraag teëgekom. “Waarom gebed? God weet reeds alles en het alles bepaal.” Dit is die vrug van die geloof dat God Sy alwetende wil op Sy skepsels afdwing. Die Bybel vertel ons iets anders.

> Want die **liefde van Christus dring ons**, (15) omdat ons van oordeel is, dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het. 2 Korinthiërs 5:14,15a

Liefde dring 'n mens van binne af. Dit is 'n vrywillige aksie wat geen bedreiging, geweld of straf vereis nie. Jesus het tot Sy Vader gebid, omdat Hy Hom liefgehad het. Om doodeenvoudig by Hom te wees, het Hom groot vreugde verskaf.

Die voorbeeld van gebed wat die Seun van God aan ons gegee het terwyl Hy op aarde was, is 'n natuurlike uitbreiding van die ware verhouding wat Hy van die begin af met God gehandhaaf het. Soos ons in hoofstuk 5 ontdek het, het die Vader die Seun van God liefgehad, die Seun is gekoester, opgelei en geseën deur Sy Vader. Aan Hom is gegun om lewe van Sy Vader te ontvang. Dit is die konteks van gebed wat sin maak.

Die voorstelling van Christus, as ‘n selfvoorsienende, almagtige, alwetende godheid, laat gebed soos 'n klug lyk. Daar kan aangevoer

---

[23] https://www.patheos.com/blogs/daylightatheism/essays/nothing-fails-like-prayer/

[24] https://en.wikipedia.org/wiki/New_Atheism

[25] https://www.impact360institute.org/articles/atheism-rise-generation-z/

word dat Hy bloot iets aan ons demonstreer ten behoewe van ons vermeende voordeel, maar hierdie voordeel gaan verlore wanneer ons aanvaar dat Hy dit nie self nodig het nie.

> En Hy het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid en die nag in die gebed tot God deurgebring. Lukas 6:12

Een van die wonderlikste dinge wat ons in die lewe van Christus op aarde sien, is 'n openbaring van watter verband die Seun van God altyd met Sy Vader handhaaf.

1. Sy gevoel van afhanklikheid van die Vader. Johannes 5:19
2. Sy behoefte aan Sy Vader se seën en liefde. Matthéüs 3:17
3. Sy aanbidding van Sy Vader. Johannes 4:22; Johannes 20:17
4. Sy dankbaarheid teenoor Sy Vader. Johannes 11:41

Hierdie beeld van Christus se verbintenis met Sy Vader word aansienlik uitgebrei toe Jesus vir Sy dissipels gesê het dat baie van die Psalms 'n openbaring van Hom en Sy interaksies met Sy Vader is.

> En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Lukas 24:44

Ons sien hierdie beginsel op plekke soos hierdie.

> My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp, van die woorde van my gebrul? Psalms 22:2

> En omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? Matthéüs 27:46

Luister na die gebore Seun wat Homself in gebed in die res van hierdie Psalm uitdruk:

> Wees nie ver van my af nie, want die nood is naby, want daar is geen helper nie. (13) Baie stiere het my omsingel, sterktes van Basan het my omring. (14) Hulle het hul mond teen my oopgespalk

> soos 'n leeu wat verskeur en brul. (15) Ek is uitgestort soos water, al my beendere raak los; my hart het soos was geword; dit het gesmelt binne-in my ingewande. (16) My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood. (17) Want honde het my omsingel; 'n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe. (18) Al my beendere kan ek tel; hulle kyk, hulle sien met welgevalle op my neer! (19) Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad. (20) Maar U, HERE, wees nie ver nie; my Sterkte, maak tog gou om my te help! (21) Red my siel van die swaard, my enigste uit die mag van die hond. (22) Verlos my uit die bek van die leeu, en uit die horings van die buffels het U my verhoor! (23) Ek wil u Naam aan my broers vertel, in die vergadering U prys. (24) Julle wat die HERE vrees, prys Hom! Al die nakomelinge van Jakob, vereer Hom! Ja, vrees Hom, al die nakomelinge van Israel! Psalms 22:12-24

Hoe kosbaar om die innerlike dialoog van die Seun van God met Sy Vader te kon aanskou. Die dieper waarheid is dat die ervaring wat hierbo in die Psalm beskryf is, net so werklik was vir die Seun van God in die dae van Dawid as in die tyd toe Hy hier op aarde was. Hoe so?

> **In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos**; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd. Jesaja 63:9

> En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. Matthéüs 25:40

> En hulle het nagespeur op watter of hoedanige **tyd die Gees van Christus wat in hulle was**, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna. 1 Petrus 1:11

Die pragtige Seun wat deur Sy geliefde Vader versorg, grootgemaak en opgelei is, reik altyd uit na Hom, in alle situasies, goed en sleg. Geklee in menslikheid, tydens Sy wandel in hierdie verduisterde wêreld, reik Hy voortdurend uit na Sy Vader en vra Sy seën, Sy verheffing en Sy hulp. Hy doen dit omdat die Vader die bron van alle dinge is. (1 Korinthiërs 8:6). Dit is hierdie gees van voorbidding en afhanklikheid van die Seun van God wat die heelal in stand hou. (Kolossense 1:17).

> En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Galásiërs 4:6

Abba is 'n term van liefkosing; dit is vir ons soos om "pappa" te sê. As God alleen onsterflik is, dan moet die Seun van God die heerskappy op Sy skouers hê deur Sy voortdurende uitreiking na die Vader en afhanklikheid van Hom vir lewe, asem en alle dinge. Hierdie voortdurende uitreiking en gevoel van nabyheid aan Sy Vader gee Jesus aan elke geskape wese. Die skepping ken sy God deur Christus.

Soos ons in die volgende hoofstuk sal uitbrei, wou Satan onafhanklik van die Seun van God se voortdurende gees van afhanklikheid lewe. Hy het begeer om onafhanklik te wees. Hy wou Sy eie God wees. Adam het in die begin Satan se beginsels aangeneem en die mensdom op die pad van sonde geplaas deur die leuen te glo – "julle sal gewis nie sterwe nie." Dit het veroorsaak dat die natuurlike mens God as 'n vyand beskou het (Romeine 8:7); dit lei tot die volgende probleem:

> Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Romeine 3:11 (NLV)

Christus is die wysheid van God, want Hy is die enigste een wie voortdurend die Vader opsoek, Hom innig liefhet en begeer om by Hom te wees. Wanneer ons Christus verwerp, dan hou ons op om na God te soek, want Christus is die enigste een wie Hom soek en die enigste een wie Hom ken.

Dit is die slotsom: Gebed word 'n teenstrydigheid as gevolg van die lens van die alwetende, almagtige 'God die Seun' wie se gelykheid bepaal

word deur Sy mede-gelyke kennis en mag. Gebed vind sy harmonie en logika deur die lens van die gebore Seun, wie tederlik deur Sy Vader grootgemaak is en toegeneem het in wysheid en grootte en in genade by Sy Vader.

# HOOFSTUK 8:

# WAARLIK VRY

Die opsomming tot dusver: Wanneer jy die ware identiteit van die Seun van God ken, betree jy 'n terrein van begrip waar jy van alles wat gekonnekteer is met geweld, beheer of swaar laste, bevry is. Jesus het vir ons gesê:

> En die dienskneg bly nie vir altyd in die huis nie; die seun bly vir altyd. (36) **As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees**. Johannes 8:35-36

> Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. **Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê**. Johannes 10:10

Die waarheid van die Seun van God is dat Sy Vader Hom voortgebring het, Hy het Hom alles geleer en alles gegee. Die Seun van God dien Sy Vader uit Sy eie vrye wil, nie as 'n slaaf nie, maar as Sy Seun.

> En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! (7) Daarom **is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus**. Galásiërs 4:6-7

Die Griekse woord *vrymaak* in "as die Seun julle dan *vrygemaak* het" (Johannes 8:36) beteken:

> G1658 onbeperk (om vrylik te gaan); dit wil sê as burger, nie as 'n slaaf nie (hetsy vrygebore of vrygestel), of (in die algemeen) vrygestel (van verpligting of aanspreeklikheid): - vry (man, vrou), in vryheid.

Die Seun van God is heeltemal onbeperk, nie omdat Hy 'n inherente alwetende, almagtige status het nie. Hy is onbeperk en vry, omdat die

Vader *Agape*[26] is; die Vader gee vrylik sonder vereiste, sonder geweld en sonder beheer.

Dit is die rede waarom die Seun van God kan sê:

> Niemand het ooit God gesien nie; **die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is**, dié het Hom verklaar. Johannes 1:18

Die Seun van God het nie nodig om Sy denkvermoë en mag aan die van Sy Vader te meet nie, want die Vader is die een wat al hierdie dinge vryelik aan Hom gegee het. Ongelukkig glo baie onbewustelik dat die gelykheid wat Jesus nie as roof geag het nie (Fil.2:6), die gelykheid van mag, verstand en ewigheid is. Wat die meeste mense nie besef nie, is die stelsel waarmee ons die Seun van God meet, word eintlik groter as die Persoon self.

Dit is die rede waarom baie min hoofstroom Christene werklik glo dat Jesus die ware Seun van God is. Die Christendom glo selfs dat Christus selfs nou besig is om verwek te word of dat Hy reeds verwek is, maar glad nie in die ewigheid nie. Dit vernietig die waarheid dat Christus werklik uit die Vader gebore is.

Die identiteit van die gebore Seun word gevind in die naam - Seun. Hy is die Seun van die Vader in waarheid en liefde. Sy waarde as individu is nie gebaseer op enige eksterne faktor nie. Dit is nie gebaseer op mag, verstand of een of ander inherente kwaliteit nie. Dit is 'n waarde wat aan Hom toegeken was toe Hy in die ewigheid gebore is en wat nooit weggeneem kan word nie.

> Kindskinders is 'n kroon vir grysaards, en **vir die kinders is hulle vader 'n eer**. Spreuke 17:6

Jesus openbaar soos volg aan ons waar ons waarde vandaan kom:

> Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. (7) **Maar selfs die hare van julle**

[26] Griekse woord vir welwillende liefde

> **hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies**. Lukas 12:6-7

Ons waarde as kinders van God word nie in ons vermoëns gevind nie; dit word gevind in die gedagtes wat ons Vader teenoor ons dink. Ons waarde kom van die Vader en nie van onsself nie. Dit geld eerstens vir Christus, en ons wat in Hom glo, is almal in Sy gevolg.

> Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; Romeine 8:29

Luister na die woord van God en kyk waar ons kan staan om heerlikheid en waarde te kan vind.

> So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; (24) maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE. Jeremia 9:23-24

Dit is hoe Christus leef. Hy leef volgens die woord van Sy Vader. Hy roem in Sy Vader en vind Sy waarde in Sy Vader en nie in Homself nie. Dit is die rots waarop die Kerk van God gebou is. Dit is die waarheid dat Jesus die Seun van die lewende God is. Christus is God, nie deur krag of deur geweld nie, maar deur die Gees van Sy Vader.[27]

Moenie ‘n fout maak nie: die Seun van God besit al die krag van Sy Vader en is alles geleer wat Hy weet. Maar nie een van hierdie dinge definieer die waarde van die Seun van God nie, en dit kan ook nie gebruik word om die gelykheid van die Seun aan die Vader te bewys nie. Om sulke vergelykings te tref, lei tot slawerny. Jy kan nie werklik rus in die boesem van die een met wie jy jouself vergelyk in krag en intellek nie.

---

[27] Vir meer hieroor sien die boek *Identiteitsoorlog* op vadervanliefde.com.

Dit is die mooiste van die aanbidding van die Seun van God. Deur Hom te aanskou, kan jy bevry word van die behoefte om jouself te bewys deur jou intellek, krag en watter ander eienskappe jy ook mag besit.

Die ware Seun van God maak jou heeltemal vry om jouself nie meer met iets anders in God se skepping te vergelyk of mee te ding nie. Dit bevry ons van ons trots. Dit keer dat ons die behoefte het om "soos God [te] wees". (Génesis 3:5). Dit is alles so, omdat dit so vir die Seun van God is. Sy waarde is slegs in Sy Vader, nie in Homself nie.

Al hierdie vryheid word ons gebied deur die Gees wat in Christus Jesus is. Wanneer jy Hom ken en Hom liefhet, sal jy dieselfde vryheid ervaar wat Hy ervaar.

> Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. 1 Johannes 5:12

Die ware identiteit van die Seun van God onthul dat die enigste ware God Sy Seun absolute vryheid gegee het, sonder beperking en vrees. Hy het Hom nie 'n wetlike kode opgelê wat Hy moes handhaaf nie, maar Hy het eerder op die hart van Sy Seun Sy karakter van liefde, vryheid en vreugde – die wet van die lewe – geskryf.

Dit is so moeilik vir die menslike hart om hierdie punt te begryp. Dit is 'n nou poort en smal weg wat min in hierdie wêreld sal vind. Tog is dit so eenvoudig om te verstaan. Jy word uitgenooi na die skuilplek plek van die Allerhoogste; jy word verwelkom in die boesem van die Vader. Laat die Gees van die Seun van God jou vul en bevry van vergelyking, vrees, woede en depressie wat spruit uit die inherente waarde in jouself. Kom uit die beperkende hok wat Satan geskep het en wandel in die lig.

# HOOFSTUK 9:

# LUCIFER SE HOK

Die Bybel is baie duidelik omtrent wie alles gemaak het.

> Alle dinge het deur Hom [Jesus] ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. Johannes 1:3

Die Seun, wat deur Sy Vader grootgemaak is en alles gegee is, insluitend volledige vryheid om besluite te neem, het al die nodige bestanddele gehad om die heelal te skape. Die bestanddele van dankbaarheid teenoor die Vader, die gevoel van voortdurende afhanklikheid van die Vader en die vreugde en vryheid wat in die Seun was, was die volmaakte kombinasie om daarna die heelal te kon skape.

Lucifer, die ligdraer, was die eerste geskape wese van die Vader en die Seun. Hy was net na Christus in rangorde. Al die liefde, vreugde, seën en vryheid wat die Vader aan Sy Seun gegee het, is op dieselfde manier aan Lucifer gegee. Die Seun van God kon niks anders skape as wat aan Hom getoon was en Hyself beleef het nie. Lucifer was 'n pragtige, majestueuse wese. Soos die Vader alles aan Christus gegee het, het die Seun alles wat Hy kon aan 'n geskape wese gegee. Die ganse hemel was daar vir Lucifer om te geniet.

> Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. (15) Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. Eségiël 28:14-15

Dit alles het op een eenvoudige voorwaarde berus. Onthou dat jy deur Sy eniggebore Seun 'n seun van die Allerhoogste is. Hy het bloot nodig gehad om hierdie woorde in Sy hart geskryf te hê.

> Tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom. 1 Korinthiërs 8:6

As Lucifer dit onthou het, dan sou hy die afskynsel van die Seun se heerlikheid gewees het, net soos die Seun van God die afskynsel van die Vader se heerlikheid is. (Hebreërs 1:3).

Die Vader het alles moontlik gemaak om die heelal in die rigting van lig en waarheid te lei. Die risiko van die Vader om Sy Seun volkome vryheid te gee om sonder beperking te kies, was suksesvol. Die Seun het vas besluit:

> Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande. Psalms 40:9

Lucifer was met die liefde van die Seun van God oorlaai. Die gemeenskap wat die Vader met Sy Seun gedeel het, is uitgebrei na Lucifer. Lucifer kon aan die begin sê:

> …en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. 1 Johannes 1:3

Ten spyte van al die voordele wat Lucifer gebied het, lees ons:

> Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Eségiël 28:17a

Alles wat die Seun van God aan Lucifer gegee het, het hy as sy eie beskou. Hy het begin kyk na sy eie glans, sy prag en praal, asof dit uit homself gekom het. Die enigste manier waarop hy hom kon toelaat om te glo dat hierdie dinge uit homself gekom het, was om die seunskap wat hy aan die Seun van God het, te verwerp.

Lucifer het stadigaan die engel geword wat geroem het in sy wysheid en sterkte, eerder as om roem te vind deur sy Vader te verstaan en te ken en in die boesem van die Seun van God te rus, terwyl Hy by Sy Vader rus.

Die vervreemding van Lucifer was so verskriklik dat hy die moord op die Seun van God beplan het.

> Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. **Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie**. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan. Johannes 8:44

Die oorgang van Lucifer na Satan word weergegee in die verhaal van Kain en Abel. Kain was uit die bose (1 Johannes 3:12), wat beteken dat hy die beginsels van Satan teenoor sy broer Abel gedemonstreer het. Nadat Kain sy broer vermoor het, bevind hy hom in 'n hok van emosionele onrus.

> As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; 'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde. Génesis 4:12

Satan het 'n vlugteling geword wat skuil in leuens. Die Hebreeuse woord vir *vlugteling* dra die betekenis van iemand wat slinger en wankel. Waarom sou dit met hom gebeur? In die woorde van die eerste koning van Babilon het ons 'n weerklank van die gemoed van Satan.

> Die koning [het] aangehef en gesê: Is dit nie groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie? Daniël 4:30

Satan het die keuse gemaak om sy seunskap aan God prys te gee vir wat hy gevoel het 'n baie beter ooreenkoms was. Hy het gekies om te ignoreer dat alles wat syne is, aan hom gegee is. Hy het aanvanklik probeer om die Seun van God te vervang. Uiteindelik het dit daartoe gelei dat hy die posisie van God self begeer het.

> Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Jesaja 14:14

Lucifer, nou Satan, het agtergekom dat hy, deur sy identiteit as 'n seun van God te verruil, nou deur depressiewe gevoelens, wat hom laat slinger en wankel het, deurweek is.

Voor hierdie oorgang van liefde vir die Seun van God na liefde vir homself, indien iemand vir Lucifer sou vra wie hy is, kon hy antwoord:

"Ek is 'n seun van God deur Christus, die eniggebore Seun." Nadat hy hom daartoe verbind het om alle lof en eer vir homself te neem, kon hy hierdie vraag nie so maklik beantwoord nie. Hy kon slegs wys na die dinge wat hom aanvanklik versoek het om die Een wat hom geseën het, te vergeet.

Hy het na sy prag en praal, sy glans en wysheid as die basis van sy waarde gewys. Dit het die fondasie van sy eie hok gevorm. Hy kon nooit werklik ontsnap van die gevoel dat hy nie goed genoeg was nie. Dit was 'n voortdurende dryfveer om homself te bewys en sy vaardighede te toon, om die stem van die Gees van God te verdoof wat hom terugroep na sy ware identiteit. In hierdie lirieke word die hart van Satan in sy eie gevangenis weerspieël.

Spandeer al jou tyd deur te wag vir daardie tweede kans
Vir 'n kans om dit reg te stel
Daar is altyd een of ander rede om nie goed genoeg te voel nie
En uiteindelik is dit bitter moeilik.
Ek het 'n bietjie afleiding nodig. O, wonderlike bevryding
Herinneringe spoel uit my are uit,
Dit laat my leeg. O, en gewigloos en miskien
sal ek vanaand bietjie vrede vind.

So moeg, en oral waar jy draai
is daar aasvoëls en diewe agter jou
Die storm draai steeds, jy hou aan om op leuens te bou
sodat jy alles wat jy kortkom probeer regstel
Dit maak geen verskil nie, as 'n laaste ontsnapping
is dit makliker om in hierdie lieflike waansin te glo
O, hierdie fantastiese droefgeestigheid wat my op my knieë bring. [28]

In sy slinkse pogings om die mensdom te ondermyn en te vernietig, het Satan 'n netwerk van leuens bedink deur die terme Vader, Seun en

---

[28] Sarah McLachlan, *Angel* van die album *City of Angels*, November 1998

Heilige Gees te gebruik om die mensdom in dieselfde hok waarin hy leef, vas te trek. Nadat hy die mens met sy gees gevul het, het hy hulle aangespoor om hulle voor te stel dat Christus nie gedink het dat dit roof is om met God gelyk te wees nie vanweë Sy inherente krag, roem en wysheid. Tog is dit presies wat hy gedoen het met die leerstelling van die Seun van God. Die waardestelsel wat deur Lucifer ontwikkel is om waarde uit jou eie inherente eienskappe te vind, het hy op God geprojekteer deur die leerstelling van die Drie-eenheid. Die waardestelsel wat hierdie leerstelling bevat, bevat presies dieselfde materiaal as die hok waarin Satan gehou word.

Net soos die apostel Johannes, verbaas ek my met uitermate verwondering oor hierdie stelsel wat Satan ontwikkel het om mense na homself te trek. Indien die Drie-eenheid verhef word, kan Satan vol vertroue wees dat hy feitlik almal tot homself kan aantrek. Hierdie leerstelling, gekombineer met die leerstelling van die onsterflikheid van die siel, het vorm gegee aan 'n groot deel van die meesterstuk van misleiding wat Satan ontwikkel het om te verseker dat die hele wêreld in sy hande is.

Lucifer se strategie om te veroorsaak dat die mensdom hul fokus verskuif van hul ware erfenis van God na die valse mag wat in hulle is, word blootgelê terwyl hy Christus versoek het.

> En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. Matthéüs 4:3

Satan wou hê dat Christus sy identiteit moet verdedig deur 'n bewys van wonderbaarlike krag. Die tydsberekening van hierdie versoeking is deurslaggewend, want die vorige opgetekende woorde wat aan Jesus gegee is, was 40 dae tevore van Sy Vader.

> En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Matthéüs 3:17

Indien Christus in hierdie versoeking sou val om Sy Seunskap te demonstreer deur middel van 'n magsvertoning, sou dit 'n twyfel

openbaar omtrent wat Sy Vader reeds vir Hom gesê het. Dit is die vryheid wat gevind word deur die Woord van die Vader te aanvaar. Jy het nie nodig om enigiets te bewys aan diegene wat jou uitdaag nie. Jy berus in die Vader se Woord omtrent jou. Hy is die een wat jou identiteit definieer eerder as dat jy dit vir jouself definieer. Dit is die kern van die identiteitsoorlog.

Die pragtige Seun van God onthul hoe om hierdie uitdagings die hoof te bied:

> Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. Matthéüs 4:4

Jesus wen die identiteitsoorlog deur afhanklik te wees van die Woord van Sy Vader. Hy het nie nodig om na binne Homself te reik om te bewys wie Hy is nie. Satan, aan die ander kant, moet voortdurend bewys wie hy is deur wat hy doen en wat hy beweer dat hy besit. Hy het sy identiteit as 'n seun van God vir ‘n identiteit deur persoonlike wysheid, heerlikheid en sterkte verruil. Maar die oorgang het hartseer, leegheid, onsekerheid, geweld en woede meegebring.

> Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig… Eségiël 28:16

> En **die draak was vertoornd** op die vrou, en hy het **weggegaan om oorlog te voer** teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou. Openbaring 12:17

Dit is vanuit hierdie hok dat die waardestelsel, wat vervat is in die leerstellings van alwetendheid, almag en ewige bestaan, saamgestel is, om Satan toe te laat om sy eienskappe op God te projekteer. Satan het wel gesê dat hy sy troon sou verhef, en met hierdie leerstellings, wat deur die waardestelsel-lens van inherente krag besmet is, bereik Satan sy doelwitte.

Dit is deur die Drie-eenheidsleerstelling dat die Christelike wêreld verenig is met die konings van die aarde en een doel met die dier sal hê en die draak sal aanbid.

> En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? (8) En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, *almal* wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. Openbaring 13:4,8

Die boek van die lewe kan slegs die name van diegene bevat wat die gebore Seun van God aanbid.

> Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. 1 Johannes 5:12

Die aanbidding van die Seun van God is die aanbidding van die Wese wat vir Sy identiteit heeltemal in die Vader se liefde rus. Dit is die ewige lewe. Dit is waarom Christus die weg, die waarheid en die lewe van die Vader is. Omgekeerd is die aanbidding van 'God die Seun' 'n aanbidding van iemand wat gedefinieer word deur inherente krag, wysheid en mag, wat alleen aan homself toegeskryf word. Dit is die aanbidding van die draak en die dier wat hy beheer.

Indien jy hierdie beginsels tot dusver onderskei het, is ons gereed om die terrein van Goddelike risiko en ware Agape-liefde te ondersoek.

# HOOFSTUK 10:

# DIE SAADBEGINSEL

> En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen **jou saad** en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt. Génesis 3:15

> Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus. Galásiërs 3:16

Die Bybel identifiseer twee sade, volledig ontwikkel en gereed om 'n oes te produseer. Beide die Seun van God en Satan het 'n saad. Die saad van die Seun van God is gewortel in hierdie woorde:

> Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande. (10) Ek het 'n blye boodskap van geregtigheid in die groot vergadering verkondig; kyk, my lippe bedwing ek nie. HERE, U weet dit. (11) U geregtigheid bedek ek nie binne-in my hart nie; van u trou en u heil spreek ek; u goedertierenheid en u trou verberg ek nie vir die groot vergadering nie. Psalms 40:9-11

> Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. Matthéüs 4:4

Die saad van Satan is die teenoorgestelde hiervan. Sy saad verag die wet van God en wil sy eie geregtigheid verkondig soos hy dit gedefinieer het. Die saad van Satan poog om van brood alleen te lewe sonder God se woord. Hierdie saad van wetteloosheid manifesteer op hierdie manier.

> Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; (8) en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem

> van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak. 2 Thessalonicense 2:7-8

> Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. Johannes 8:44

Lucifer volg die pad van totale geheimenis met al sy planne. Ten spyte van al sy kennis blyk dit dat hy nie besef het dat God en Sy Seun sy gedagtes kan lees nie. Die Skrif vertel ons van God se vermoë om die oorlegginge en gedagtes van die hart te lees.

> Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnyende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Hebreërs 4:12

Die term *woord van God* is natuurlik ook 'n verwysing na Christus. Terwyl Hy op aarde was, het Hy hierdie vermoë om die harte van mense te lees, getoon.

> Maar Jesus het hulle redeneringe gemerk, en Hy antwoord en sê vir hulle: Wat redeneer julle in jul harte? Lukas 5:22

In die Psalms word ons ook vertel:

> U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte. Psalms 139:2

Die Vader en Sy Seun het die gedagtes van Lucifer gelees. Hulle was ten volle vertroud met sy idees. In die Gees het hulle elke gesprek wat Lucifer met die engele gehad het, gehoor. Hulle het die twyfel wat hy in die engele se gedagtes geplaas het, aanskou. Met hartseer het hulle die gevoelens wat Lucifer ontwikkel het en sy begeerte om die Seun van God te vermoor, aanskou.

Al hierdie dinge was vir die engele verborge. Hulle het nie geweet wat Satan dink nie. Indien die Vader en Seun vir Lucifer gekonfronteer het voordat die engele kon besef dat daar 'n probleem was, kon Lucifer simpatie by die engele skep en sy plan om God voor te stel as veroordelend en beheersend, makliker ontwikkel.

Ons het vroeër opgemerk dat die Gees van vryheid uit die Seun van God voortvloei. Dit het geen beperking nie. (Johannes 8:32,36). Dit word slegs deur liefde gedring. (2 Korinthiërs 5:14). Lucifer was in staat om binne hierdie raamwerk heeltemal onbeperk te leef. Dit is duidelik vir ons, omdat die gees van vryheid in Christus in werklikheid 'n wet is.

> Maar hy wat diep insien in die volmaakte **wet van die vryheid** en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen. Jakobus 1:25

Die woord *vryheid* hier in die Grieks is van dieselfde stamwoord as die woord wat Johannes gebruik het om *vry* in Johannes 8:36 te beskryf. Weereens, dieselfde woord word hier deur Paulus gebruik.

> Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my **vrygemaak** [G1659] van die wet van die sonde en die dood. Romeine 8:2

Die Seun van God het Lucifer alles vryelik gegee. Lucifer het gelewe deur die lewe wat in die Seun van God was. Christus het hierdie lewe met hom gedeel. Lucifer kon nie lewe sonder die Seun van God hê nie. Johannes noem Jesus die Woord van die Lewe (1 Johannes 1:1) en weer, soos ons reeds ondersoek het, het die wat die Seun het, die lewe. (1 Johannes 5:12).

Lucifer het alles wat hy gehad het aan die Seun van God te danke. Die leuen van die onsterflike siel kan die lesers van die Bybel verblind vir die waarheid dat Lucifer elke oomblik asemhaal, omdat die Seun van God dit vryelik aan hom gegee het.

> Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. (25) Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, **omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee**. Handelinge 17:24-25

Die lewe en asem wat God aan alle dinge gee, is nie 'n eenmalige gawe nie, want soos Paulus voortgaan:

> **Want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons**, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag. Handelinge 17:28

Kan ons die werklikheid begryp, dat die Seun van God die begeertes van Lucifer, om die een te vermoor wat hom oomblik na oomblik lewe gee, gelees het? Dit is slegs lewe en vryheid wat soos 'n magtige rivier uit die hart van die Seun van God vloei. Daar bestaan geen dood, geen eksterne beperking en geen dwang in Sy hart nie.

Daarom kon die Seun van God Dawid inspireer om nie net omtrent sy eie ervaring te skryf nie, maar ook omtrent die ervaring van die Seun van God in gesprek met Sy Vader:

> Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my. (5) U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teënstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. Psalms 23:4,5

Deur die gedagtes van Lucifer te ken, het die Vader en die Seun geweet wat die uitkoms sou wees. Lucifer se eiesinnige gedagtes was "van die begin af" en God en Sy Seun het presies geweet waar dit sou eindig. (Jesaja 46:10). Toe Lucifer se gedagtes in sy gemoed binneste gevorm was, het die saad al die bestanddele daarin gehad. Niemand anders, behalwe die Vader en die Seun, kon daardie saad sien nie. Niemand anders, behalwe die Vader en die Seun, het geweet waarheen hierdie pad sou lei nie.

Die saad van die Seun van God was ook ten volle gevorm en het reeds in die vrede en rustigheid van die hemel vrug begin dra. Die Vader en die Seun het ook die vrug van die saad wat in Christus was, geken. So moeilik soos daardie toekoms was, kon hulle ook praat omtrent die toekoms in die lig van die twee sade, die saad van Christus en die saad van Satan, want hulle het so 'n innigheid en 'n gevoel van veiligheid ontwikkel – uitgedruk as Christus "wat in die boesem van die Vader" is.

Dit is die verskil tussen goddelike voorkennis en menslike persepsies van alwetendheid. Goddelike voorkennis ken die vrug van die geestelike sade wat in die gedagtes van geskape wesens geplant word. Die menslike leerstelling van alwetendheid het nie 'n saadbeginsel nie, maar werk in 'n steriele omgewing waar absoluut alles geken word.

Binne die hemelse beginsel om saad te plant en vrugte te dra, is een van die grootste probleme vir die leerstelling van alwetendheid dat, indien God met sekerheid geweet het dat Lucifer sou val voordat hy geskape is, dan is God self die skepper van Satan, want die gedagte het by Hom ontstaan. Dit moet Hom op sy beurt verantwoordelik maak vir die sondeprobleem, want Hy was die eerste een wat dit voorgestel en verwag het.

God het 'n baie akkurate kennis van die toekoms, omdat Hy die heelal geskape het en die meganismes daarvan intiem ken. Hy kan ook die gedagtes van Sy skepsels lees en ken dus die gevolge van daardie gedagtes. Hy kan ook die besluite van die wil van Sy skepsels sagkens toets deur die Gees op hulle te blaas om hul interne reaksie te meet.

> Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is. Johannes 3:8

Al hierdie dinge spreek van die gaping tussen die waarheid van die omvang van die kennis van God en die leuen dat God absoluut alles weet. Hier het ons bewyse van dinge wat nie in die gedagtes van God opgekom het nie, en daarom dinge is waarvan Hy nie geweet het nie:

> En hulle het die hoogtes van Baäl gebou om hulle seuns met vuur te verbrand as brandoffers aan Baäl – iets wat Ek nie beveel of uitgespreek het nie, **of wat in my hart nie opgekom het nie**. Jeremia 19:5

Die idee van kinderoffers vir sonde het nooit by God opgekom nie. Hierdie feit alleen bewys die denkpatroon dat God die idee ontwikkel het dat Sy geregtigheid slegs bevredig kan word deur die dood van Sy eie Seun, as onwaar. Dit het nooit in Sy gedagtes opgekom nie. Wat Hy wel geweet het, is die risiko's om wesens vrye keuse te gee en die waarskynlikhede wat daaruit kan voorkom.

Die natuurlike Christelike reaksie is om terug te deins van die gedagte dat God nie die totale en volledige beheer het soos baie mense dink nie. Hy is in beheer deur die saadbeginsel van saai, groei en oes. Tog bied hierdie gaping tussen God se onsaglike kennis en die leuen om alles te weet, ruimte vir die pragtige werklikheid van Goddelike risiko.

God en Sy Seun het die risiko met Lucifer en die engele geneem. Hulle het die saad van liefde, vreugde, vryheid, geduld en seën in hulle geplant. Hulle het hulle nie teëgehou nie, want die engele het nie natuurlike onsterflikheid nie en kon dus nie een van God se woorde as afgedwing verstaan nie. Hulle was intiem verbonde aan God en Sy Seun; hulle het die saad wat die Vader en die Seun daarin geplant het, gemanifesteer – totdat daar ongeregtigheid in Lucifer gevind is.

> Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. Eségiël 28:15

Om iets te vind behels 'n ontdekkingsproses. Die teks sê nie, “totdat ongeregtigheid in jou geplant is” nie. Dit is omdat Lucifer volkome gemaak is. Dit is dus logies dat God en Sy Seun onreg in Lucifer sou vind. Dit was nie iets wat hulle daar geplant het nie, en hulle het ook nie geweet dat dit sou gebeur nie. Deur die vryheid van keuse aan die engele te gee, was hulle bewus van die risiko wat hulle geneem het, maar hulle het alles voorsien wat nodig is om voorspoed en seën toe te laat.

Baie mense wat die standpunt van ateïsme ondersteun, vind hierdie standpunt ondraaglik. Hulle idee is dat, indien daar 'n God is en Hy alles gemaak het, Hy dit moes reggekry het en seker gemaak het dat niks sleg sou gebeur nie. Daar is dus 'n soort tevredenheid om te sien hoe Christene aan die leerstelling van alwetendheid vashou; dit bied presies die regte omgewing vir hulle om God te verwerp en Hom te veroordeel, omdat sonde in die heelal toegelaat is. Ateïsme is die logiese antitese van die Christelike leerstelling van alwetendheid. Goddelike risiko is die logiese uitdrukking van 'n alwyse, liefdevolle God wat vryheid bied.

Christendom en ateïsme is in ʻn dialektiese vereniging. Albei begin met 'n veronderstelling dat God geweet het dat boosheid in die wêreld sou kom. Die Christendom probeer God se optrede regverdig, terwyl Ateïsme dit veroordeel. Dit kan alles opgelos word deur in die werklikheid van God se saadbeginsel in te beweeg en die Agape van die Vader en die Seun te betree. Ter wille van liefde en die begeerte na vryheid het God die risiko geneem om 'n heelal van vrye keuse te skep.

Lucifer het sy erfporsie verwerp, vir homself gelieg en gekies om te glo dat al die gawes wat aan hom gegee is, inherent sy eie is. Hy het die Een wat dit vir hom gegee het verag en wou Hom doodmaak en Sy plek inneem. Hierdie optredes het nooit in die Vader se gedagtes opgekom nie en dus nie ook nie by die Seun van God nie. Hulle het nie die kwaad verwag voordat Lucifer dit bedink het nie. Hulle was bewus daarvan dat, indien die skepping teen God se wil kies, dit pyn, hartseer en die dood sou behels, maar voordat die aksies uitgevoer is, was dit nie bekend wat die gevolge sou wees nie.

Toe Satan aanvanklik begin wegdryf het van sy getrouheid aan God en Sy Seun, het dit duideliker geword wat sou gebeur. Toe Satan besluit het om die hemel uit te daag en sy eie weg te kies, het God presies geweet wat die uiteinde sou wees. Dit is omdat die saad gevorm is en nie verander kon word nie. Dit was vasgestel en moet dus die vrug wat dit bevat, voortbring.

Indien Satan die enigste een was wat hierdie pad ingeslaan het, sou die vrug van Satan se planne moontlik vinnig geïdentifiseer gewees het. Die realiteit is dat Satan die gawes, wat hy ontvang het, gebruik het om 'n listige en berekende plan uit te voer, sodat die regering van God omvergewerp kon word deur onenigheid en ongemak in die gedagtes van al die geskape wesens te saai. Die kern van sy plan was sy nuwe teorie omtrent geregtigheid.

Om in hierdie deel van die verhaal wat in die hemel afspeel, te kan indelf, onthou ons hierdie beginsel, soos in die Skrif uiteengesit. Dit is die volgende laag van die saadbeginsel.

> Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie.
> Prediker 1:9

> Alles wat is, was alreeds; en wat sal wees, was alreeds, en God soek weer op wat verbygegaan het. Prediker 3:15

> Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. 1 Korinthiërs 10:11

> Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê. Romeine 15:4

Soortgelyk sade produseer soortgelyke vrugte. Dit is waarom die oorlog wat in die hemel plaasgevind het, in groter en nog groter mate van duidelikheid op die aarde herhaal word. Terwyl ons die verhale van die Bybel lees, kry ons 'n duideliker beeld van die kwessies wat in die hemel plaasgevind het. Deur die sondeval het die aarde die verhoog geword waarop Satan se geheime gedagtes ten volle uitgespeel word.

Die skoonheid van die saadbeginsel is dat ons bewyse kan vind van beide die saad van Christus en die saad van Satan in die optrede van die mensdom wat in die Bybel beskryf word. Satan was van die begin af 'n moordenaar. Hierdie saad is toegelaat om geplant te word in die lewens

van mense soos Kain, Nimrod, Absalom en ander. Ons sal na hierdie verhale kyk om die belangrikste kwessies van die oorspronklike stryd in die hemel saam te stel.

Toe die Seun van God as 'n baba in Bethlehem gebore is, is die verborge beginsels van die twee sade in meer besonderhede onthul. Herodes se gemanifesteerde begeerte om die baba Jesus dood te maak (Matthéüs 2:16), toon aan ons die verborge begeertes om die Seun van God reg aan die begin dood te maak.

> En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe **van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie**. Openbaring 13:8

Soos ons vroeër in hoofstuk 5 te kenne gegee het, kan ons binne hierdie saadbeginsel gebeurtenisse ontbloot wat dateer vanaf die begin van tyd, want die saad dra altyd dieselfde vrug. Dit is die beginsel soos uitgedruk in Jesaja 46:10; dit is deur die saadbeginsel dat God "van die begin af ... die einde" verkondig. Soos die bome van die veld elke jaar dieselfde vrug dra, so dra die gebeure in die geskiedenis elke keer dieselfde vrug van die saad wat aanvanklik geplant is. Christus se geboorte, lewe en dood in hierdie wêreld openbaar dinge wat van die begin af geheim gehou is. Die verborge dinge van die duisternis word aan die lig gebring.

> Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is, (26) maar nou geopenbaar is en deur die profetiese Skrifte bekend gemaak is onder al die heidene, volgens die bevel van die ewige God, tot gehoorsaamheid van die geloof. Romeine 16:25-26

In die sameswering en knoeiery van die Fariseërs vind ons 'n openbaring van die werking van Satan en sy pogings om Christus en Sy volgelinge van die begin af tot nou toe te vernietig.

# HOOFSTUK 11:

# DIE RAAMWERK VAN DIE GODDELIKE PATROON EN SY OPPOSISIE

Voordat ons na hierdie verhale in die Ou Testament kyk, moet ons nog 'n aspek oorweeg. Dit hou verband met die twee verskillende patrone wat geskep is deur die reaksie van die Seun van God en die reaksie van Satan op die Vader se woord. Dit is belangrik om dit te verstaan, want dit is deel van die saadproses en dit kom telkens in die Skrif voor. Dink bietjie mooi oor die verhouding tussen Vader en Seun in hierdie gedeelte:

> …tog is daar vir ons maar een God, **die Vader uit wie** alles is, en ons tot Hom, en **een Here Jesus Christus deur wie** alles is, en ons deur Hom. 1 Korinthiërs 8:6

Die Seun van God gehoorsaam Sy Vader vryelik en vreugdevol. Die woorde en dade van die Vader vloei deur die Seun. Die Vader is die bron en die Seun is die kanaal. Alle dinge is VAN die Vader en alle dinge is DEUR die Seun. Hierdie proses lewer die volgende resultate:

> Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese… Hebreërs 1:3

Die heerlikheid van die Vader se karakter word verhelder wanneer dit deur Sy Seun vloei. Dit is die natuurlike ontwikkeling van die Vader se gedagtes wat in die hart van Sy Seun geplant is. Die Seun vergroot dit wat Sy Vader doen. Hy stel dit duideliker voor en verheerlik dit. Die Bybel sê van Christus:

> Die Here se vreugde lê daarin **om sy gebooie groot en heerlik te maak**. Jesaja 42:21 (NLV)

Jesus vergroot en verheerlik Sy Vader se wet deur Sy lewe, woorde en dade. Omdat Hy "Amen" vir Sy Vader sê, word die Vader se gedagtes en

woorde uitgebrei deur Sy Seun. Op grond van hierdie beginsel kan Christus vir Sy dissipels sê:

> Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en **hy sal groter werke doen as dit**, omdat Ek na my Vader gaan. Johannes 14:12

Wanneer die volgeling van Christus "Amen" sê vir wat Christus van hom vra, brei die vergrotingsbeginsel dit verder uit, sodat groter werke gedoen kan word. Dit is nie die dissipel wat krediet neem vir die werke nie, omdat dit in Christus, deur Hom, gedoen word, en dit is die Vader wat in Christus werk. Dit skep 'n breedvoerige uitbreiding van die koninkryk van die hemele. Vir 'n breedvoerige verduideliking van die Goddelike Patroon, lees die boekie *Die Goddelike Patroon van die Lewe* beskikbaar op *vadervanliefde.com.*

In die Goddelike Patroon is daar geen spanning tussen die bron en die kanaal nie. Hierdie beginsel word deurgevoer tot alle aspekte van die koninkryk van God. Daar is slegs volmaakte vrede, omdat die kanaal die bron vertrou. Dit is omdat die kanaal uit die bron kom en in daardie identiteit berus.

> U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U. Jesaja 26:3

Die tweede beginsel van die Goddelike Patroon is dat die bron tipies onsigbaar is, terwyl die kanaal sigbaar is.

> Hy [Christus] is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping. Kolossense 1:15

Christus, as die Woord van God, is die denke van die Vader wat openbaar is vir almal om dit te hoor (Johannes 1:1,14). Die patroon word op baie areas in ons wêreld herhaal. As intelligente wesens gee ons ons interne gedagtes te kenne deur middel van woorde, sodat ons kommunikasieproses 'n onsigbare bron het met 'n sigbare (hoorbare) kanaal.

Dit sal belangrik wees om dit in gedagte te hou terwyl ons voortgaan. Die patroon waarmee Satan werk, kan in Westerse denke die beste beskryf word as tese, antitese, wat lei tot sintese, wat soms *Hegeliaanse Dialektiek* genoem word. In die Oostelike denke kan ons dit uitbeeld as Yin en Yang in een sirkel. Dit is die beginsel van teenoorgesteldes wat deur konflik, debat, argument en stryd saamgesmelt word. Hierdie patroon is vasgestel deur die woorde van Satan.

> En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. (14) Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Jesaja 14:13-14

Satan begeer sy eie troon, hy wou identies met God wees. Dit skep twee bronne. Die teenwoordigheid van twee bronne bring outomaties spanning. Wie sal eerste wees en wie sal tweede wees? Hulle kan nie eerste en tweede wees nie; hulle moet misties saamgesmelt word as teenoorgesteldes.

Die beginsel van opposisie is vir ons baie natuurlik. Alle demokratiese regerings het 'n verkose opposisie teen die regering. Die regering en opposisie word saamgesmelt as een parlement.

As 'n eenvoudige eksperiment kan ons dink aan hoe die Goddelike-Patroon-denke werk in teenstelling met die opposisionele stelsel van Satan. Neem byvoorbeeld die inleiding van die woord:

LIG

In Satan se stelsel sou jy van nature dink aan die woord:

DONKER

Maar in die Goddelike Patroon-stelsel sou dit soos volg werk:

LIG → HELDER LIG

Satan se stelsel dink in teenoorgesteldes. God se stelsel dink dieselfde, maar tog vergroot dit die oorspronklike. Dit word belangrik indien ons nou oorskakel na ons volgende onderwerp en die stryd wat in die hemel plaasgevind het.

# HOOFSTUK 12:

# HARMONIE TUSSEN GEREGTIGHEID EN GENADE

Soos ons vroeër bespreek het, het Satan die gawes wat Christus hom gegee het, aanskou as dinge wat hy van nature binne homself besit. Hy het die Seun van God kwalik geneem en uiteindelik op die plek gekom waar hy van plan was om Hom te vermoor. Daar kan gesien word hoe Satan sy aanval beplan het, veral in die verhale van Daniël in die leeukuil en die verhaal van Absalom.

Soos ons in hoofstuk 6 bespreek het, het Satan se oortuiging dat sy lewe uit homself gekom het, ‘n verandering gebring aan die manier waarop hy die wet beskou het. Dit is waar die onheil gestig is.

> Het die regterstoel wat onheil stig, met U gemeenskap, wat moeite versin teen die insettinge in? Psalms 94:20

Die gedagtes wat die Satan omtrent die Seun van God begin koester het, het gewelddadig geword.

> Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig. Eségiël 28:16a

Die gedagte aan geweld is die uitdrukking van opposisie. Satan het geglo dat die lewe en krag wat hy besit, sy eie is. Hy het gevoel dat die Seun van God in sy pad staan. Hy het gedink om sy vermeende inherente krag te gebruik om die Seun van God te oorweldig. Tog moes hy 'n manier vind om God se Seun in ‘n lokval te vang. Ons kan die stukke in die verhaal van Daniël naspeur.

> Dit het Daríus behaag om oor die koninkryk honderd-en-twintig landvoogde aan te stel wat in die hele koninkryk sou wees, (3) en oor hulle drie ministers, van wie Daniël een was, aan wie dié landvoogde rekenskap moes gee, sodat die koning nie sou skade ly

nie. (4) **Toe het hierdie Daniël** bo die **ministers van die landvoogde uitgemunt**, **omdat 'n voortreflike gees in hom was**; **daarom was die koning van plan om hom oor die hele koninkryk aan te stel**. (5) Toe het die ministers en die landvoogde gesoek om 'n grond vir 'n aanklag teen Daniël te vind met betrekking tot die regering, maar hulle kon geen enkele grond vir 'n aanklag of verkeerde handeling vind nie, omdat hy getrou was en geen nalatigheid of verkeerde handeling by hom te vinde was nie. (6) Daarop het dié manne gesê: **Ons sal teen hierdie Daniël geen enkele grond vir 'n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind in sy godsdiens**. (7) Toe het hierdie ministers en landvoogde die koning bestorm en só vir hom gesê: Mag koning Daríus vir ewig lewe! (8) **Al die ministers van die koninkryk, die bevelhebbers en die landvoogde, die raadsmanne en die goewerneurs het beraadslaag dat die koning 'n verordening moet uitvaardig en 'n verbod bekragtig dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek rig aan enige god of mens behalwe aan u, o koning, in die leeukuil gegooi sal word**. Daniël 6:2-8

“'n Voortreflike gees [was] in hom” (Daniël). Dit weerspieël die voortreflike Gees in die Seun van God. Christus was aangestel oor die hele koninkryk. Ons sien dat diegene wat onmiddellik onder Daniël was, nie direk vir Daniël gekonfronteer het of hom direk kwaad aangedoen het nie, maar dat hulle na die koning gegaan het met 'n versoek wat gelyk het of dit die koning vereer. Hulle wou 'n bevel uitvaardig dat niemand 'n versoek aan enige god moet doen nie, behalwe aan die koning. Hierdie besluit sou blykbaar die posisie van die koning verbeter. Dit was op Daniel gerig om hom te vernietig.

In die geval van die Seun van God het Satan en diegene saam met hom 'n ander metode gebruik om dieselfde effek te skep as wat met Daniël gebeur het. Dit word gevind in die verhaal van Absalom.

Verder het Absalom gereeld vroeg opgestaan en langs die pad na die poort gaan staan; en Absalom het elkeen wat 'n saak gehad het om na die koning te kom vir regspraak, aangeroep en gesê: Uit

watter stad is jy? As hy dan antwoord: U dienaar is uit een van die stamme van Israel – (3) dan sê Absalom vir hom: Kyk, jou saak is goed en reg, maar van die koning se kant sal niemand jou gehoor gee nie. (4) Verder het Absalom gesê: Mag hulle my as regter in die land aanstel, dat elkeen wat 'n geskil of regsaak het, na mý kan kom; dan sal ék aan hom reg laat geskied. (5) En elke keer as iemand nader kom om voor hom te buig, steek hy sy hand uit en gryp hom en soen hom. (6) Op dié manier het Absalom met al die Israeliete gehandel wat vir regspraak na die koning kom, sodat Absalom die hart van die manne van Israel gesteel het. 2 Samuel 15:2-6

Die naam Absalom beteken *vader van vrede*, maar onder hierdie naam was 'n karakter van haat en stryd versteek. Absalom wou hê dat sy pa sy halfbroer Amnon, wie Absalom se suster, Tamar, seksueel aangerand het, moet straf. Absalom het sy vader geminag en besluit om hom omver te werp, omdat koning Dawid geen vonnis opgelê het teen Amnon nie. Absalom het die saak in eie hande geneem en Amnon met regverdigheid, wat volgens hom gepas was, tereggestel. Daarna het hy die harte van die koninkryk van Israel begin wen.

Toe Absalom dan by hom aanhou, het hy Amnon en al die seuns van die koning met hom saam laat gaan. (28) En Absalom het sy dienaars bevel gegee en gesê: Let tog op, net soos Amnon se hart vrolik is van die wyn **en ek vir julle sê: Slaan Amnon dood! dan moet julle hom doodmaak. Wees nie bevrees nie; het ék julle dit nie beveel nie? Wees sterk en wees wakker manne**. (29) En die dienaars van Absalom het met Amnon gedoen soos Absalom hulle beveel het. Toe het al die seuns van die koning opgestaan, en hulle het elkeen op sy muil geklim en gevlug. 2 Samuel 13:27-29

Satan, wat oorspronklik Lucifer was, was ontevrede met die feit dat die Seun van God bo hom verhef is. Hy het gevoel dat 'n onreg aan hom gedoen was en hy was vasbeslote om die Seun van God omver te werp. Sy Vader het aan almal duidelik gemaak dat al die engele die Seun van God moet aanbid.

> En wanneer God die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En laat al die engele van God Hom aanbid. Hebreërs 1:6 (NLV)

Hierdie gedeelte verwys na die koms van Christus na die aarde, maar die saadbeginsel neem ons terug na die begin van die stryd, in die hemel.

> **Sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer**. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie. Johannes 5:23

Lucifer wou nie hieraan toegee nie. Hy was vasbeslote om God se koninkryk omver te werp. Hy het baie van die engele na sy kant gewen. Net soos in die verhaal van Absalom, was die kwessie van geregtigheid ter sprake.

> Verder het Abslom gesê: Mag hulle my as regter in die land aanstel, dat elkeen wat 'n geskil of regsaak het, na mý kan kom; dan **sal ék aan hom reg laat geskied**. 2 Samuel 15:4

Die insinuasie van Absalom was dat die koning nie geregtigheid verleen aan sy onderdane nie, maar hierdie bewering was onwaar. Vroeër in die boek Samuel lees ons:

> En Dawid het oor die hele Israel geregeer, en **Dawid het aan sy hele volk reg en geregtigheid gedoen**. 2 Samuel 8:15

Dawid het geregtigheid aan sy onderdane gelewer, maar dit was nie die geregtigheid wat Absalom gedink het nodig was nie. Dawid het genade bewys omdat die genade van God by hom was en dit sy koninkryk gevestig het:

> Hý sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid. (14) Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees; sodat as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met 'n menslike roede en met slae van mensekinders. (15) **Maar my goedertierenheid sal van hom nie wyk nie**, soos Ek dit onttrek het aan Saul wat Ek voor jou aangesig verwyder het. (16) **En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in**

**ewigheid voor jou, jou troon sal vasstaan tot in ewigheid**. 2 Samuel 7:13-16

Absalom wou nie 'n koninkryk hê wat op 'n geregtigheid wat genade bewys, gebou is nie. Hy wou 'n geregtigheid hê wat oortreders sonder genade teregstel. Soos ons in die verhaal van Daniël sien, was dit die derde gesagspersoon in die koninkryk, naas die koning en die regterhand van die koning, wat wetgewing met doodstraf vir die oortreding deur ontrouheid aan die koning, ingestel het. Lucifer het 'n nuwe teorie van geregtigheid, wat 'n boete vir die oortreder vereis, in aksie gestel. Dit was die onheil wat hy deur die wet bewerkstellig het.

Die wet van God was 'n wet van lewe en vryheid. Aangesien die Vader die enigste een is wat inherent onsterflik is en Sy Seun hierdie onsterflikheid van Sy Vader ontvang het deur Sy liefde en eer, het die res van die engele hierdie lewe van oomblik tot oomblik deur die Seun van God ontvang.

Lucifer hervorm die wet as 'n kode wat die engele moet gehoorsaam; diegene wat dit nie gehoorsaam nie, moet gestraf word. Dit is wat hy geregtigheid genoem het. Dit was anders as God se geregtigheid. Let noukeurig op na die volgende teks.

> Geregtigheid en reg is die grondslag van u troon; goedertierenheid [genade] en trou [waarheid] gaan voor u aangesig uit. Psalms 89:15
> *[Sien King James Vertaling vir die woorde in hakies ingevoeg.]*

Hierdie Bybelteks het 'n klassieke Hebreeuse sinstruktuur. Die tweede sin is 'n uitbreiding van die eerste sin. Dit herhaal die beginsels van die eerste deel op 'n vergrote wyse. Dit is hoe die Goddelike Patroon werk. Afgesien hiervan bied die leestekens ook hierdie beginsel. Die kommapunt na die woord *troon* beteken dat wat volgende voorkom, dit wat voor die kommapunt is, verduidelik.

1. Geregtigheid en reg is die grondslag van u troon
2. Goedertierenheid [genade] en trou [waarheid] gaan voor u aangesig uit.

Wat dit sê, is dat geregtigheid uitgedruk word as goedertierenheid en genade; en reg word uitgedruk as trou en waarheid. Dit pas perfek by die Goddelike Patroon. Geregtigheid is om die regte ding te doen, en die regte ding wat God doen, is om genade te bewys.

Lucifer het sy opposisionele raamwerk gebruik om geregtigheid die teenoorgestelde van genade te maak. Geregtigheid beteken straf en indien nodig, die dood. Genade beteken uitstel van straf of oordra van straf na 'n ander. Satan het die idee dat elke sonde bestraf moet word voorgestel en indien God die straf sou kwytskeld, Hy nie 'n God van waarheid en geregtigheid sou wees nie.

Ons sien in die verhaal van Absalom dat hy daarin geslaag het om die harte van die nasie van Israel te steel.

> ... en op hierdie manier het hy [Absolom] die burgers se harte gesteel. 2 Samuel 15:6

Op dieselfde manier het Lucifer daarin geslaag om al die engele oor te haal na hierdie nuwe wyse om met geregtigheid en genade te handel. Dit was vir hulle heeltemal sinvol dat ware eer aan God beteken dat daar doodstraf moet wees vir diegene wat die Vader oneer aandoen. Hulle het gedink dat Satan se logika eer aan God bring, maar het nie besef dat dit God se regering ondermyn nie.

Hierdie beginsel wat Satan voorgestel het, was 'n afsku vir God. Sy karakter was genadig, goedgunstig, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou (waarheid). (Exodus 34:6).

Soos ons in die verhaal van Daniël sien, was dit nie die koning wat die doodstraf vir ontrouheid ingestel het nie, dit was die derde persoon in die koninkryk en diegene onder hom.

God is nie die oorsprong van die dood nie. Die dood is die vyand van God; die dood staan in teenstelling met die wet van lewe, vryheid en burgerskap. Indien die wet van God dan doodstraf daarin bevat, kan daar geen vryheid wees nie. Slegs die angstiges sal straf verwag indien nagelaat is om die regte ding te doen.

Die Bybel stel Satan voor as die een wat die heerskappy en die mag oor die dood het, nie God nie.

> Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, **sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel** - Hebreërs 2:14

Dit is na hierdie onderwerp waarna ons ons volgende moet wend. Ons is almal geleer dat die geregtigheid van God die dood van die oortreder vereis. Die realiteit is dat dit Satan se regstelsel is wat op die wet van God toegepas is. Die wet van lewe, vryheid en burgerskap sou nooit verbind kon word met die dood nie. God se geregtigheid is om genade te bewys. Satan het geregtigheid en genade in teenstelling met mekaar geplaas. Hy het die wet so herformuleer dat hy die hemelse engele oortuig het dat sonde met geweld gestraf moet word en dat dit die regering van God sou verbeter.

# HOOFSTUK 13:

# DIE HEERSKAPPY VAN DIE DOOD

Ons kom nou by die finale resultaat van die twee sade. Die vrug van die saad in Christus is lewe: vrye, oop, onbeperkte, vreugdevolle, grenslose lewe. Die Seun van God is lewe. Sy kinderlike geloof en liefde vir Sy Vader is die hoeksteen van lewe vir elke morele wese in die heelal. Hoor die woorde van die Verlosser - dit is slegs lewe.

> …Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; Johannes 11:25

Die Seun van die geseënde kontrasteer Homself met die een wat doodmaak en vernietig:

> Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. **Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê**. Johannes 10:10

So pragtig is die karakter van Jesus dat Sy openbaring van die Vader die dood eintlik afgeskaf het.

> Maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie... 2 Timótheüs 1:10

Indien Jesus die dood afgeskaf het, is dit onmoontlik vir Hom om iets te doen of te openbaar wat Hy afgeskaf het. Hoe het Jesus die dood afgeskaf? Deur die lig van die evangelie?

Wat is die evangelie?

> Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God. Markus 1:1

Die Seun van God is die evangelie. Wat het die Seun van God gedoen?

> Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. Johannes 17:4

Die Seun van God het die Vader "verheerlik", wat beteken dat Hy die karakter van die Vader aan die wêreld geopenbaar het. Onthou dat Hy vir Filippus gesê het: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien." (Johannes 14:9). Hierdie openbaring van die karakter van God het die dood afgeskaf. Dit moet die geval wees, want Jesus het, voordat Hy aan die kruis gesterf het, gesê dat Hy die werk voltooi het wat die Vader Hom gegee het om te doen.

Dit was net na hierdie gebed dat Jesus vir die skare gesê het:

> …Maar dit is julle uur en die mag van die duisternis. Lukas 22:53b

Die wet van lewe en gee en seën sou nie ophou nie. Christus het Sy vyande tot die einde toe liefgehad en vergewe. Dit toon die onveranderlike aard van die wet van God. Toe Jesus gesê het: "Vader vergeef hulle", het Hy getoon dat Hy nooit Sy karakter sou verander nie. Hy sou nooit op Sy vyande toeslaan nie; Hy sou hulle net liefhê en vergewe en toelaat dat hulle die gevolge van hul eie keuses ontvang, soos ons gesien het in die vernietiging van Jerusalem 40 jaar na Sy dood.

Die wet van God is die wet van liefde, vryheid en oorvloedige lewe. Dit is die wet van vergifnis en genade. Dit is die saad wat in die hart van Christus woon. Waar dit ook al geplant word, sal dit hierdie vrug produseer.

Satan het homself die vyand van God gemaak deur leuens omtrent Sy karakter te vertel. Toe Satan sy idees omtrent geregtigheid bekend gestel het en onheil gestig het deur die wet van God te herstruktureer as 'n instrument wat die dood vereis, het dit oorlog in die hemel veroorsaak - 'n stryd van woorde. Baie engele het hul by Lucifer geskaar en probeer om die regering van God te hervorm. Tog, diep binne, gebruik Satan hierdie idee as 'n front om die Seun van God dood te maak. Net soos die verhaal van Daniël, wou hy Christus uitvang met betrekking tot die wet van Sy God. Satan het die karakter van God geken. Ons word vertel:

> Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy, jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Eségiël 28:14

Die vurige gesteentes verteenwoordig die teenwoordigheid van God in die siel. Ons word lewende stene genoem en die teenwoordigheid van God is soos vuur. Satan het die karakter van God geken en hy het hom voorgestel dat, indien hy die wet van God kon omskryf as iets wat die dood vereis en dan veroorsaak dat wesens oortree, hy dan God kan blameer en kan eis dat die Een gelyk met God die prys moet betaal om hulle te red. Die plan van plaasvervangende versoening het in die gedagtes van Satan opgekom as 'n plan om Christus te vermoor.

Dit was 'n klassieke gyselaarsplan. Satan het die wet van God gebruik om die hok te bou om sy gyselaars vas te trek.

> En die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees. (11) Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei en daardeur gedood. Romeine 7:10-11

Paulus het gevind dat die gebod tot die dood toe lei vanweë die sonde; sonde wat Satan aanvanklik daar gestel het.

> En daar het oorlog in die hemel gekom. Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer. Openbaring 12:7

Omdat Hy geweet het wat Satan in gedagte gehad het, het God baie keer by Lucifer gesmeek om hom aan te moedig om weg te draai van die rigting waarin hy oppad was. Ons sien hierdie beginsel manifesteer wanneer God na Israel uitreik.

> Maar van Israel sê Hy: Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na 'n ongehoorsame en teësprekende volk. Romeine 10:21

Dit is wat enige vader wat lief is vir sy kinders sou doen. God was lief vir Sy seun Lucifer en wou hom red.

> Die HERE het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde, daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid. Jeremia 31:3

Die Vader het aan die engele verduidelik dat Hy Sy Seun met Homself gelyk gemaak het en dat die woorde van Sy Seun nagevolg moet word, soos Hyself nagevolg moet word.

> Maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer. Hebreërs 1:8

> Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, (23) sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie. Johannes 5:22-23

> Hý is die antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie. (23) Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader. 1 Johannes 2:22b-23 (Afrikaanse 1983 Bybelvertaling)

Dit is ewige beginsels; hulle is deel van die wet van die lewe. Dit is die kern van die oorlog wat in die hemel begin het. Ongelukkig het Satan geweier om hom te bekeer van sy ontevredenheid aangaande Christus. Eerder as om die Seun van God te aanbid, wou hy hê dat die Seun van God hom moes aanbid.

> En sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek U gee as U neerval en my aanbid. Matthéüs 4:9

Ons onthou dat wat op aarde gemanifesteer word, 'n openbaring is van wat van die begin af gebeur het. Satan het geopenbaar wat in sy hart was toe hy Christus versoek het. Hy openbaar die saad van sy siel. Hy wou die plek van Christus inneem en in Sy plek aanbid word. Dus het hy gehoop om Christus dood te maak en Sy nagedagtenis vir altyd uit te wis. Ons weet dit as gevolg van hoe Satan Christus aan die Kruis vermoor het en daarna probeer het om Hom vir ewig in die graf te hou.

Al hierdie werklikhede was oorspronklik verborge in die hart van Satan. Aanvanklik het selfs nie eens Satan self die volle omvang van waarheen hy oppad was, ten volle begryp nie. Nadat God aan Satan getoon het dat die lewe slegs deur Sy Seun kom, moes hy en sy engele 'n besluit neem.

Baie van die engele het hulle by Lucifer geskaar. Daar is 'n leidraad in die verhaal van Herodes en die dans van Herodias se dogter. Herodias wou Johannes die Doper doodmaak. Sy het beplan dat haar dogter moes dans en het geweet dat haar dogter 'n geskenk aangebied sou word. Haar begeerte om die profeet te vermoor was verborge. Sy verteenwoordig Satan se verborge motiewe. Die koning verteenwoordig Satan se regering en politieke strategie. Die dansende Salome verteenwoordig die gewenste plan. Toe die koning, onder die invloed van drank, sy aanbod maak, het hy gesê:

> Vra my net wat jy wil, en ek sal dit aan jou gee. (23) En hy het vir haar gesweer: Net wat jy my vra, **sal ek jou gee, al was dit ook die helfte van my koninkryk**. Markus 6:22b-23

Herodes verteenwoordig elemente wat vyandig is teenoor die koninkryk van God. Die uitdrukking van "die helfte van my koninkryk" is nie 'n toevallige uitdrukking nie, maar die uitdrukking van een onder die direkte invloed en dus die metodes van Satan. Dieselfde uitdrukking kom ook voor in die verhaal van Ester.

> Toe sê die koning vir haar: Wat wil jy hê, koningin Ester, of wat is jou versoek? Al was dit ook die helfte van die koninkryk – dit sal jou gegee word. Ester 5:3

Hierdie aanbod word nog twee keer deur die koning aan Ester herhaal. (Ester 5:6; 7:2). Hierdie verhaal het 'n soortgelyke element deurdat Haman 'n verborge motief gedra het om Mórdegai te vernietig. Die koning is gretig om 'n geskenk aan sy jong vrou te gee. Maar hier tree die jong vrou op om die een wat Christus verteenwoordig, te red, in teenstelling met Salome wat die agent geword het om Johannes die Doper om te bring. Die tema is in elk geval soortgelyk en bevat die

patroon van 'n jong vrou wat tot die helfte van sy koninkryk deur die koning aangebied word.

Satan was bereid om die helfte van die heelal dood te maak om sy doel van universele oorheersing te verseker. Hierdie idee het 'n moderne uitdrukking in die onlangse Avenger-reeks, waar die karakter Thanos (wat dood beteken) die helfte van die heelal vernietig om universele heerskappy te verseker.[29]

Dit dui daarop dat die helfte van die engele by Christus was en die helfte by Satan. Nadat hy sy hok geskep het, waarbinne God se geregtigheid die dood vereis, het hy probeer om die engele onder sy invloed tot slawe te maak, deur vir hulle te sê dat God hulle nie sou vergewe omdat hulle by hom aangesluit het nie. Ons kry nog 'n leidraad hieruit deur wat hy aan Kain gedoen het. Nadat hy Kain tot die moord op Abel gedryf het, het hy hom in sy hok verseël deur hom te oortuig dat God hom nie sou vergewe nie.

> En Kain het vir die Here God gesê: "My misdaad is te groot dat ek vergewe kan word." Génesis 4:13 (Vry vertaal vanuit *Brenton*, vertaling uit Griekse Ou Testament)

Dit is die saad van Satan. Dit produseer dieselfde vrugte en werk op dieselfde manier. Die lewe van Kain onthul wat Satan aan die engele gedoen het. Hy het vir hulle gesê God sal hulle nie vergewe nie.

Dit was die punt waar Lucifer Satan geword het; hy het heeltemal en volledig as aanklaer gestaan. Hy het sy lot op hierdie stadium verseël. Hy het geweet dat die karakter van God liefde is. Hy het geweet dat God genadig is. Ons wend ons tot die verhaal van Jona, waar Jona teleurgesteld is dat Ninevé nie uitgewis is nie.

> Toe bid hy tot die HERE en sê: Ag, HERE, het ek dit nie gedink terwyl ek nog in my land was nie? Daarom het ek tevore na Tarsis gevlug; want ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God

---

[29] https://en.wikipedia.org/wiki/The_Infinity_Gauntlet

> is, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil. Jona 4:2

Satan oortree nou die wet van liefde ten volle. Hy het geweet dat God sou vergewe, maar hy het gelieg en vir sy engele wat na hom opgekyk het, gesê dat God nie sal vergewe nie. Dit het hulle in duisternis en in die heerskappy van Satan gedompel. Ons sien hierdie beginsel omgekeerd uitgedruk soos volg:

> …om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang. Handelinge 26:18

Satan het die wet oortree deur te sê dat God nie sal vergewe nie. Dit is die saad van Satan, en almal wat hierdie idee herhaal dat God nie sou vergewe nie, oortree die wet van God – die wet van lewe en vryheid.

Die engele wat die leuen van Satan geglo het, het ook hul lot verseël. Daar was geen hoop dat hulle vergewe sou word nie, omdat hulle nie geglo het dat God sou vergewe nie, en daarom het hulle nooit daarvoor gevra nie.

Die Bybel sê dat die Vader altyd genadig is. Sy goedertierenheid (genade) eindig nooit.

> Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid [genade] is tot in ewigheid. (2) Loof die God van die gode, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid. (3) Loof die Here der here, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid – (4) Hy wat alleen groot wonders doen, want sy goedertierenehid is tot in ewigheid. (5) Wat die hemele met verstand gemaak het, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Psalms 136:1-5

God is altyd bereid om te vergewe, maar diegene wat oortuig word dat Hy nie sal vergewe nie, sondig teen hulle siele en sal sterf; alles omdat hulle nooit sal vra nie. God se vergifnis bring aan ons die lewe en karakter van Christus wat genees en herstel, en herstel ons weer tot die

wet van die lewe. Jy sal slegs ontvang as jy vra. Indien jy eet van die vrug van hierdie boom wat Satan geskep het, sal jy sekerlik sterf. Indien jy glo dat daar in God se karakter die idee is dat God kan kom tot 'n plek waar Hy nie sal vergewe nie, dan sal jy sterf. Dit is die heerskappy van die dood. Dit is die mag van Satan oor die siel.

Die grootste triomf van Satan se strategie is om die heelal te oortuig dat God 'n God van die dood is en dat Hy geweld sal gebruik om te straf en indien nodig, diegene wat aanhoudend in opstand kom, sal doodmaak. Die Bybel sê vir ons:

> Want ons moet eenmaal sterwe en soos water wees wat uitgegooi word op die grond, wat ʻn mens nie weer kan versamel nie; **en God neem die lewe nie weg nie**, maar Hy koester gedagtes om 'n verstotene nie van Hom af te stoot nie. 2 Samuel 14:14

Hierdie vers is kosbaar omdat dit met die verhaal van Absalom verband hou. Ons onthou dat Dawid nie sy seun Amnon gestraf het oor die verkragting van Absalom se suster op die manier wat Absalom wou hê nie. Absalom het die saak in eie hande geneem en sy halfbroer, Amnon, weens sy daad vermoor. Dawid het sy seun Absalom verban weens die misdaad dat hy Amnon vermoor het. In 'n poging om Dawid en Absalom met mekaar te versoen, het Joab, die hoof van die leër van Dawid, 'n plan bedink om 'n vrou na Dawid te stuur om met hom te praat omtrent 'n vermeende saak wat sy gehad het, dieselfde as die geval van Amnon en Absalom. Dawid het dadelik die plan agtergekom, maar die vrou het 'n beroep op hom gedoen dat *God nie ʻn lewe neem nie, maar probeer om Sy uitgeworpe siele te herstel*. Deur hierdie nederige vrou verwoord God een van die diepste waarhede van die hemel.

In 'n Goddelike Patroon-stelsel sal vrye lewe nooit in harmonie wees met die dood nie. Vryheid en vrees kan nooit saam bestaan nie. God is liefde (1 Johannes 4:8) en wanneer ons hierdie liefde ken, word alle vrees uitgedryf. (1 Johannes 4:18). Daar is geen vrees in liefde (Agape) nie. Maar daar is vrees in die dood. Daarom kan God niks met die dood te doen hê nie.

> Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. 1 Korinthiërs 15:26
>
> …dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien. Lukas 1:74

Die dood is die gebied waar Satan heers. Hy het dit geskep deur 'n valse regstelsel deur die wet te ontwikkel en daardeur is baie daarvan oortuig dat oortreding van die wet gestraf moet word. Ernstige misdade moet met die dood bestraf word. Satan het die idee van die dood bedink deur sy begeerte dat die Seun van God nie meer moes bestaan nie. Hy het die heelal sonder Hom voorgestel. Dit het die deur vir die beginsel van die dood oopgemaak.

Ongelukkig was daar net een manier waarop die heelal die waarheid van Satan se plan kon ontdek: dit was dat die Seun van God toelaat dat Satan aan Hom doen wat hy begeer het. Die kruisiging van Jesus is die openbaring van die moorddadige saad wat van die begin af in die hart van Satan gewoon het.

Wanneer die ware karakter van die Vader geopenbaar word en die heelal hul keuse gemaak het ten opsigte van die God wat hulle dien, sal elke knie buig en erken dat Jesus Christus die Here is, tot eer van God, die Vader. Sommige sal dit in liefde doen. Sommige sal dit doen met geween en gekners van tande.

Dan sal die dood en die hel vernietig word. Die bewerker van die dood en diegene wat hom geglo het, sal verpletter word onder die gewig van hul eie skuld. 'n Vuur sal in hulle harte brand wanneer hulle besef dat hulle die ewigheid verloor het en dat hulle niemand anders as hulself kan blameer nie.

> En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. Openbaring 20:14

Soos die aardbewing die aarde geweldig geskud het toe Christus aan die Kruis gesterf het, so sal die aarde ook uitbars om die gewelddadige, haatdraende gedagtes van die verdoemdes te openbaar en hulle te verteer. Die aarde sal sy inwoners uitspoeg. (Levítikus 18:25). Diegene wat die Ewige Verbond oortree het, sal wortel en tak uitgeruk en uitgebrand word. (Jesaja 24:5-6; Maleági 4:1-2).

# HOOFSTUK 14:

# DIE VAL VAN LUCIFER EN SY ENGELE

Daar was geen logiese rede waarom Satan die pad geneem het wat hy gekies het nie. Hy het geweet dat God liefdevol, genadig en vergewensgesind is. Hy het geweet dat die Seun van God hom en al die engele en die heelal geskape het. Sy moedswillige verwerping van die werklikheid kan nie verklaar word nie. Dit is die verborgenheid van die ongeregtigheid. Hoe kon daardie pragtige, sagmoedige engel genaamd Lucifer, Satan word? Daar is geen verklaring waarom Satan gekies het om toevlug te soek in leuens, bedrog en geweld nie.

Satan moes vir 'n wyle geaarsel het toe hy besef het dat hy bereid was om sulke leuens omtrent God se karakter te verkondig. In Kain se lewe sien ons die geslinger en ook die wankeling wat hy beleef het deur die weg van Satan te bewandel. Kain onthul die innerlike onrus van Satan en ook sy onsekerheid, vrees en depressie deur die verlies van sy identiteit.

Het hy in die begin gewonder of hy met sy plan moes voortgaan? Sou hy hom ten volle verbind tot styd teen God en Sy Seun?

> Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? (2) Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: (3) Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp! Psalms 2:1-3

In hierdie diep duisternis wat Satan oor die engele gewerp het, het God die lig van die waarheid in die aangesig van Sy Seun laat skyn.

> **Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn –** dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus. 2 Korinthiërs 4:6

Hierdie teks is 'n uitdrukking van die saad in die Seun van God. Hy is altyd die lig; Hy is altyd die waarheid van die Vader en Hy is altyd die weg na die Vader. Die Seun van God het die duisternis betree om te spreek van God se liefde, genade en guns.

Sy woorde was soos 'n swaard uit Sy mond en Sy oë soos 'n vuurvlam. Die heerlikheid van die Here was hoop en vreugde vir engele wat in Hom geglo het, maar Hy was soos 'n verterende vuur (Exodus 24:17) in die oë van die engele wat die leuens van Satan geglo het. Die lig het in die duisternis geskyn, en die woord van die Seun van God het 'n skeiding gebring tussen diegene saam met Satan en diegene met God.

> Die riviere, o HERE, het verhef, die riviere het hulle gebruis verhef, die riviere verhef hulle geraas! (4) Meer as die gebruis van groot, geweldige waters, van die golwe van die see, is die HERE geweldig in die hoogte! Psalms 93:3-4

> **En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier** agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. Openbaring 12:15

> Van oos tot wes sal die Naam en die mag van die Here geëer word. **Wanneer die teëstander aanstorm soos 'n rivier, jaag die Gees van die Here hom op loop**. Jesaja 59:19 (1983)

Die Skrif verteenwoordig die woorde van die vyand soos 'n vloed wat die gelowiges sal wegvoer. Die slang wou deur sy leuens al die engele wegvoer, maar die Seun van God het die heerlikheid van die Vader geopenbaar soos 'n helder lig, en dit het 'n skeiding in die waters veroorsaak tussen die engele wat daarbo gebly het en die engele wat neergedaal het. (Génesis 1:6-7).

Tot Satan se bittere teleurstelling het slegs een derde van die engele gekies om hulle ten volle te verbind tot sy stryd met God en Sy gesalfdes.

> …**en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi**. En die draak het

> gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. Openbaring 12:4

Johannes het in 'n visioen die simbole van die vrou, wat op die punt was om die saad van Christus te baar, gesien. Alhoewel die simbole van die draak en die sterre profeties verwys na Satan se werk deur Rome, om sommige van die leiers van God se volk te vernietig, verwys dit ook na die oorspronklike saad wat hierdie proses in die hemel veroorsaak het.

Satan het aan die engele gesê dat God hulle nie sou vergewe nie en een derde van die engele het Satan geglo en saam met Satan die hok van die dood binnegegaan.

> En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar, Judas 1:6

Die rede waarom daar gesê word dat God hierdie engele in "boeie onder die duisternis bewaar", is dat Satan die engele verhinder het om te glo dat hulle na God kan terugkeer. Soos ons in die vorige hoofstuk genoem het:

> …om hulle oë te open, dat hulle hul van die **duisternis tot die lig** kan bekeer en **van die mag van die Satan** tot God, sodat hulle deur die geloof in My **vergifnis van sondes** en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang. Handelinge 26:18

> Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. Matthéüs 7:2

Die boeie van duisternis was die krag van Satan dat hulle NIE vergifnis van sondes sou ontvang nie. Hulle kon dus net hoop op die straf wat húlle vereis het dat God sou uitoefen.

> Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, (27) maar **'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer**. Hebreërs 10:26-27

Sommige van die engele - die verskil tussen 'n derde van die engele en die helfte van die koninkryk - het na God teruggekeer. Hulle het geweier om die leuen dat God nie sou vergewe nie, te aanvaar. Hulle het die waarheid van God se genadige, liefdevolle karakter aangeneem. Alhoewel hulle nie al Satan se beskuldigings kon beantwoord nie, het hulle besluit om getrou aan God te bly. Toe Jesus aan die Kruis gesterf het, is Satan se planne onthul en die engele het uiteindelik die antwoorde wat hulle gesoek het, gekry.

> …en dat Hy deur Hom **alles met Homself** sou **versoen** nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis – ek sê deur Hom – die dinge op die aarde **sowel as die dinge in die hemele**. Kolossense 1:20

Toe Christus gesterf het, was daar dinge wat met God versoen was in die hemel. Uiteindelik is Satan se idees en sy invloed uit die hemel verwyder.

> En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. (10) Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. Openbaring 12:9-10

Tot en met die tyd van die Kruis kon Satan nog steeds toegang tot die hemel verkry. Die fisiese teenwoordigheid van Satan in die hemel kon slegs toegelaat word, omdat daar onopgeloste vrae in die gedagtes van die engele was. Ons word dit in die verhaal van Job vertel.

> En op 'n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die Here te stel, het die Satan ook onder hulle gekom. (7) Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het. Job 1:6-7

Toe Jesus die Kruis nader, het Hy geweet dat Satan binnekort geopenbaar sou word en soos weerlig uit die hemel sou val. Satan sou geen simpatie

meer in die hemel hê nie en daarom sou hy geen rede meer hê om daarheen te gaan nie.

> Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val. Lukas 10:18

Die Seun van God het Satan aan die begin in liggaamlike vorm uit die hemel sien val, maar sy idees het aanvanklik nie heeltemal die hemel verlaat nie, totdat Christus aan die Kruis gesterf het nie. Dit moet nog getoon word wie op die aarde die waarheid van God se karakter sal aanvaar en sal losbreek van die heerskappy van die dood. Aan die einde van die tyd, binnekort, sal God die stryd aan die hele wêreld duidelik maak en die mens sal 'n besluit moet neem, net soos die engele 'n besluit geneem het.

Hoe kosbaar om te weet dat God se genade vryelik aan almal uitgedeel word. Alhoewel Satan die helfte van die koninkryk besmet het, het 'n oorblyfsel van hierdie engele na die boesem van die Vader teruggekeer.

Hoe hartseer moes die engele in die hemel gewees het om toe te kyk terwyl so 'n leemte in die hemelse howe gelaat is. Baie van hul metgeselle, met wie hulle kosbare herinneringe gedeel het, was weg. Die engele het sekerlik gehuil oor hierdie verskriklike verlies. Maar wie kan die gevoel van verlies wat die Vader en die Seun ervaar het, meet? Hulle wat hierdie engele geskape, grootgemaak en liefgehad het. Die sielesmart, trane en hartseer moes onpeilbaar gewees het.

# HOOFSTUK 15:

# DIE DRAAK VESTIG SY BASIS OP DIE AARDE

Is Satan uit die hemel gedryf? Of het hy sy kragte strategies verskuif na die volgende teater van aksie, die plek waar die aarde geskape sou word?

> En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer: (8) en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. (9) **En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei**, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. Openbaring 12:7-9

Het God hom uit die hemel geslinger soos 'n klippie? Indien ons die karakter van God ken, sal ons weet dat dit nie moontlik is nie:

> Hulle sal **geen kwaad doen of verderf aanrig** op my hele heilige berg nie; want die aarde sal **vol** wees **van die kennis van die HERE** soos die waters die seebodem oordek. Jesaja 11:9

Dit sê dat die Seun van God geen kwaad doen of verderf aanrig nie en heeltemal onskadelik is.

> En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, **omdat Hy geen onreg gedoen het** nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie. Jesaja 53:9

> **Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig [“harmless”]**, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het. Hebreërs 7:26
>
> [woord in hakies ingevoeg – sien King James Vertaling]

Hoe is Satan en sy engele dan neergewerp? Soos ons in Judas 1:6 lees, het hierdie engele hulle eie woning verlaat. Wat het veroorsaak dat hulle dan uit die hemel "neergewerp" is?

> En sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. Openbaring 12:4

Wat verteenwoordig die stert van die draak?

> Die oudste en aansienlike, dié is die kop, en **die profeet wat leuens profeteer, dié is die stert**. Jesaja 9:14

Satan se leuen en verkeerde karakterisering van God het veroorsaak dat baie van die engele God as hul vyand beskou het. God het probeer om hulle die waarheid te toon, maar elke toenadering aan die engele is as 'n aanval op hulle beskou.

> Maar húlle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in 'n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry. Jesaja 63:10

God was nie hulle vyand nie, maar "Hy [het] vir hulle in 'n vyand verander" deur hul eie misverstand omtrent waar hulle lewe vandaan kom met betrekking tot die wet van God. Toe God hierdie engele nader, het hulle gereageer soos Adam, wat baie bang was nadat hy gesondig het, daarom het hulle na hierdie gebied gevlug waar die aarde geskape sou word.

Dit staan geskrywe in Openbaring 12:4 dat dit Satan se leuens was wat die engele uit die hemel gewerp het. Om meer inligting te kry omtrent wat Satan op hierdie stadium gedoen het, moet ons Openbaring 12:1-3 wat vers 4 voorafgaan, ondersoek.

> En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre; (2) en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood. (3) En 'n ander teken het in die hemel

> verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; Openbaring 12:1-3

Wie is die vrou wat in die hemel verskyn het, wat geklee is met die son en die maan onder haar voete het? Verse 4-6 spreek van die vrou wat die manlike kind, wat die nasies sou regeer op aarde, gebaar het en na die hemel weggeruk is. Adam Clarke bied hierdie kommentaar:

> Die meeste kommentators is dit eens dat hierdie vrou die ware Kerk van Christus verteenwoordig. In ander dele van die Apokalips word die rein Kerk van Christus blykbaar deur 'n vrou uitgebeeld. In Open. 19:7 word 'n groot menigte voorgestel deur te sê: "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom, en sy vrou het haar gereed gemaak." (Vry vertaal)

Dit is beslis waar dat 'n rein vrou die bruid van Christus, Sy geliefde Kerk, verteenwoordig.

> Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Efésiërs 5:23

Waarom word hierdie vrou in verse 1-3 voorgestel asof sy in die hemel is, maar in verse 4-6, nadat die draak aarde toe gekom het, baar die vrou die manlike kind op die aarde?

Die plan vir hierdie aarde was om die heerlikheid van God en Sy Seun te openbaar. Ons is na hulle beeld gemaak. Al die inwoners van hierdie wêreld sou die bruid van Christus wees. Die Seun van God het verlang om 'n volk te hê wat Sy karakter en die karakter van Sy Vader volledig sou weerspieël. Die skepping van die vrou vanuit Adam se sy het ons die beginsel getoon van die vrou, die kerk, wat uit die hart van Christus gekom het. Christus, gebore uit die Vader, is die Een wat die wil van Sy Hoof sou doen; die mensdom, gebore uit Christus, sou die wil van hulle Hoof doen.

> Want elkeen wat die wil van God doen, dié is my broer en my suster en Moeder. Markus 3:35

> …gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God. Johannes 20:17

Die vrou, wat die volk van Christus verteenwoordig, wat Sy karakter in hulle het, sal met die son geklee wees. Christus is die Son van geregtigheid, die lig van die wêreld. Die einddoel van Sy bruid was om die waarheid van die karakter van God aan die heelal te openbaar.

Openbaring 12 word tweeduisend jaar gelede tydens die geboorte van Christus, geplaas. Die vrou is God se Kerk wat op die punt staan om die Messias te baar. Die draak word gemanifesteer deur die Romeinse mag en die sterre is die leiers van God se volk wat meegesleep is. Tog vind die saad van hierdie verhaal sy oorsprong heel aan die begin. God en Sy Seun was van plan om die vrou, die bruid van Christus, te skape om aan die heelal die ware verhouding tussen God en Sy Seun te wys. Lucifer was nie ingesluit in die besprekings omtrent die skepping van hierdie wêreld nie. Die besprekings was slegs tussen God en Sy Seun, want slegs die Seun van God het die waarheid van Sy Vader se karakter geken.

> En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, **wat niemand ken nie, behalwe Hy self**. Openbaring 19:12

Dit was Satan se begeerte om die prins van hierdie wêreld te word. Toe Adam en Eva hulle heerskappy aan Satan oorgegee het, het hy die titel gekry wat hy wou hê.

> Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want **die owerste van hierdie wêreld** kom en het aan My niks nie. Johannes 14:30

Satan wou sy regeringsbeginsels, met sy nuwe regstelsel, op hierdie aarde demonstreer, maar God het dit aan Sy Seun toegestaan om beide die Skepper en die regmatige Heerser van hierdie wêreld te wees.

> Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom

> tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. (14) **En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy** wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie. Daniël 7:13-14

Wat die profeet Daniël in visioen gesien het, is die vervulling van die oorspronklike plan wat die Vader van die begin af gehad het; dat Sy Seun Heerser sou wees en heerskappy oor die aarde sou voer. Voordat die Seun van God hierdie aarde geskape het, het Satan al sy magte na die aarde verskuif om hom voor te berei om te verslind en gevange te neem wat Christus op die punt was om te skep.

> En sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. Openbaring 12:4

Die verhaal van die geboorte van Christus 2000 jaar gelede is die manifestasie van wat by die grondlegging van die wêreld gebeur het. Toe Jesus gebore is, het Satan probeer om Hom te vernietig en op hierdie wêreld aanspraak te maak as die regmatige plek waar hy heers.

Toe Christus op die punt was om hierdie wêreld te skep en Sy bruid op aarde te verwek, het Satan gereed gestaan om dit van die heerskappy van die Seun van God af weg te ruk. Die wonder van die vrou wat beplan, uitgedink en in die hemel ontwerp is, sou nou uit die hand van Christus, haar Skepper, op aarde voortgebring word.

> In die begin het God die hemel en die aarde geskape. Génesis 1:1

So gou as wat die Seun van God hierdie plek, wat die naam aarde genoem word, geskep het, het Satan onmiddelik probeer om die plek in besit te neem, want aanvanklik daar was duisternis.

> En die aarde was woes en leeg, en **duisternis was op die wêreldvloed**, Génesis 1:2a

Ons weet dat hierdie duisternis nie goed was nie, want God het die duisternis nie goed genoem nie. Hy het slegs aangedui dat die lig goed is.

> En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. (4) **Toe sien God dat die lig goed was**. En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis; Génesis 1:3-4

God is lig. Satan is duisternis. Die teenwoordigheid van die duisternis, wat nie as 'goed' beskryf is nie, vertel ons dat Satan, die draak, voorbereid na die aarde gekom het om te verslind wat die Seun van God skep en homself die vors van hierdie wêreld te maak.

Die skeppingsverhaal is nie 'n reeks willekeurige stappe nie. Die skepping is 'n manifestasie van die saad wat in die Seun van God is en is ook 'n openbaring van die konflik tussen die saad van Christus en die saad van die slang.

Ons onthou dat die wet van die lewe nie van afdwingbare kragte gebruik maak nie. God het Satan glad nie gedwing nie. Hy het sy bewegings glad nie beperk nie, want die wet van vryheid is nie beperkend nie.

'n Ander bewys van hierdie vryheid word geopenbaar in die feit dat, hoewel Satan en sy engele bly lewe het, hulle nie uit eie krag geleef het nie. Daar is slegs een wat onsterflik is en dit is God. Die engele het gelewe deur die lewe wat in Christus is.

> Een ding het God gespreek, twee is dit wat ek gehoor het: dat die sterkte aan God behoort... Psalms 62:12

Christus het voortgegaan om lewe te gee aan hierdie gevalle engele. Elke lewenspols wat hulle gehad het, het van Christus gekom. Hy en Sy Vader kon steeds elke gedagte wat hulle gehad het, lees. Hulle het elke haatdraende gedagte en optrede van Satan teen hulle, geken. Tog het God hulle steeds lewe gegee. Waarom?

Eerstens, soos ons gesien het, neem God nie lewe nie. Tweedens het baie van die engele steeds onopgeloste vrae gehad en daar was tyd nodig vir Satan se idees om te ontwikkel, sodat die vrugte daarvan gesien kon word. As gevolg hiervan word die Seun van God gedwing om die

vuilheid en gemene uitbarstings van hierdie gevalle engele te hoor en waar te neem. Wat 'n kruis is dit nie vir Christus om te dra nie. Christus hou Satan steeds in 'n sekere sin in Sy arms, terwyl Satan die Seun van God klap, slaan, verskree en seermaak. Ons onthou:

> Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is… Hy self [gee] aan almal lewe en asem en alles. Handelinge 17:24a-25b

Die Vader en Seun gee voortdurend lewe aan Satan, sodat sy beginsels geopenbaar kan word en Hulle beginsels, om nooit geweld te gebruik nie, volgehou kan word. Satan gebruik hierdie lewe om te steel, dood te maak en te vernietig. Christus is die wysheid en krag van God. (1 Korinthiërs 1:24). Satan aanvaar die krag en verwerp die wysheid. Dus verhard Satan homself ten volle teen die Seun van God en tog lewe hy van elke asemteug van Hom af.

Elke keer wanneer Satan iets vernietig, is dit soos die staf in die hand van Moses wat 'n slang geword het toe dit neergelê is.

> Daarop vra die HERE vir hom: Wat is daar in jou hand? En hy antwoord: ‘n Staf. (3) En Hy sê: Gooi dit op die grond. Toe gooi hy dit op die grond, en dit het 'n slang geword; en Moses het daarvoor gevlug. (4) Toe sê die HERE vir Moses: Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert. Hierop het hy sy hand uitgesteek en dit gegryp, en dit het 'n staf in sy hand geword. Exodus 4:2-4

Christus is die staf in die regterhand van die Vader. Indien God Satan toelaat om dinge te vernietig, word die mag in Christus aan Satan oorgegee om hierdie bose dade te doen. Die Seun van God wil nie hierdie bose dade doen nie, maar as gevolg van die vryheid van keuse moet hierdie krag aan Satan oorhandig word. Elke keer wanneer Satan een van God se kinders doodmaak en vernietig, word Christus deurboor. Hy word deur hierdie oortredinge gewond.

Waarom keer Hy nie dat Satan dit doen nie? Omdat Satan self die beginsel van vrye keuse verstaan, en hy vereis dat die mens die gevolge van hul dade moet ontvang en dat hulle deur die god van hul keuses

beheer word – wat, indien hulle sondig, Satan is, wat oor hulle heers deur hulle te manipuleer, tot sonde aan te hits, te martel en om hulle uiteindelik te vernietig. Christus kan Satan nie keer om diegene wat weier om in die wet van die Here te wandel en Sy insettinge en verordeninge te onderhou, te teister nie. Hy kan hulle net smeek om na Hom terug te keer, om sodoende uit die moeilikheid te kom.

Sommige sal hier redeneer dat die onskuldiges ook seergemaak word; hoe verduidelik God dit? Baie kinders ly onder oorloë, of alkoholverslaafde vaders, of verskriklike regerings, ens. Die belangrikste woord hier is *onder*. God het 'n stelsel geskep waar die optrede en oortuigings van elkeen van ons ‘n invloed sal uitoefen op die mense rondom ons – dit is 'n deel van die vrye wil. Dit is veral waar indien ons 'n gesagsposisie beklee, 'n hoof; wat ons dink en doen, sal direkte gevolge hê op diegene onder ons. Dit was om ons en die engele te help om ons eie plek, en die plek van diegene bo en onder ons, in die groot ketting van bestaanswese, te verstaan; en dat ons optrede nie slegs onsself beïnvloed nie, maar ook in verhouding met alle ander dinge werk. Wanneer die mens en engele kies om Christus te verwerp, maak dit nie net hulself seer nie, maar almal rondom hulle.

Nadat Satan en Sy engele uit die hemel gevlug het, het God en Sy Seun besluit om voort te gaan om hierdie wêreld te skape. 'n Groot deel van die heelal is beïnvloed deur die leuens van Satan en sy valse regstelsel met betrekking tot die wet van God. God en Sy Seun het met goeie hoop uitgesien dat die waarheid van God se karakter in die mensdom, die bruid van die Seun van God, geopenbaar sou word, wat sou help om die aanklagte van Satan teen God te weerlê. Maar hulle sou nie Satan se bewegings beperk nie.

Satan was vry om in die streke van die nuwe wêreld wat geskape is, rond te beweeg. Sy haat vir die Seun van God het hom gedryf om na hierdie plek te kom en dit te probeer beheer. Dit is die rede vir die duisternis wat op die eerste dag van die skepping bestaan het. Satan het, met sy engele, hierheen gekom ter voorbereiding van wat sou kom.

Die beperkings op Satan kom uit sy eie regstelsel en uit dit wat hy gedink het God hom sou aandoen. Die nuwe skepping sou niks van Satan hoef te vrees nie, solank hulle met die Gees van Christus gevul is. Satan sou nie lank in hul teenwoordigheid kon bly sonder die behoefte om te vlug nie. Hy sou verdryf word deur die perdebye van sonde-oortuiging en deur sy vrees vir straf.

# HOOFSTUK 16:

# DIE SKEPPINGSWEEK-PROFESIE

Die konflik tussen Satan en die regering van God is in die saad van die slang ten volle ontwikkel. Slegs God en Sy Seun het geweet wat die uiteinde van hierdie dinge sou wees. God was, in Sy wysheid, deur die skeppingsgebeure, in staat om elemente van die saad in Christus en die saad wat in Satan was, te openbaar. Ons Vader kon die beginsels uiteensit wat sou lei tot the gebeure in hierdie konflik tussen God se koninkryk en Satan se koninkryk.

Hierdie wêreld was nie bestem om die middelpunt van die drama te wees nie, maar die volgorde van die skepping verklaar die belangrikste stadiums van die konflik tussen Christus en Satan. Dit was bepaal dat die saad van die slang 'n plek sou vind om sy beginsels te openbaar, maar dit was nie vasgestel of hierdie aarde die plek sou word waar dit sou manifesteer nie, want God is alwys, eerder as alwetend. Die verskil, soos ons bespreek het, lê daarin om die einde van die begin af te ken. Dit wat voor die begin is, is niks nie. Dit is nie bekend nie en dus is daar ‘n element van risiko betrokke.

Voordat Lucifer hom daartoe verbind het om ten volle in opstand te kom teen Sy Skepper, het die Gees van God oor die harte van die engele beweeg om hulle terug te trek van die afgrond, waarheen baie oppad was. Die skeppingsverhaal weerspieël hierdie werklikheid.

> Maar die aarde was 'n vormlose, onbewoonbare massa, en die **diep** waters was toegevou in duisternis. Die Gees van God het oor die oppervlakte van die water gesweef. Génesis 1:2 (NLV)

Die Hebreeuse woord vir *diep* het die betekenis van 'n stygende watermassa. Satan se onheil om die wet van God te herformuleer deur sy leuens omtrent onsterflikheid, het by die engele oproer veroorsaak. Hy het homself as 'n voorbeeld gestel van hoe om te lewe, in teenstelling met

die Seun van God. Die Gees van God het oor hulle beweeg en 'n beroep op hulle gewete gedoen om na die woorde van die Seun van God en die lojale engele te luister.

Lucifer het klagtes teen God en Sy regering aanhangig gemaak, maar Christus is die lig van die hemel wat die waarheid van God se karakter geopenbaar het. Lucifer dring daarop aan dat geregtigheid die dood vir oortredings eis, maar Christus het geopenbaar dat die Vader nie slagoffers en spysoffers vir die sonde begeer nie.

> En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. (4) Toe sien God dat die lig goed was. En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis; (5) en God het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag. Génesis 1:3-5

God het nie gesê "maak lig" nie. Hy het gesê "laat daar lig wees." Dit is iets wat ons in ons gedagtes moet inlaat en met dank moet ontvang. Satan het die lig geweier; en indien jou oog donker en onwillig word en dus nie lig kan ontvang nie, hoe donker kan die wêreld om jou dan word?

> Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. (23) Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie! Matthéüs 6:22-23

God het die lig goed genoem, soos ons in die vorige hoofstuk gesê het. Hy het nie die duisternis goed genoem nie. Dit wys ons op die verhaal wat tydens die skeppingsgebeure onthul word. God het die lig van die duisternis geskei.

Deur die waarheid van Sy Vader te onthul, het die Seun van God die duisternis wat in Satan was, blootgelê.

Die woorde wat die Seun van God gespreek het, is deur Sy Gees in die engele se gedagtes geplaas; dit is ‘n beoordelaar van hulle gedagtes en begeertes (Hebreërs 4:12). Die Gees is soos 'n windstroom wat skeiding

maak. Dit is wat ons in die uitspansel sien: 'n lugholte tussen die waters bo die aarde en die waters onder die aarde.

> En God het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters. (7) God het toe die uitspansel gemaak en die waters wat onder die uitspansel is, geskei van die waters wat bo die uitspansel is. En dit was so. (8) En God het die uitspansel hemel genoem. En dit was aand en dit was môre, die tweede dag. Génesis 1:6-8

Die resultaat van die openbaring van lig is om tot 'n besluit te kom. Sal daar aanvaarding van die lig wees, of sal daar weggedraai word van die lig[30] wat tot skeiding lei? Ons neem met belangstelling kennis dat God nie sê dat die skeiding van die waters 'n goeie ding is nie, maar dat dit eenvoudig so was. Dit is die saadbeginsel wat in die skepping geopenbaar word. Ons sal hierdie proses weer in dag vier en vyf van die skepping sien. Weereens skyn die lig op dag vier en is daar skeiding op dag vyf. Ons sal binnekort hierop ingaan. Ons punt van dag twee van die skepping is dat die Gees van waarheid skeiding bring. Jesus verduidelik hierdie beginsel toe Hy hier op aarde was.

> Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. (35) Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder, en 'n skoondogter en haar skoonmoeder. Matthéüs 10:34-36

God pleit by diegene in die duisternis om na Hom te draai. Die voortdurende beroep op die hart veroorsaak dat dit versag of permanent verhard word. Dit is hoe God Farao se hart verhard het; God het aanhoudend 'n beroep op hom gedoen om sy hart te versag, maar Farao het herhaaldelik geweier. Dit is wat skeiding bring.

---

[30] Die betekenis van die Hebreeuse woord vir *aand* beteken "'n wegdraai van die lig". Figuurlik beteken dit *teëspoed*.

Dag drie brei die skeiding uit wat op dag twee van die skepping begin het. Dit onthul meer van die ontwikkeling van die saad van Christus en die saad van Satan.

> En God het gesê: Laat die [1] **waters onder** [H8478] die hemel hulle op een plek [2] **versamel** [H6960], [3] **sodat die droë** [H3004] grond sigbaar word. En dit was so. (10) En God het die droë grond aarde genoem, en die versameling van die waters het Hy see genoem. Toe sien God dat dit goed was. Génesis 1:9-10

Die Hebreeuse woord vir *onder* beteken:

> H8478 tachath (takh'-ath) - onder, (depressief) vanaf H8430 tôach (to'-akh) – depressief, nederig.

Deur sy seunskap van God te verwerp, het Satan depressief geword. Elemente van sy karakter het begin slinger en wankel. (Génesis 4:12). Diegene wat saam met hom hul seunskap van God verwerp het, het gevind dat hulle saam met Lucifer gebind is. Die woord *versamel* (H6960) in Hebreeus beteken:

> H6960 qâvâh; (kaw-vaw '): 'n Primitiewe oorsprong; om saam te bind (miskien deur te draai), dit wil sê versamel; (figuurlik) om te verwag: - versamel (alles saam), kyk, geduldig, vertoef, wag (vir, op).

Satan en sy engele het gesamentlik weggedraai van die lig van die waarheid in die Seun van God. Hulle was gevul met woede, geweld, jaloesie en oordeel teenoor God en Sy Seun. Hulle was ook gevul met 'n vreesagtige afwagting op die oordeel. Ons sien hierdie saad van Satan manifesteer in Adam en Eva toe hulle gesondig het. Toe God hulle in die tuin besoek het, het hulle weggekruip en hulself uit vrees verberg. Hulle was gebind deur vrees, skuldgevoelens en vyandskap teenoor God. Hierdie saad word verder op hierdie manier verduidelik:

> Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde… Psalms 2:2

Daarom het die manifestasie van die lig die gevolg dat dit die gevalle engele verblind as gevolg van hul reaksie op die lig. Dit is hul eie vrees en oordeel, in reaksie op die lig, wat hulle tot slawe maak en wat hulle versamel.

> …wat die waters saambind in sy wolke [in duisternis] sonder dat die wolkgevaarte daaronder skeur; Job 26:8

> En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar; Judas 1:6

Ons sien die vrees wat die gevalle engele openbaar wanneer die Seun van God in hulle teenwoordigheid kom.

> En meteens skreeu hulle en sê: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God? Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig? Matthéüs 8:29

Dag drie van die skepping onthul die versameling van die waters *onder* die hemel. Dit verteenwoordig Satan en sy engele wat saamgebind is in hul afsku teenoor God en Sy Seun en hul vrees vir die komende oordeel. Ons neem met belangstelling kennis dat die versameling van die waters die droë grond laat verskyn het.

> En God het gesê: Laat die waters onder die hemel hulle op een plek versamel, sodat die droë [H3004] grond sigbaar word. En dit was so. Génesis 1:9

Hier sien ons die saadbeginsel van Satan se wanvoorstellings. Deur sy magte te versamel teen die Here en Sy gesalfdes, voorgestel deur die droë grond, was die verskyning van die vrou toegelaat en in hierdie droë grond is die saad, wat Christus is, in staat gestel om geplant te word.

> En God het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, **plante wat saad gee** en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, **waarin hulle saad is, op die aarde**. En dit was so. Génesis 1:11

Die Hebreeuse woord vir *droë grond* neem op die volgende maniere die tema van 'n pad of weg na redding aan.

> Hy het die see verander in droë land; hulle het te voet deur die rivier gegaan. Daar was ons bly in Hom. Psalms 66:6

> Nogtans het die manne geroei om die skip weer land toe te bring; maar hulle kon nie, omdat die see hoe langer hoe onstuimiger teen hulle geword het. Jona 1:13

Alhoewel Satan en sy engele vasbeslote was om die aarde sy hoofkwartier te maak en die planne van God en Sy Seun te onderbreek, het hul eie regstelsel, hul afsku teenoor Christus en die gevolglike vrees vir Hom, hulle daarvan weerhou om Christus te keer om in die droë grond te manifesteer en die saad te plant. Die saad wat op dag drie van die skepping gemanifesteer word, is 'n simbool van Christus.

> Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: **En aan jou saad, dit is Christus**. Galásiërs 3:16

Ons volg hierdie beginsel noukeurig aangesien dit 'n uitdrukking van die evangelie is. Toe Christus die waarheid van Sy Vader geopenbaar het, soos uitgedruk in dag een van die skepping, het dit 'n skeiding onder die engele gebring. Satan het toe sy magte versamel en na die aarde getrek waar hulle "saam vergader [het] teen die Here en teen sy Gesalfde." (Handelinge 4:26). Die erge effek van sonde word oopgevlek namate die duisternis vererger waar dit versamel, wat genade in baie meer oorvloed bring (Rom.5:20), wat toelaat dat die saad in die aarde geplant word.

Die mens is gemaak van die stof van die aarde en dag drie van die skepping is 'n simbool van die saad van Christus wat in menseharte geplant is en hulle na die lig van die waarheid trek. Dit is 'n simbool van die Gees van Jesus wat voortdurend 'n beroep op die mens doen om hulself aan die lig oor te gee. Net soos die Gees nie gesien word nie, word die werking van die saad in die menslike hart nie gesien nie. Die aksie daarvan is nie sigbaar nie, totdat dit uiteindelik te voorskyn kom.

Samevattend sien ons dat die patroon van dag drie van die skepping hierdie volgorde aanneem:

> Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword. Romeine 5:20

Deur hierdie teks in die konteks van die skepping te plaas, sien ons:

- Dag 1 – Lig: "Maar die wet [karakter] het daar bygekom"
- Dag 2 – Skeiding: "Sodat die misdaad meer sou word"
- Dag 3a – Waters bymekaar gekom: "en waar die sonde meer geword het"
- Dag 3b – Die saad word geplant: "het die genade nog meer oorvloedig geword."

Romeine 5:20 wys vir ons die volgorde van die interaksie tussen die saad van Satan en die saad van Christus.

Deur die saadbeginsel kan ons sien dat die skepping van hierdie wêreld die oorsprong van die Groot Stryd tussen Christus en Satan toon.

| Dag 1<br>Waarheid Onthul<br>Duisternis van Satan se leuens omtrent God se karakter. Christus openbaar die waarheid van God se karakter.<br>Laat daar lig wees | Dag 2<br>Skeiding<br>Satan en sy engele verlaat die hemel. Hulle weerstaan die Gees en weier om hulle te bekeer.<br>Waters verdeel | Dag 3<br>Die Saad<br>Waters onder bymekaar gebring. Dit laat die grond te verskyn kom.<br>'n Pad deur die see. Saad bring lewe. Gewortel in droë grond. |
|---|---|---|
| Die wet/karakter het bygekom | Die misdaad word meer | Genade het nog meer oorvloedig geword |
| Oorlog in die hemel voor die wêreld begin het | Oorlog in die hemel net voor die aanvang van die wêreld | Val van die mens tot die geboorte van Christus |

Die eerste drie dae van die skepping is 'n openbaring van die oorlog wat in die hemel plaasgevind het, wat daartoe gelei het dat Satan en sy engele na hierdie aarde gekom het om die komende Saad te weerstaan. Dieselfde volgorde van gebeure kan gevind word in die woorde van Jesus in Johannes 16:8 –

> En as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel. Johannes 16:8

| | | |
|---|---|---|
| Oortuiging | Sonde | Geregtigheid |

Hierdie gebeure word ook uitgedruk in die taal van Openbaring in 12:1-4.

| Dag 1 | Dag 2 | Dag 3 |
|---|---|---|
| Waarheid geopenbaar | Skeiding | Die Saad |
| En 'n groot teken het **in die hemel verskyn**: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre. | Dan, terwyl sy swanger was, het sy in barensnood en pyn uitgeroep om geboorte te skenk. | En 'n ander teken het in die hemel verskyn: kyk, 'n groot, vuurrooi draak… Sy stert het 'n derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het voor die vrou gestaan wat op die punt was om te baar, om haar kind te verslind. |
| Lig geopenbaar | Waters breek | |

Ons sien hier die vrou, die slang/draak en die Saad gemanifesteer. Dit is 'n weerspieëling van die gebeure wat in die Tuin van Eden plaasgevind het, waar ons die vrou, die slang-draak en die Saad sien.

> En Ek sal vyandskap stel tussen jou [die **slang**] en die **vrou**, en tussen jou saad en haar **saad**. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt. Génesis 3:15

Die primêre fokus van hierdie stryd, soos in die eerste drie dae weerspieël, sentreer in die hemel. Dag vier van die skepping is 'n openbaring van die sigbare werk van Christus op aarde, waar die karakter van God ten volle geopenbaar word. Die openbaarmaking van hierdie lig op aarde het dieselfde proses begin as wat aanvanklik in die hemel plaasgevind het, net meer ooglopend, wat veroorsaak het dat die misdaad meer word, sodat genade nog meer oorvloedig word.

> In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. (5) En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Johannes 1:4-5

> En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê. Johannes 8:12

Die bediening van Jesus het 'n skeiding onder die volk van God gebring.

> Hulle skel hom toe uit en sê: Jý is 'n dissipel van daardie man, maar ons is dissipels van Moses. (29) Ons weet dat God met Moses gespreek het; maar wat Hom betref, ons weet nie van waar Hy is nie. Johannes 9:28-29

> En Jesus sê: Tot ‘n oordeel het Ek in hierdie wêreld gekom, sodat die wat nie sien nie, mag sien, en die wat sien, blind mag word. Johannes 9:39

Die werk van Christus het veroorsaak dat diegene wat die Gees van God verwerp het, teen Christus versamel is om Hom dood te maak.

> En toe dit dag geword het, het al die owerpriesters en die ouderlinge van die volk saam raad gehou teen Jesus om Hom dood te maak. Matthéüs 27:1

> Van dié dag af het hulle toe saam beraadslaag om Hom om die lewe te bring. Johannes 11:53

Die optrede van Satan en hierdie bose mense was saamgebind in dik wolke van duisternis.

> En van die sesde uur af het daar duisternis gekom oor die hele aarde tot die negende uur toe; Matthéüs 27:45

Deur Christus om te bring, is die sondes van Satan en die leiers geopenbaar. Hulle het dit te ver geneem, sodat die saad van waarheid daarna die menslike hart kon aanraak. Die sonde om Christus aan die Kruis dood te maak, het die genade nog oorvloediger gemaak, omdat die werke van die duisternis aan die lig gebring is.

> Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy [Christus] dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel. Hebreërs 2:14

Die lig wat Christus aan die wêreld geopenbaar het, het die duisternis wat in die waters was, wat bymekaargekom het, ontbloot. Dit het ook die owerste van die mag van die lug geopenbaar (Efésiërs 2:2). Die werk van engele (rein geeste) en demone (onrein geeste) is aan die lig gebring.

Toe Satan Christus doodgemaak het, het Satan soos weerlig uit die hemel geval. Hy was nie langer in staat om toegang tot die hemelse ryk te verkry soos hy voorheen gehad het nie. Geen engel in die hemel is meer deur sy idees beïnvloed nie. Al die hemelse engele is met God versoen deur die openbaring van die lig in die lewe van Christus, wat gesimboliseer word deur die skepping van die son en maan op die vierde skeppingsdag.

> En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. (10) Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy

> Christus; want die aanklaer van ons broeders **is neergewerp**, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. Openbaring 12:9-10

Die gebeure wat in die verse hierbo beskryf word, het hul primêre fokus ten tye van die opstanding van Christus. Satan se idees is uit die gedagtes van die hemelse heelal gewerp. Hoe is Satan hier neergewerp?

> Daarmee **vernietig** [werp] **ons die argumente** [neer]**, asook elke skans wat teen die kennis van God opgerig** [verhef] **word**. Ons neem ook elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak. 2 Korinthiërs 10:5 (NLV)

Die argumente van Satan en sy volgelinge is uit die hemel neergewerp tydens die opstanding van Christus. Die hemelse engele is nie gewelddadig nie, en soos God en Sy Seun gebruik hulle nie geweld nie. Satan het fisies die hemel verlaat ten tyde van die skepping van die aarde, soos uitgedruk in Openbaring 12:4. Die idees van Satan is 4000 jaar later uit die hemel gewerp toe die lig van die Seun van God die heerlikheid van die Vader geopenbaar het.

> En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; Openbaring 12:13

Toe Satan sien dat hy alle simpatie in die hemel verloor het, het hy sy fokus uitsluitlik op die bewoners van die aarde gerig en was vasbeslote om die bruid van Christus te vernietig.

> En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou. Openbaring 12:17

Daarna sou die aarde dieselfde drie stappe deurleef wat die hemel deurgemaak het soos gesimboliseer in die eerste drie dae van die skepping.

> En God het gesê: Laat die waters wemel met 'n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspansel van die hemel. (21) En God het die **groot seediere**

> [H8577] geskape en al die lewende wesens wat beweeg, waar die waters van wemel, volgens hulle soorte; en al die gevleuelde voëls volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was. Génesis 1:20-21

Wat beteken die Hebreeuse woord vir *seediere*?

> [H8577] (Die tweede vorm wat in Eségiël 29:3 gebruik word); intensief van dieselfde as H8565; 'n see- of landmonster, dit wil sê **seeslang of jakkals**: **– draak**, **seemonster**, **slang**, walvis.

Voordat Christus gekom het, het engele en veral mense beperkte kennis van Satan en sy optrede gehad. Die groot seedier, of slang/draak, wat in die waters swem wat versamel was, verteenwoordig Satan.

> In dié dag sal die HERE met sy harde en groot en sterk swaard besoeking doen oor die Leviátan, die kronkelende slang; en **Hy sal die draak** [H8577] **doodmaak wat in die groot water is**. Jesaja 27:1

Wat is die swaard wat die Here gebruik?

> En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en **'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan**, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. Openbaring 1:16

> **Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as einige tweesnydende swaard**, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Hebreërs 4:12

Die slang is ontbloot deur die woorde van liefde en genade wat Christus aan ons gespreek het. Sy optrede van teerheid en deernis het die waarheid van Sy woorde gedemonstreer. Dit het die draak in die see geopenbaar wat in duisternis versamel is, soos gesimboliseer deur dag drie van die skepping.

Satan het die mensdom gevange geneem, daarom word die mensdom gesimboliseer as visse wat Christus probeer vang en van die draak in die waters red.

> En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak. Matthéüs 4:19

Die waters van die see bevat dus rein en onrein wesens. Die voëls van die lug bevat rein en onrein wesens. Dit simboliseer die skeiding tussen diegene wat die woorde van Christus ontvang en diegene wat dit nie ontvang nie. Jesus het van die dissipels gesê:

> Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het. Johannes 15:3

Dag vyf en ses simboliseer die voortdurende skeiding tussen diegene wat die Lam volg, wat onskadelik, heilig en onbesmet is, en diegene wat die woorde van Christus verwerp en opstaan en vlees verslind.

> En kyk, 'n ander dier, 'n tweede, het gelyk soos 'n beer, en is aan die een kant opgerig; en drie ribbes was in sy bek tussen sy tande; en só het hulle vir hom gesê: Staan op, eet baie vleis. Daniël 7:5

> Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. (15) Maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie. Galásiërs 5:14-15

Diegene wat vervul word met die onrein gees van Satan sal, soos hulle heer, baie vleis verslind. In die visioen van Daniël sien ons dat die dier, wat een van die koninkryke van hierdie wêreld verteenwoordig, opgestaan en baie vleis geëet het. Die heersende koninkryke van hierdie wêreld leef deur ander dood te maak. Die optrede van Satan word verteenwoordig deur vleis wat geëet en verslind word.

In teenstelling met die onbaatsugtige Gees van Christus, word die gees van Satan gekenmerk deur selfsug – wat Satan wil doen, doen hy, ongeag die pyn wat dit ander veroorsaak. Wat Satan uiteindelik wil hê, is om ander te vernietig; diegene wat hy verslind, wys dat hulle swakker is as hy en dus voel hy beter omtrent homself.

> Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.

1 Petrus 5:8

Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. **Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie**, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer **hy leuentaal praat**, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan. Johannes 8:44

Die Seun van God doen geen geweld nie en verslind nie vlees nie. Ons sien dat Christus die teenoorgestelde van Satan is. Christus lieg nie en Hy maak nie dood nie. Vir meer hieroor, sien die boeke *Dade van Ons Sagmoedige God* en *Agape* beskikbaar by *vadervanliefde.com*.

'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en 'n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie, totdat Hy die reg tot oorwinning uitbring. Matthéüs 12:20-21

…omdat **Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog** in sy mond gewees het nie. Jesaja 53:9b

Die skeiding tussen die visse, voëls en landwesens wat rein is en die visse, voëls en landwesens wat onrein is, verteenwoordig die skeidingskrag van die evangelie, net soos die skeiding van die waters op dag twee en dag drie van die skepping.

Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Galásiërs 5:17

Dit is geen toeval dat die mens op dag ses van die skepping na die beeld van God gemaak is nie. Die man en die vrou is na die beeld van God en Sy Seun geskape. Wanneer die beeld van God se karakter herstel word, word die rus van die Sabbat binne gegaan.

Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; (10) want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Hebreërs 4:9-10

| Dag 4 | Dag 5 | Dag 6 |
|---|---|---|
| Waarheid geopenbaar<br>"Ek is die lig van die wêreld"<br>Christus openbaar die waarheid van God se karakter.<br><br>Son, maan en sterre verlig die aarde. | Skeiding<br><br>Die visse en voëls kom na vore. Sommige is rein en ander onrein.<br><br>Draak geopenbaar | Die Beeld van God<br><br>Mens en dier word as rein of onrein geopenbaar. Hulle eet óf vleis óf leef as onskadelik en sorgsaam.<br><br>Vrees God en gee Hom eer. |
| Die wet/karakter het bygekom | Die misdaad word meer | Genade het nog meer oorvloedig geword |
| Christus se lewe op aarde | Vanaf vernietiging van Jerusalem tot einde van die Middeleeue en 1260 jaar | Tyd van die einde. Christus geopenbaar in mense. |

Daar is baie dinge wat omtrent die skeppingsweek gesê kan word, maar ons fokus hier op die verhaal wat God vertel, hoe die twee sade hulself sou manifesteer en die skeiding wat sou plaasvind. Weereens, ons herhaal, dit was nie bestem om op die aarde te gebeur nie, maar God sou vir die heelal die patroon uitlê hoe dinge sou ontvou uit wat God geweet het deur die gedagtes van Satan te lees en dit te vergelyk met Sy Seun.

'n Versoening soortgelyk aan dié van die hemelse engele, toe Christus na die aarde gekom het en die karakter van Sy Vader en die karakter van Satan geopenbaar het, sal herhaal word wanneer, aan die einde van die aarde se geskiedenis, die 144 000 se karakters dié van Christus ten volle sal weerspieël.

> En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en **die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe**.
> Openbaring 14:1

Die bruid maak haarself gereed. Diegene wat die gebooie van God en die geloof van Jesus bewaar, sal aan die wêreld toon hoe God se karakter lyk. Die hele wêreld sal dan self besluit wie hulle gaan dien. Satan sal uit die gemoed van diegene wat die Lam van God volg waar Hy ook al lei, gedryf word. Dit sal verklaar word:

> Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen, en wie vuil is, laat hom nog vuiler word, en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. Openbaring 22:11

Dan sal Christus kom om Sy kinders op te eis. Die goddelose, wat die stempel van die karakter van Satan dra, word verskrik wanneer Christus en Sy engele die aarde nader. Hulle word vernietig deur die glans en verskyning van Sy koms, (2 Thessalonicense 2:8). Dit is sondeskuld, gekombineer met hulle vrees vir God, wat hulle sal oorweldig. God vernietig hulle nie deur geweld nie, maar hulle word verpletter deur die loon wat hulle verdien het. Die onheil sal die goddelose vernietig (Psalms 34:22).

Daar is meer besonderhede omtrent hierdie verhaal oor die beëindiging van sonde, maar ek wil slegs hierdie interessante gedagte uitwys. Die eerste ses dae van die skepping volg 'n dag en nag siklus. Dag volg altyd op nag. Maar op die sewende dag word die nag nie genoem nie. Aan die einde van die stryd tussen goed en kwaad word ons vertel:

> En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid. Openbaring 22:5

Die sewende dag gee die rus te kenne wat na die heelal kom wanneer die konflik met die duisternis verby is. Almal wat oorbly, sal God liefhê met hulle hele hart en sal weet dat daar geen duisternis in Hom is nie. (1 Johannes 1:5).

# HOOFSTUK 17:

# GESKAPE NA DIE BEELD VAN GOD

Satan en sy engele was oorspronklik gewillig om God die Vader te erken, maar het geweier om die gesag en leierskap van die Seun van God te aanvaar. Satan het gespog dat hy soos die Allerhoogste, die Vader, sou wees. Hy het ontken dat die Seun van God gelyk is aan die Vader. Namate die saad van hierdie opstand steeds ontvou, sien ons 'n duidelike beeld van die kwessies wat op die spel is.

> …**sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer**. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie. Johannes 5:23

Die Seun van God se erfenis van Sy Vader verseker dat gelykheid nie aan krag, heerlikheid en intellek gemeet kan word nie. Die erfenis van die Seun van God is die grootste bewys dat die Vader Agape is; dat Hy van nature heeltemal vrygewig is.

> Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee.
> Johannes 3:35

Satan het gekies om sy erfenis van Christus te ignoreer en eerder te roem in sy wysheid, krag en rykdom. (Sien Jeremia 9:23; Eségiël 28:17). Omdat die Seun van God alles van Sy Vader ontvang het, het aanbidding tot die Seun van God vir Satan ondraaglik geword. Om die Seun van God te aanbid, was 'n voortdurende herinnering daaraan dat alle dinge van die Vader kom en aan ons gegee word.

Dit is in hierdie konteks dat ons die rede waarom God Adam en sy vrou na die beeld van God gemaak het, meer volledig kan waardeer. Die hoofskap wat God oor Sy Seun gehad het, moes weerspieël word in die hoofskap wat Adam oor sy vrou, wie hy later Eva genoem het, gehad het.

> Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus. 1 Korinthiërs 11:3

'n Entjie verder leer ons hoe die hoofskap van Adam sou dien om die engele te leer omtrent die onderwerp van gesag.

> Daarom moet die vrou 'n aanduiding van gesag op die hoof hê **ter wille van** die engele. 1 Korinthiërs 11:10

Die woord *ter wille van* hierbo is afkomstig van die Griekse woord *διά* - wat die kanaal van 'n handeling beteken. Dit kan ook vertaal word as:

> daarna, altyd, onder, by, om te vermy, vanweë (dit), kortliks, deur, vir (oorsaak). . . voor, van, in, by geleentheid, van, op grond van, ter wille van, dat, daardeur, dus, deur (-uit), tot, daarom, met (-in).

Ons kan hierdie gedeelte vertaal as:

1. Vir die saak van die engele
2. Vanweë die engele
3. Ter wille van die engele

As die engele na die verhouding tussen Adam en Eva kyk, kan hulle die basis van die goddelike regering in die hemel beter leer ken.

> …omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. (20) Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie. Romeine 1:19-20

Die Bybel vertel ons wie hierdie wêreld geskep het.

> …en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in **God wat alles geskape het deur Jesus Christus**, Efésiërs 3:9

> …Hy [het] in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun (2) wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, **deur wie Hy ook die wêreld gemaak het**. Hebreërs 1:1b-2

Dit is die Vader en Sy Seun wat hierdie wêreld geskape het. Die Vader was die bron en Sy Seun was die kanaal waardeur dit geskape is. Dit gee groot betekenis aan die volgende vers.

> En God het gesê: **Laat Ons mense maak na ons beeld**, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. Génesis 1:26

Terwyl God alles deur Sy Seun geskape het, is dit duidelik dat God met Sy Seun praat toe Hy gesê het: "Laat Ons mense maak na ons beeld." Paulus is korrek as hy sê dat ons sonder verskoning is omtrent hierdie vraag, want Adam en Eva is twee wesens, waarvan die een uit die ander voortgekom het. Die onsigbare eienskappe van God word duidelik gesien in die skepping van die man en die vrou.

> En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. Génesis 1:27

God het die mens na Sy beeld geskape, beide in die individuele vorm en funksie, sowel as die feit dat daar twee persone was. Die leerstelling van die Drie-eenheid vernietig hierdie beeld. Dit verduister die werklikheid van die verhouding tussen God en Sy Seun. Een van die belangrikste punte wat God die heelal wou leer, word vernietig.

God het nie drie gelyke wesens in die tuin geskape om die beeld van God voor te stel nie. Hy het twee wesens geskape, met die een wat uit die ander voortgekom het. Die eenvoud hiervan is duidelik vir almal wat bereid is om dit te ontvang.

> Toe het die HERE God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. (22) En die HERE God bou die rib

wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens. (23) Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. Génesis 2:21-23

Eva is uit Adam geneem as 'n beeld van die feit dat die Seun van God uit die Vader geneem is.

Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en **waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het**, en hulle het geglo dat U My gestuur het. Johannes 17:8

En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het **uit God uitgegaan** en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur. Johannes 8:42

Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, **is ek gebore**; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; Spreuke 8:24

En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en **sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid**. Miga 5:1

Eva het uit Adam voortgekom en tog is sy gelyk aan Adam. In die begin was die vrou en die vrou was by die man en die vrou was 'n mens soos die man. (Sien Johannes 1:1).

Man en vrou het Hy hulle geskape en hulle geseën en hulle mens genoem, die dag toe hulle geskape is. Génesis 5:2

Soos Christus die glans van die heerlikheid van die Vader is, so is die vrou die glans van die man se heerlikheid.

Die Seun weerkaats God se heerlikheid, en Hy is die presiese ewebeeld van wie God werklik is. Hebreërs 1:3 (NLV)

Want 'n man moet die hoof nie bedek nie; omdat hy die beeld en heerlikheid van God is; maar **die vrou is die heerlikheid van die man**. 1 Korinthiërs 11:7

Net soos God die heelal deur Sy Seun bevolk het, so sou Adam die aarde deur sy vrou bevolk. Net soos die Seun van God dit wat onsigbaar was in God, sigbaar gemaak het, so sou Eva die saad wat in Adam onsigbaar was, sigbaar maak.

Die verhouding tussen Adam en Eva sou 'n lesboek wees vir die heelal om die ware verhouding van God en Sy Seun te leer verstaan.

> …dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het… is – dinge waarin die engele begerig is om in te sien. 1 Petrus 1:12

Die man het alles wat aan hom gegee is, met die vrou gedeel. Hy het woorde van liefde, seën en vreugde oor haar gespreek. Hy wou graag vir haar sorg as deel van homself. Hy het 'n verantwoordelikheidsgevoel om vir haar te sorg, omdat sy van hom gekom het.

Eva het die heerskappy wat aan Adam gegee is, gedeel; sy het alles geërf wat God vir hom gegee het. Haar gelykheid met die man was nie gebaseer op krag nie, want die man was sterker as die vrou gemaak. Dit was nie op hoogte gebaseer nie, want die man was langer as die vrou. Dit was nie gebaseer op ouderdom nie, want die man is voor die vrou geskape. Tog was hulle altwee eweveel "mens."

Daar sou harmonie tussen man en vrou wees, solank hulle hul waarde nie baseer op hul inherente eienskappe nie, maar op die verhouding wat hulle saam gedeel het. Die vrou was die enigste een in die tuin wat die vermoë gehad het om die man te ken. Nie een van die diere het die vermoë gehad om Adam se vreugde en aspirasies te waardeer nie. Soos die Seun van Sy Vader sê, so kon Eva alleen sê.[31]

> Net soos die Vader [Adam] My ken, ken Ek ook die Vader [Adam]… Johannes 10:15

---

[31] Vir meer inligting hieroor raadpleeg die boek *Oorspronklike Liefde* op *vadervanliefde.com*

Eva het dit geen roof geag om aan Adam gelyk te wees nie. Sy het sy menswees gedeel; sy is van die rib wat oorspronklik in hom was, gemaak. Sy het nie gedink aan die behoefte om haarself met hom te vergelyk nie, en dit het ook nie by haar opgekom dat sy haar natuurlike kenmerke moes beklemtoon om die man te lok nie. Sy het berus in haar identiteit as die vrou, afkomstig van die man.

Van die oorspronklike man en vrou wat na die beeld van die Vader en die Seun gemaak is, sou die aarde gevul word met miljoene gesinne wat na die beeld van God gemaak is, wat die Vader en die Seun verteenwoordig en die engele meer leer omtrent hoe die verhouding tussen die Vader en Seun werk.

Wat 'n bestemming is die mensdom gegee. Watter liefde is in hierdie skepping belê. Aan die man en die vrou is dieselfde vryheid gegee wat in die hart van die Seun van God bestaan het. Die eniggebore Seun kon niks meer gee as wat Hy self ontvang het nie. Die man en die vrou was vry om te kies om God te dien en Sy karakter te weerspieël of om 'n ander weg te kies.

Die keuse van 'n ander weg is egter nie 'n eenvoudige proses nie. Dit vereis 'n ongeloof in die goedheid van God, Sy wonderlike gawes en 'n ontkenning dat Hy volkome vryheid voorsien het, binne hierdie realiteit. Dit vereis dat die ontvanger onwaarheid omtrent God glo, sodat die verhouding met Hom verbreek word; dit vereis ‘n geloof dat ons lewe beter sou wees sonder God; selfs in die lig van al hierdie bewyse wat aan ons toon dat vertroue in ons eie wysheid tot selfvernietiging sal lei.

Ons Vader in die hemel is lewe, liefde, vryheid en vreugde. Hy is vol van goedheid en waarheid. Hy is oorvloedig in genade en guns en Hy is ongelooflik geduldig en sagmoedig. God sou die mensdom nie prysgee nie, alhoewel dit, veral vir die engele, gelyk het asof die mensdom Hom prysgegee het. Ons Vader het 'n plan gehad.

Ons Vader het die skepping so ontwerp dat dit die mens help om homself en sy verhouding met God te verstaan. Hy het Adam binne 'n sekere verhouding met die grond geplaas om God se eie verhouding tot

Sy skepping te demonstreer. Aangesien daar 'n nuwe persepsie van die werklikheid in die heelal bestaan het, sou die tuin van Eden hierdie feit weerspieël. Satan se nuwe regstelsel het die heelal beïnvloed. Een derde van die engele was daartoe verbind om hierdie nuwe koninkryksbeginsels te volg. Liefde moet die vryheid bied om te kies.

# HOOFSTUK 18:

# HEERSKAPPY VAN DIE TUIN VAN EDEN

Hoe wonderlik moes dit nie gewees het om in die tuin van Eden te woon nie. 'n Lewende, energieryke paradys gevul met die geur van liefde, vrede en vreugde. Die vrou het in die boesem van haar man gerus, omdat sy na die beeld van God en Sy Seun gemaak is; 'n herinnering aan waar sy vandaan kom; die veiligste en rustigste plek vir haar om te vertoef.

> …die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar. Johannes 1:18

God het vir Adam en sy vrou 'n seën gegee. Dit bevat vyf belangrike punte:

> En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees **vrugbaar** en **vermeerder** en **vul** die aarde, **onderwerp** dit en **heers** oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. Génesis 1:28

Vrugbaarheid is baie meer as die vreugde om kinders na jou eie beeld voort te bring. Die seën van God word in die eerste plek gegee om die vrug van die Gees te dra.

> Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. (23) Teen sulke dinge is die wet nie. Galásiërs 5:22-23

In die verhouding wat aan die man en die vrou gegee is, is daar die geleentheid om so 'n pragtige karakter te ontwikkel. Die eerste en kosbaarste element is liefde, Agape-liefde. Die liefde vir vryheid, die saggeaarde en sagmoedige karakter van die Seun van God is in elke vesel van Adam en sy vrou se verstand, hart en siel geskryf. Deur die vertraging om die vrou uit die man voort te bring, is die vreugde en

waarde daarvan versterk om die vrou saam met hom te laat wandel, om met hom te gesels en sy lewensreis te deel.

Elke oggend sou die man sy dank aan God uitgespreek het, soms met trane oor die kosbare skat wat hy het in sy vrou. Gevul met die Gees van die Seun van God, sou hy dan woorde van liefde, bedagsaamheid en waardering vir haar uitstort, gekombineer met dade van goedhartigheid en toegeneëndheid.

Dit sou geestelike sade in die hart van die vrou plant en haar vreugde vermeerder deur te weet dat haar man haar koester en waardeer; dat sy geliefd is. Haar begeerte om haar man te dien, te behaag en vreugde te bring, sou toeneem en in die sinergie van hulle liefde sou die karakters van die man en die vrou vermeerder in die vrug van die Gees. Hulle sou in guns groei deur die resonansie van hul verhouding; so sou hulle ook groei in die werk wat God aan hulle gegee het en in hul dankbaarheid teenoor God.

Die menslike siel het die vermoë om frekwensies van vibrasies oor te dra en te ontvang. Die wetenskaplike navorsing van Manfred Clynes[32] onthul die vermoë van 'n persoon om frekwensies uit te stuur wat verband hou met die emosionele toestand wat hulle ervaar. Die frekwensies van liefde, vriendelikheid, vreugde of aanbidding was lank en stadig. Die frekwensies wat verband hou met haat en woede was kort en skerp. Hieruit kan ons leer dat die vrug van die Gees wat in 'n persoon manifesteer, frekwensies uitstraal, wat die hele tuin sou vul.

Aangesien die man en die vrou uit dieselfde materiaal as die aarde self bestaan, sou die frekwensies wat hulle in ooreenstemming met die wet van God uitstraal, 'n positiewe en vrugbare uitwerking op die omgewing hê.

Daar is reeds baie eksperimente uitgevoer wat die gevolge toon wanneer plante en diere met woorde van vriendelikheid en sorg toegespreek word.

---

[32] https://en.wikipedia.org/wiki/Manfred_Clynes

In teenstelling hiermee het die menslike siel die vermoë om frekwensies uit te stuur wat die omgewing negatief beïnvloed.

> En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; (20) afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; (21) afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie. Galásiërs 5:19-21

Hierdie lys van negatiewe gedagtes en dade is die produk van die oortreding van die wet van God. Die wet van God, wat die wet van vryheid en burgerskap is, produseer nie frekwensies wat die aarde sal beskadig nie. Die geheim vir die man en die vrou wat vrugbaar is en vermeerder en die aarde met goedheid vul, word gevind in 'n voortdurende stroom van liefde, vreugde, dankbaarheid, geduld, vriendelikheid en goedheid wat uit hul gedagtes en harte na die wêreld om hulle vloei.

Die bewys van hierdie verband tussen die mens en die aarde, aan die negatiewe kant, kan ontdek word deur die effek van Adam se sonde op die tuin, asook deur die effek van Kain se moord op sy broer Abel, op die aarde.

> En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. (18) Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. Génesis 3:17-18

Die Young's Literal Translation gebruik die woorde "...*cursed is the ground on thine account.*" Dit wys waarom die aarde vervloek is. Die meeste vertalings dui aan dat God die grond vervloek het om hulle 'n les te leer. Tog is die realiteit dat die grond (die aarde) vervloek sou wees deur die verkeerde frekwensies wat Adam en sy vrou uitstraal. Skelwoorde sal die

plante beïnvloed om skerp dorings en distels te produseer. Hierdie dinge kom uit die sondigheid van die mens, in plaas van, soos sommige dink, dat God die mens straf deur hierdie dinge te skep.

Let op die uitwerking op die aarde toe Kain Abel doodgemaak het:

> En Kain het met sy broer Abel gepraat; en toe hulle in die veld was, het Kain teen sy broer Abel opgestaan en hom doodgeslaan. (9) Toe sê die HERE vir Kain: Waar is jou broer Abel? En hy antwoord: Ek weet nie. Is ek my broer se wagter? (10) En Hy sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af. (11) Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. (12) As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; 'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde. Génesis 4:8-12

Die haatgevoelens wat tot moord in Kain gelei het, het die vrugbaarheid van die aarde beskadig. Tydens die moord op Abel is die pyn, skok en hartseer in sy liggaam en gees, in die besef van wat Kain hom aangedoen het, ook deur die aarde opgeneem en is dit beskadig, sodat die aarde nie dieselfde sou kon produseer as wat dit voorheen gedoen het nie.

Die tuin van Eden was slegs 'n klein deeltjie van die aarde. Namate Adam en Eva 'n mooier karakter ontwikkel het, sou hulle kinders na hierdie beeld geproduseer word. Die kinders word grootgemaak in die geurige atmosfeer waar slegs woorde van liefde en deernis uitgespreek word en waar geen negatiewe vibrasies hul verstand of liggaam sou aanraak nie.

Wat 'n pragtige bestemming was vir die mensdom beplan. Die hele aarde sou gevul wees met liefde, vreugde en seën. Blomme, vrugte, bome en tuine sou die hele aarde gevul het. In die mate wat die mens 'n mooi en afgeronde karakter ontwikkel het, sou die aarde onder sy heerskappy dit weerspieël het.

Die manier waarop ons die eerste drie werkwoorde van Génesis 1:28 verstaan, sal die konteks van die laaste twee werkwoorde bepaal.

> En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees **vrugbaar** en **vermeerder** en **vul** die aarde, **onderwerp** dit en **heers** oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. Génesis 1:28

Toe Jesus op die aarde was, moes Hy gereeld Sy luisteraars probeer weglei van die gedagtes van die vlees, eerder na die gedagtes van die Gees. Toe Jesus vir Nikodémus sê dat hy wedergebore moet word, was die eerste gedagte wat Nikodémus uitgespreek het oor die geboorte van fisiese of vleeslike aard. Tog het Jesus van geestelike dinge gepraat.

> Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. (7) Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. (8) Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is. Johannes 3:6-8

Jesus het aan Sy dissipels te kenne gegee dat die fisiese/vleeslike begrip eerstens die gevolg is van 'n verharde hart.

> En Hy het hulle beveel en gesê: Pas op, wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes. (16) Toe redeneer hulle onder mekaar en sê: Dit is omdat ons geen brode het nie. (17) En Jesus merk dit en sê vir hulle: Waarom redeneer julle dat julle geen brode het nie? Begryp julle nie en verstaan julle nie? Het julle nog jul verharde hart? Markus 8:15-17

Ons neem met belangstelling kennis van die gedagtes van sommige kommentators:

> ... as dit nie 'n uitdruklike opdrag is nie, soos die Jode dit verstaan, vir die huwelik en voortplanting met kinders, blyk dit meer as 'n blote toestemming te wees; ten minste is dit 'n aanwysing en 'n advies omtrent wat geskik en gerieflik was **vir die toename van die mensdom, en vir die vervulling van die aarde met inwoners**,

wat die doel daarvan was. - Jesaja 45:18. John Gill Kommentaar (Vry vertaal)

Hulle is duidelik geplaas onder sy spesiale beskerming, en hulle is die **mag gegee om na hul eie soort** op die aarde **voort te plant en te vermeerder**. - Jesaja 45:18. Adam Clarke Kommentaar (Vry vertaal)

As ons die woorde *vrugbaar* en *vermeerder* in die geestelike begrip van *karakter* toepas, sal ons 'n duideliker persepsie hê van waarmee die aarde gevul word en hoe dit onderwerp word en wat die heerskappy is wat gevoer word.

As ons na die woorde *onderwerp* and *heers* in Hebreeus kyk, het ons die volgende betekenisomvang:

Onderwerp [H3533] kâbash

om te vertrap; gevolglik negatief, om te verontagsaam; positief om te oorwin, te onderwerp, te oortree: - in slawerny te bring, te dwing, onder te hou, te onderwerp, in onderwerping te bring.

Heers [H7287] râdâh

om te vertrap, dit wil sê, onderwerp; spesifiek om af te breek:- (kom tot, maak om te) heers, heers oor, heers, (dra, maak om te) heers, neem.

Aan die vleeslike kant, kan hierdie teks gelees word asof God aan Adam die heerskappy gee om die aarde te vertrap en al die laer ordes van die skepping te onderwerp en te forseer om onderdanig te wees. In die Gees word hierdie teks vervul in die lewe van Jesus toe Hy met die wind en die golwe gespreek het en beveel het om stil te word. Hierdie was nie 'n opdrag van oorheersing of geweld nie, dit was 'n uitaseming van daardie Gees in Hom wat gevul was met vrede en kalmte. Die atmosfeer rondom Christus het alles rondom Hom versag deur vrede, liefde en vreugde.

Adam en sy vrou moes die aarde vul met hul onselfsugtige, sagte karakter. Die diere en wesens word nie getemper met 'n sweep of

kragtige opdragte nie, maar deur die frekwensie van liefde, kalmte en harmonie.

Die Gees van Jesus is 'n Gees van vryheid, vrymoedigheid sonder beperking. (Johannes 8:36). Die enigste manier om die aarde te onderwerp en daaroor te heers in hierdie konteks, is om hierdie atmosfeer na almal in die gegewe sfeer uit te straal. Vir diegene wat ore het om te hoor, laat hulle hoor waaroor die oorspronklike heerskappy werklik gegaan het.

# HOOFSTUK 19:

# VERLORE PARADYS

Buite hierdie pragtige tuin loop die draak op en af en wonder hoe hy hierdie pragtige paartjie, wat na God en Sy Seun lyk in vorm, aangesig en karakter, kan vernietig. Op dieselfde manier wat die lig op die aangesig van Moses geskyn het deurdat hy die skoonheid van God se karakter aanskou het, skyn die aangesigte van Adam en sy vrou met die heerlikheid van God; 'n gepaste embleem van die wysheid van God wat in hulle is.

> En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos. Daniël 12:3

Soos ons in Openbaring 12:4 aangaande die geboorte van Christus ontdek het, het die draak gereed gestaan om die kind net na die geboorte te verslind. In die geboorte van Christus sien ons die manifestasie van wat in die begin plaasgevind het. Christus was pas in die harte van Adam en sy vrou gebore.

> …aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is **Christus onder julle [in julle – sien KJV], die hoop van die heerlikheid**. Kolossense 1:27 [woorde in hakies ingevoeg]

Alhoewel hulle in volgroeide liggame gewoon het, het Adam en Eva in wysheid en geestelike gestalte en in guns by God en die engele begin groei.

Deur die manier waarop Satan Herodes gebruik het, kry ons 'n blik op dinge wat in die begin gebeur het.

> Toe het Herodes die wyse manne in die geheim geroep en hulle na die tyd van die ster se verskyning uitgevra; (8) en hy het hulle na

> Betlehem gestuur en gesê: Gaan doen noukeurig ondersoek na die Kindjie, en as julle Hom vind, laat my weet, sodat ek ook kan gaan en Hom hulde bewys. Matthéüs 2:7-8

Herodes het misleiding gebruik om toegang te verkry tot die plek waar Christus gebore is. Hy het 'n begeerte getoon om die baba Jesus te aanbid, maar sy ware bedoeling was om hom dood te maak.

Ons onthou dat die engele deur Adam en sy vrou lesse van die Vader en Seun, sou leer. Soos die wyse manne uit 'n ver land gekom het om geskenke te bring om Josef, Maria en Jesus te seën en te onderhou, so het die engele uit die kontinent van die hemel met seëninge en geskenke vir Adam en Eva, die nuut geskape egpaar, gekom. In soortgelyke wyse wat die manne gekniel het tydens die aanbidding van die Messias, het die engele hul oor Adam en sy vrou verwonder, dié wat na die beeld van God gemaak is, en het hulle die goedheid en wysheid van hulle Skepper geag. Deur Adam en Eva waar te neem, sou die engele die waarheid van die Vader en die Seun leer.

Het Satan die engele wat heen en weer uit die tuin gegaan het, aangespreek om hom toe te laat om die nuwe mense te vernietig? Is die engele, net soos die wyse manne, aangemoedig om nie met Satan in gesprek te tree terwyl hulle na die tuin gekom het om saam met Adam en sy vrou in samesyn te verkeer nie?

Dit is interessant om daarop te let dat die wyse manne uit die ooste gekom het. Dit is ook belangrik dat dieselfde Griekse woord *ooste* in die Septuagint (die Griekse vertaling van die Ou Testament) gevind word, wat spreek van die tuin wat God in die begin geplant het.

> En toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is, in die dae van koning Herodes, het daar **wyse manne uit die Ooste** [G395] in Jerusalem aangekom. Matthéüs 2:1

> Ook het die HERE God 'n tuin geplant **in Eden, in die Ooste** [G395], en daar aan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee. Génesis 2:8

Soos in die begin van hierdie boek gesê is, dra die Hebreeuse woord vir *ooste* ook die betekenis van ouderdom of uit die antieke tyd. Ons sien hier die skakel tussen die wyse manne in die tyd van Christus en die engele wat die nuwe egpaar besoek het.

Wat die geskenke betref wat hulle gebring het: die geskenk van goud verteenwoordig die opbou van geloof (1 Petrus 1:7) wat net voor hierdie gebeure in die vuur van die stryd wat in die hemel plaasgevind het, gelouter is. In die heiligdom het wierook, gemeng met meel en olie, 'n spysoffer geword (Levítikus 2:1). Dit was 'n erkenning van wie die bron van lewe, die brood van die lewe, is (Johannes 6:48). Die samesyn van die engele met die mens het hulle toegelaat om die mense te onderrig omtrent die kwessies van die Groot Stryd tussen Christus en Satan. Die olie van mirre was 'n simbool van die goddelike teenwoordigheid terwyl hulle saam ontmoet het. Die skatte van die wyse manne vanuit 'n ver land was inderdaad 'n seën vir Josef en sy vrou.

Solank as wat Adam en sy vrou volgens die karakter van hulle God gewandel het; solank as wat Christus deur geloof in hulle gewoon het, kon Satan hulle nie aanval of teister nie. Die wetboek van Deuteronómium verduidelik soos volg:

> As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God **om sorgvuldig te hou al sy gebooie** wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. (2) En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God... (6) Geseënd sal jy wees by jou ingang, en geseënd sal jy wees by jou uitgang. (7) **Die HERE sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug**. Deuteronómium 28:1-2,6-7

Alhoewel Satan nie direkte toegang tot die heilige paar kon verkry nie, is Satan toegestaan om die plek in die middel van die tuin, waar die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad staan, te beset.

> En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, (17) maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Génesis 2:16-17

Die Gees van Jesus is altyd 'n Gees van vryheid. Daar kan geen vryheid wees sonder keuse nie. Aangesien die teenwoordigheid van 'n ander koninkryk in die heelal bestaan, moet die manifestasie van daardie koninkryk teenwoordig wees. Om Sy kinders voor te berei op die lewenswerklikheid, het Hy hulle nie beskut op 'n manier wat hulle glad nie kans sou gee om 'n goeie karakter te ontwikkel deur die regte keuse te maak nie.

Solank as wat Adam en sy vrou die boom in die middel van die tuin vermy het, het hulle 'n goeie karakter ontwikkel en hul keuse om God lief te hê en te dien, uitgeoefen.

Satan kon sy frekwensies van haat, woede en depressie uit die middel van die tuin uitstraal, maar liefde vir die woord van God en die skild van geloof sou die heilige paar teen kwaad beskerm.

Die Bybel sê vir ons:

> En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom. 1 Timótheüs 2:14

Dus, as bewys van die stelling:

> Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle moeitevolle arbeid. (10) Want as hulle val, kan die een sy maat optel, maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel. Prediker 4:9-10

Ons weet nie hoe Adam en sy vrou van mekaar geskei is nie. Die wysheid wat Salomo in die teks hierbo uitgespreek het, is 'n manifestasie van die saad wat van die begin af bestaan het. Dit was verstandig dat Adam en sy vrou liewer bymekaar sou bly. Dit was nie verstandig om alleen in die tuin te wees terwyl Satan impulse (of trillings) van sy frekwensies vanaf die Boom van Kennis kon uitstuur nie. Adam se

persepsie van wat besig was om plaas te vind, was wyer as die persepsie van Eva; hy het die oorspronklike opdrag van Christus gekry om die vrug van die verbode boom te vermy voordat Eva gevorm is, wat Adam dan aan haar oorgedra het. Soos Christus onder die beskerming van Sy Vader geleef het, so moes Eva onder die beskerming van Adam leef. Indien hy by haar was, sou sy deur sy leiding geseën wees.

Sommiges wonder miskien waarom God Adam en sy vrou in 'n omgewing geplaas het met 'n aantal gevaarlike moontlikhede? Die vraag mag gevra word, waarom bring ouers kinders in 'n wêreld in vol gevare? Waarom word kinders toegelaat om in die modder te speel of fiets te ry of 'n aantal dinge wat risiko's inhou, te doen? Die werklikheid van die heelal is dat daar 'n vyand bestaan het wat dit wat God en Sy Seun doen, wou vernietig. Die enigste manier om in hierdie omgewing te leef, was deur beperkte blootstelling aan Satan te hê om teen hom te kan kies en sodoende ware karakter te ontwikkel. Die beperkte blootstelling aan Satan sou ook 'n kontras bied tussen die karakter van God en die karakter van Satan. Dit sou hulle ook help om te onderskei en te verstaan waarom God en Sy Seun so wonderlik is en waarom sonde so gevaarlik is.

Hoe verder Eva na die middel van die tuin beweeg het en hoe verder sy van Adam af was, hoe nader was sy aan die frekwensies wat Satan uit die Boom van Kennis uitgestraal het.

Waarom die slang deur Satan gebruik is, is 'n raaisel. Die slang, of draak, was 'n pragtige gevleuelde wese. Hierdie slang was een van die wesens onder die heerskappy van Adam. Satan sou nie in staat gewees het om die slang vir sy doeleindes in besit te neem sonder om die heerskappy van Adam te oortree nie. Is dit moontlik dat Eva, terwyl sy van Adam geskei was, hierdie oortreding vergemaklik het? Dit was Adam se plig om vir sy vrou te sorg. Het hierdie nalatigheid om haar aan te moedig om naby hom te bly, ook frekwensies in die tuin uitgestuur wat die ander wesens beïnvloed het? Dit is moeilik om onomwonde te sê, maar toe die vrou die slang met haar hoor praat, het dit geklink asof hy haar interne denke weerspieël het.

> Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? Génesis 3:1

Dit sou verstommend gewees het om die slang blykbaar met haar te hoor praat. Eva is deur die engel-besoekers teen die vyand gewaarsku, maar sy het verwag dat 'n engel eerder as die bedrieglike medium van 'n slang, haar sou aanspreek. Satan het geweet dat Eva hierdeur verras sou wees; hy kon haar lyftaal lees.

Eva se gedagtes, emosies en gevoelens het ook frekwensies voortgebring wat Satan kon lees. Hy het nie haar presiese gedagtes geken nie, maar haar verbasing deur haar vrae opgetel.

In reaksie hierop oorbeklemtoon Eva die woorde van God en onthul sy haar vrese.

> En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, (3) maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Génesis 3:2-3

God het nie gesê "julle mag dit nie aanroer nie." Hy het net gesê "daarvan mag jy nie eet nie." Dit sou gevaarlik wees om daaraan te raak, maar dit sou nie tot die dood lei nie. Slegs om van die vrugte te eet sou tot die dood lei. Eva het bygevoeg by die boodskap wat Adam aan haar oorgedra het omtrent wat God gesê het.

Dit is wat Moses opgeteken het wat God vir Adam gesê het:

מֹ֖ות תָּמֽוּת׃

Wat God gesê het, is geskryf in die Hebreeuse werkwoordvorm wat *Qal imperfect* genoem word. Dit beteken dat God gesê het dat die eet van die boom 'n proses sou begin wat tot die dood lei. Die woord wat Moses vir

'sterf' in Hebreeus geskryf het, het die volgende betekenisse in die Qal-vorm:

> 1a) (Qal)
>
> 1a1) om te sterf
>
> 1a2) om te sterf (as straf), om dood te maak
>
> 1a3) om te sterf, omkom (van 'n nasie)
>
> 1a4) om voortydig te sterf (deur verwaarlosing van wyse morele gedrag)

Die woord kan *doodmaak* beteken, of dit kan beteken *om voortydig te sterf deur verwaarlosing van wyse morele gedrag*. Hoe het Adam God se woorde geïnterpreteer? Hier is die woorde wat Moses opgeteken het, wat Eva vir die slang gesê het.

פֶּן־תְּמֻתוּן׃

Die geringe verandering in wat Eva gesê het, het beteken dat, indien jy die vrugte eet, sal jy moet sterf.

Dit is wat Satan vir Eva gesê het.

לֹא־מוֹת תְּמֻתוּן׃

Hy het gesê dat jy nie "moet sterf" nie. Wat Satan vir haar gesê het, was op hierdie stadium tegnies korrek. God het gesê dat jy sal omkom, maar Eva het gesê dat jy moet sterf en Satan het vir haar gesê dat dit nie korrek is nie. Om te sterf is die natuurlike gevolge van jou eie optrede. Om te "moet sterf" beteken dat die gevolge die gebruik van dodelike geweld van 'n eksterne entiteit vereis. Dan voeg Satan hierdie leuen by:

> Maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Génesis 3:5

Satan het aan Eva voorgestel dat sy onsterflik sou wees deur van hierdie boom te eet en ook dat sy dieselfde kennis as God sou opdoen, 'n kennis van goed en kwaad. Die waarheid is dat God nie 'n kennis van die kwaad gehad het nie. God het *van* kwaad geweet, maar Hy het nie die kwaad geken nie, want Hy het dit nog nooit ondervind nie. Satan was die een wat goed en kwaad uit ervaring geken het. Hy het homself as God aan haar voorgestel.

Ons kan dit vergelyk met die skoolseun wat begin rook het en 'n sigaret aan sy jong vriend aanbied. Dit lyk asof die ouer seun wyser is, omdat hy 'n kennis het wat die ander seun nie het nie. Ongelukkig is dit die kennis van die kwaad wat tot die dood lei. Satan het 'n siening van God aan Eva voorgehou as een wat alles weet, beide goed en kwaad. Hy het God as alwetend voorgestel.

Dit is soortgelyk aan Elíhu se bewering. Die jong man het geïrriteerd geraak, omdat die ouer manne nie in staat was om Job te oortuig dat sy rampe hom weens sy sondes getref het nie. Elíhu verklaar dat God volmaak of volledig is in kennis, wanneer dit Elíhu self is wat dink dat hy God se weë ten opsigte van sonde en straf volkome ken.

> Begryp u iets van die gesweef van die wolke, van die wonders van die Volmaakte [Volledige] in kennis? Job 37:16

Tog word ons in die Psalms vertel dat God se begrip 'n getal is wat nie getel kan word nie.

> Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig [H4557]. Psalms 147:5

Is die Psalmis dus reg? Is God se begrip 'n groot getal wat ons nie ken nie, of is dit soos Elíhu wat dit as volmaak of volledig verklaar?

Elíhu beskuldig Job daarvan dat hy minagting soos water drink en geselskap met die werkers van ongeregtigheid hou en saam met die goddelose wandel (Job 34:8). Hierdie bewering is onwaar, want God het gesê dat Job vroom en opreg was, God gevrees het en van die kwaad afgewyk het (Job 1:1).

Job word getoets deur die aanval wat Elíhu op hom gedoen het. Maar net soos Elíhu verkeerd was omtrent sy assessering van Job, was hy ook verkeerd omtrent sy assessering van God. Elíhu gaan voort:

> Hy verpletter die geweldiges sonder ondersoek en sit ander in hulle plek. (25) So ken Hy dan hulle werke en werp hulle omver in die nag, sodat hulle verbrysel word. (26) Hy straf hulle soos goddelose op die plek waar almal dit sien. Job 34:24-26

Hy verklaar dat God in Sy geregtigheid die goddelose sal vebrysel en straf. Hy begeer dan grootliks dat God Job moet toets en sy werke ontbloot.

> Ag, mag Job getoets word tot die einde toe weens die [Job se] antwoorde in die trant van kwaaddoeners. Job 34:36 [woorde in hakies ingevoeg]

Jesus sê vir ons dat God niemand oordeel nie (Johannes 5:22). Elíhu, soos die meeste mense, se siening van God is verkeerd. Hy stel God in 'n valse lig voor. Hy aanbid 'n alwetende God. Die ware God ken die einde van die begin af en Hy het nie 'n persoonlike kennis van die kwaad deur kwaad te doen nie.

Eva word met die woorde van Satan, deur die slang, verlei. Sy is gefassineer dat die slang blykbaar die spraakvermoë verkry het deur die vrug te eet. Eva het verwag dat die eet van die vrug vinnige en onmiddellike straf sou meebring, maar tog het dit nie gelyk asof die slang op enige manier benadeel is nie. Dit het gehelp om Eva daarvan te oortuig dat die eet van die vrug nie 'n vinnige en onmiddellike straf sou veroorsaak nie, wat meebring dat sy die geloofwaardigheid van die woord van God in twyfel trek.

Die feit dat Eva van haar man weggegaan en nader aan die Boom van Kennis beweeg het, het beteken dat haar sin van integriteit verlaag is. Haar nuuskierigheid en interne vrae het haar in die rigting van Satan, waar hy by die boom was, aangetrek. Sy teenwoordigheid het frekwensies uitgestuur wat haar verwar en in versoeking gebring het.

Die Bybel sê dat toe die vrou sien dat die boom goed was om van te eet, sy van sy vrugte geneem het. Toe sy die vrugte in haar hande gehad het, het Eva geen ongemak of straf gevoel nie. Omdat sy gesê het dat die aanroer van die vrugte die dood sou bring, het dit verder aan haar bewys dat niks met haar sou gebeur indien sy die vrugte eet nie.

Waarom tree God nie in en stop hierdie situasie nie? Waarom laat Hy toe dat dit ontvou sonder om in te meng? Omdat Eva al die nodige instruksies gegee is om 'n keuse te maak, sou ingryping haar verhinder om te doen wat sy verlang, en dit is geen vryheid van keuse nie. Dit het Christus vreeslike lyding gebring deur die vrou toe te laat om hierdie keuse te maak. Sy Gees was in haar hart, maar toe sy van die vrugte eet, het sy die Gees van Christus verwerp en die gees van Satan aanvaar.

Eva het met 'n bose gees gepraat. Toe sy die vrugte eet en ‘n besluit geneem het ten gunste van wat daardie gees haar vertel het, het sy hom uitgenooi om beheer oor haar denke te neem. Daarom, toe sy Adam nader, was sy deur die demoon gelei. Erger nog, sy het die boodskap van die bose gees, wat magiese kragte beloof het om soos God te word, gedra, en per definisie maak dit van ons eerste moeder 'n towenares.

Terwyl die vrou van die boom terugkeer, is sy onder Satan se gesag. Sy kom nou na haar man toe, nie as 'n onderdanige vrou nie, maar as 'n onderwyseres van 'n nuwe godsdiens. Terwyl Adam voor Eva staan, sien ons ‘n voorskou van mans wat deur die eeue voor die vroulike orakels gestaan het, soos Delphi en ander, aan wie insig in hul toekomstige lot belowe is. Terwyl Adam sy vrou sien, wat been van sy been was, kom hy in aanraking met 'n gees wat hom nie meer as haar hoof en weldoener herken nie.

Sy het 'n ander sielsgenoot gevind, 'n ander onderwyser wat haar alles belowe het wat haar hart begeer sonder dat sy haarself aan iemand onderwerp. Sy het gekom, nie om onderrig te word nie, maar om te onderrig; nie om te dien nie, maar om onderwerping te eis. Hierdie vroulike gees, wat nou beheer word deur die magte van die duisternis, sal gebruik word as die verleidelike medium van Lucifer om Adam te

oortuig om by die rebellie aan te sluit. Eva het die beeld van God verbreek. Onder invloed van Satan het sy die Gees van Jesus wat onderdanig en leerbaar is, verloor. Eva word meer selfversekerd, seker van haarself dat dit wat hulle vroeër verstaan het, verkeerd was. Daar is iets vreemds-aantrekliks aan hierdie vrymoedige, selfversekerde vrou wat die vrugte in Adam se hand druk.

Adam assesseer die situasie; hy sien sy het die vrugte geëet. Die woorde wat hy met haar gespreek het omtrent die doodstraf weens oortreding, stoei in sy gedagtes. Hy is seker dat sy moet sterf en dat God haar sal doodmaak. Die emosies is vir hom nuut; hy weet nie hoe om dit te hanteer nie. Daar is 'n behoefte om die skuld vir hierdie verskriklike situasie, voor iemand se deur te lê. In sy hart is opstand teen God besig om op te bou, alhoewel hy skaars daarvan bewus is. Satan word onmiddellik aangetrek tot die frekwensies wat uit Adam kom. Alle gedagtes van dankbaarheid teenoor God word verswelg onder die valse aanname dat God sy vrou sal doodmaak.

Adam se persepsie is onwaar, maar eerder as om sy verwarring na sy geliefde Meester en Vriend te neem, begin hy self besluite neem. Die Gees van Jesus roep na Adam in sy gemoed. Die Gees doen 'n beroep op Adam om die saak na die Seun van God of die engele te neem, om die saak te bespreek voordat hy tot ander gevolgtrekkings kom. Maar, sy woede groei; dieselfde haat wat in Satan bestaan, begin toegang kry tot die hart van Adam. Hy dink aan hoe die lewe sonder Eva sou wees. Hy kan dit nie voorstel nie. Satan, wat Eva terug na hulle huis gevolg het, fluister vir hom dat God nie sy beste belang op die hart dra nie en dat dit beter sou wees om by die rebellie aan te sluit.

Die hele tuin staan stil terwyl Adam die vrug in sy hand oplig en dit na sy mond bring. Die Vader en die Seun pleit op daardie oomblik by Adam om te heroorweeg, maar hy blokkeer die smekende stem, net soos Josef se broers sy smeekstem blokkeer het toe hulle hom in slawerny verkoop het. Adam eet die vrug in woede en hartseer met die volle wete dat dit 'n opstandige optrede was.

Op daardie oomblik is daar 'n diep wond in die siel van die Seun van God gemaak. Adam het die geestelike mes van wrok en haat in die Gees van Christus binne hom, gedruk en Christus van die troon van sy gemoed afgeskeur. Christus word op hierdie oomblik in die hart en verstand van Adam, vanaf die grondlegging van die wêreld, gedood. (Openbaring 13:8 – sien King James Bybelvertaling).

Die Seun van God kan Adam en Eva nie verlaat nie, want indien Hy dit doen, val hulle verseker op die grond en sterf onmiddellik. Christus hou Adam en Eva vas terwyl Hy die wonde in Sy hart dra en volhou om aan hulle lewe te gee, selfs terwyl die gees van Satan hulle regeer. Christus moet in die teenwoordigheid van Sy vyande leef om die mensdom aan die lewe te hou.

Hoewel die moontlikheid bestaan het dat Adam en Eva in sonde kon val, het God nie vasgestel dat dit moes gebeur nie. Dit was nie Sy wil dat Adam die rebel sou kies en Hom sou teenstaan nie. Dit was nie verseker dat dit sou gebeur nie. Nadat Adam gesondig het en die saad van die slang gesluk het, het God presies geweet waarheen dit sou lei en wat met die mensdom sou gebeur, want Hy ken die saad wat in Satan is. Hy het, in die ses skeppingsdae, die effek van die saad van die slang op die saad van Sy Seun, uiteengesit.

Die brandende vraag wat vir ons wink, is: wat sal God doen?

# HOOFSTUK 20:

# WAT DIE VLEES BEDINK

Die verandering wat in die gemoed van Adam plaasgevind het, was katastrofies. Hy het sy valse gedagtes omtrent God verseël deur die verbode vrug te eet. Luister na wat Inspirasie sê omtrent die gevalle menslike toestand.

> Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. Romeine 8:7

> Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Jeremia 17:9

> En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: (29) hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; (30) nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; (31) onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, (32) mense wat – al ken hulle die verordeninge van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.
> Romeine 1:28-32

Al hierdie eienskappe was nou in Adam gesetel. Dit was in saadvorm. Hy was nie bewus van die omvang van die verandering wat in homself plaasgevind het nie. Hy het geen idee gehad van die impulse wat in hom opgewel het nie; dit was soos die diep waters van die eerste skeppingsdag.

Adam het die gedagtes van Satan bedink en saam met hom al sy eie eienskappe op God geprojekteer. Adam was onder die indruk dat God sy vrou en homself wou doodmaak, omdat hulle die verbode vrugte geëet het. Hy het gedink dat God 'n vernietiger van Sy eie kinders is. Hy het gedink dat God die dood vir die oortreding van die wet eis.

> Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei en daardeur gedood. Romeine 7:11

Die wet van God is net so heilig soos Hyself. Dit is 'n weerspieëling van Sy volmaakte karakter. Net soos God, is die wet heilig, regverdig en goed.

> Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed. Romeine 7:12

Binne die wet het ons die waarheid geopenbaar dat God in staat is om genadig te wees aan diegene wat Hom liefhet en Sy gebooie onderhou, want die onderhouding van die gebooie is om die karakter van God te ken. God word toegelaat, deur die geloof van die ontvanger in Sy genade. Enige van God se optredes teenoor diegene wat God haat, word as vyandig beskou.

> En Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. Exodus 20:6

Soos ons in hoofstuk 13 geleer het, bestaan God se genade vir ewig; dit word nooit beëindig nie. Daarom, wanneer ons ophou om in die ware God te glo, hou genade op. Toe Adam gekies het om die idee te glo dat God sy vrou sou doodmaak, het hy gekies om die wet van God se karakter te oortree; hy het gekies om te glo dat God nie genadig is teenoor diegene wat nie gehoorsaam is nie. Dit is die rede waarom die *verbreekte* wet die dood van die oortreder eis; dit is die oortreder wat dit begin glo.

> En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie. Hebreërs 9:22

Hierdie vers wat pas aangehaal is, spreek nie van die denke van God nie, maar van die denke van die gevalle mens. God het nooit offers vir sonde geëis nie.

> Slagoffers of graanoffers wil U nie hê nie. U het my in staat gestel om te luister. Brandoffers of sonde-offers het U nie nodig nie. Psalms 40:7 (Nuwe Lewende Vertaling)

Dit is so ongelooflik moeilik vir die sondaar om dit te begryp. Die Christelike wêreld glo feitlik universeel dat God die dood van die oortreder eis en dat slegs die bloedoffer van Sy Seun die mens se oortreding teen Hom sou betaal. Hoe kan dit vir God moontlik wees om die dood te eis, terwyl Hy terselfdertyd nie offers begeer nie? Dit is onmoontlik. Adam het die leuen geglo dat God die dood vir hul oortreding geëis het, en daarom het hy die vrug in opstand geëet.

Dit is dus so dat God, om die mens te red, die skuld moes betaal wat die mens geglo het betaal moes word om hom te verlos. Adam het 'n geloof in die genade van God verwerp toe hy gekies het om te glo dat God sy vrou wou ombring. Indien hy in die genade van God geglo het, sou hy na God gegaan het en om genade gevra het. Maar hy het dit nie gedoen nie.

Volgens die mensdom het die gebroke wet die dood vereis, en slegs die dood sou ons met die wet versoen. Totdat dit gebeur het, het ons in 'n verhouding van wanhoop met God geleef. God was gewillig om dit vir ons te doen, sodat ons weereens met God versoen kon *voel* (hoewel God altyd bereid was om Hom met ons te versoen sonder die dood, maar ons wou dit nie glo nie). Vanaf hierdie eerste stap wou God ons meer akkuraat leer omtrent Sy wet en Sy regering, en ons saggies wys op ons wanopvattings en ons sondigheid namate ons in genade groei en Sy karakter verstaan.

> Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – (15) en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was. Hebreërs 2:14-15

In beginsel wil God hê dat ons dit moet verstaan: die primêre oortreding van die wet is om te glo dat God iemand of iets moet doodmaak om te kan vergewe. Dit is die enigste rede waarom die oortreding van die wet die dood van die oortreder vereis.

Indien die mens die waarheid van God se karakter verwerp, rig hy in God se plek 'n afgod van sy eie verbeelding op; en indien die mens 'n afgod aanbid, word God 'n jaloerse God. In sy afgodery tree die mens verby die muur van God se beskerming en kan Satan hom begin aanval, kwaad aandoen en uiteindelik vernietig. Hoe verder die mens van die barmhartige God af weggaan, hoe groter is die skade wat hom tref en hoe sekerder glo die mens dat dit God is wat hom hierdie straf toedien. Maar dit is onheil en boosheid wat die goddelose vernietig, nie God nie.

> **Die onheil maak die goddelose dood**; en die wat die regverdige haat, moet daarvoor boet. Psalms 34:22

> Die HERE het Hom bekend gemaak; Hy het strafgerig geoefen; **die goddelose is verstrik in die werk van sy hande**. Higgajon. Sela. Psalms 9:17

Die Bybel sê vir ons dat die oordeel wat God teen die goddelose uitoefen, plaasvind wanneer hulle in die werk van hul eie hande vasgevang word. Die goddelose sterf onder die valse illusie dat God hulle doodmaak, omdat hulle die vriendskap van die ware God weier.

Hoe kon God die denke van Adam bereik? Adam was heeltemal oortuig dat God hom wou doodmaak. Hoe kon God met hom spreek noudat hy onder die heerskappy van die dood was? Daar was niks goeds in Adam wat op God sou reageer nie. Daar was niks in hom wat na God uitgereik het nie, of selfs na Hom sou soek nie.

> Dit is soos die Skrif sê: "Niemand is goed nie – selfs nie een nie. (11) Daar is nie een wat verstandig is nie; niemand wat ernstig na God soek nie. (12) Almal het hulle rug op God gekeer; almal het sleg geword. Daar is niemand wat die goeie doen nie – selfs nie een nie." Romeine 3:10-12 (NLV)

Die Vader en die Seun was oorweldig met hartseer oor die toekoms van die mensdom. Almal wat 'n vriend verloor het wat teen jou gedraai het, weet dat, indien iemand eers oortuig is dat jy teenoor hom slegs kwaad bedink, daar niks is wat jy kan sê om hom anders te oortuig nie. Dit het gelyk asof die draak, wat gereed was om die saad te verslind, God en Sy Seun verslaan het. Satan kon slegs dink dat God die mensdom aan homself sou oorlaat om te doen wat hy wou.

Maar God is nie onkant betrap nie. Hy was bewus van die potensiaal van Sy skepsels om te kies om valshede omtrent Hom te glo en hulself in 'n hok van die dood toe te sluit. Satan het die karakter van God verwerp terwyl hy duidelik kon sien wie God is. Adam en Eva het slegs 'n paar jaar gelewe; dus was hulle kennis van God redelik beperk. Daar was 'n kans op verlossing vir die gevalle mensdom.

Uit innige medelye vir ons het die Seun van God die Vader genader om Hom te versoek dat Hy aan die eise van Hul gevalle kinders mag voldoen.

# HOOFSTUK 21:

# AGAPE SE RISIKO

> Ja, Hý sal die tempel van die HERE bou, en Hý sal majesteit verkry en sit en heers op sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op sy troon, en **die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan**. Sagaría 6:13

Die Vader en die Seun het saam 'n raad van vrede gehou om die stappe wat Hulle sou neem om die mensdom te verlos, te bespreek. In die gebed van Jesus in Johannes 17 sien ons die gemanifesteerde vrug van daardie beraadslaging. In hierdie gebed word dit wat verborge was, openbaar gemaak.

Ons word daaraan herinner dat die gesag ten opsigte van die mensdom, aan Christus gegee is.

> Soos **U Hom mag oor alle vlees gegee het**, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. Johannes 17:2

Die plan het behels dat die mensdom deur die eniggebore Seun die waarheid omtrent die Vader leer ken.

> En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. Johannes 17:3

In Sy gebed op aarde onthul Jesus die vervulling van die plan wat hulle bespreek het tydens die val van die mens. Satan het die waarheid dat die Seun van God alles van Sy Vader geërf het, probeer wegsteek, sodat hyself kon ontken dat hy iets van die Seun van God ontvang het.

> Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom. Johannes 17:7

Die hooftema in die gebed is die openbaring van die Vader se karakter, of naam, en dat die Seun van God werklik van Hom af gekom het.

> **Ek het u Naam geopenbaar** aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar. (7) **Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom**. (8) Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en **waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het**, en hulle het geglo dat U My gestuur het. (12) Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, **het Ek hulle in u Naam bewaar**. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word. Johannes 17:6-8,12

> Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, **tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het**. (26) **En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak**, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle. Johannes 17:25-26

In hierdie gebed verklaar Jesus dat Hy die werk wat die Vader Hom gegee het om te doen, voltooi het. Hierdie werk was om die karakter van die Vader deur Sy optrede te openbaar, om aan te toon dat die krag om tot bekering te kom en vergifnis te ontvang, vrylik uit die hemel gegee is; en om die aard van hul verhouding en hoe dit die skepping onderhou, te verkondig: dat die Seun van God werklik Sy Seun was, in ewigheid uit Hom verwek en na ons wêreld gestuur.

> Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. Johannes 17:4

Maar daar was meer as net die voltooiing van die werk wat die Vader begeer het. Om die werk te voltooi, moes hulle die boete vir sonde wat Satan ontwikkel het, betaal en die mens oortuig om te glo. Johannes hoofstuk 18 en 19 onthul die deel van die plan om die mens te red van sy oortuiging dat God die dood geëis het en dat slegs die bloedoffer van 'n plaasvervanger hulle kon red.

Aangesien God en Sy Seun die gedagtes van Satan kon lees, kon hulle uitsien na die tyd wat in Johannes 18 en 19 beskryf word; hulle kon sien hoe die Seun in die tuin van Getsémané die verskriklike skuldgevoel ervaar wat die mens op homself gebring het deur die valse idee dat God die dood van die oortreder geëis het. Die boek Matthéüs beskryf hierdie oomblik:

> Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My. (39) En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: **My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil**. Matthéüs 26:38-39

Die stappe wat nodig was om die mens te red, is uiteengesit in die volgorde van die feeste van die Here in Levítikus 23. Die volmaakte ongesuurde lewe van Christus en Sy dood word geopenbaar met die eerste fees, die Pasga. Die uitstorting van Sy ware karakter deur die Heilige Gees word getoon met die tweede fees, die Pinksterfees. Die finale opeenvolging van gebeure wat volkome versoening tussen God en die mens bring, word gevind in die feeste van die 7de maand: Trompette, Versoendag en die Huttefees. Hierdie seisoene van verkwikking het God se volk drie keer per jaar bymekaar gebring.

> **Drie maal in die jaar moet jy vir My 'n fees hou**. (15) Die fees van die ongesuurde brode moet jy hou: sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet soos Ek jou beveel het, op die bepaalde tyd in die maand Abib, want daarin het jy uit Egipte uitgetrek – maar hulle mag nie met leë hande voor my aangesig verskyn nie; (16) verder die fees van die oes, van die eerstelinge van jou werk, van wat jy op die land saai; en ook die fees van die insameling aan die einde van die jaar as jy jou werk uit die land insamel. (17) **Drie maal in die jaar moet al jou manspersone voor die aangesig van die Here HERE verskyn**. Exodus 23:14-17

Hierdie drie byeenkomste van God se volk is 'n uitdrukking van die saad wat in die raad van vrede ontwikkel is. Die Seun van God het drie keer

voor die Vader gekom om die verskillende aspekte van die verlossingsplan en die uitvoering daarvan te bespreek. Hierdie beginsel word ook geopenbaar in die drie keer dat Christus in die tuin van Getsémané gebid het.

> Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied. (43) Toe kom Hy en vind hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar. (44) En Hy het hulle met rus gelaat en weer **vir die derde maal gaan bid** en dieselfde woorde gesê. Matthéüs 26:42-44

Hierdie aantal gebede is nie willekeurig nie; dit is 'n openbaring van die saad van Christus, wat volledig gevorm en beskryf is in Génesis 3:15 as die Saad van die vrou.

Voordat God en Sy Seun hierdie plan in werking gestel het, was die werklike uitkoms nie waarlik bekend nie. Hierdie onbekende element kom in die woorde van Jesus aan die Kruis, tot uiting.

> Teen drie-uur het Jesus baie hard uitgeskreeu: "*Eli, Eli, lemá sabagtani*," wat beteken: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Matthéüs 27:46 (NLV)

Indien die Seun van God die gewig van Adam se skuld wou dra, moes Hy die plek binnegaan waar die sondaar nie die liefde en genade van God kon sien nie. Die enigste ding wat Hy op daardie oomblik sou kon sien, was die dood. Dit is wat in Adam se gedagte was. Deur ons natuur aan te neem, het Christus dit vir ons ervaar.

Kon die geloof van Jesus in daardie oomblik van uiterste duisternis aan Sy Vader vashou? Aanvanklik was dit nie duidelik nie. Die Seun van God het die onsekerheid wat in die raad van vrede bespreek is, in hierdie gebed uitgespreek: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil." (Matthéüs 26:39).

Duisende jare voor die kruis van Golgota het Hulle die tydstip waarop Jesus van Sy Vader geskei sou word, bespreek - hoe Hy aan die waarheid dat Sy Vader Hom liefhet, sou moes vashou, die tydstip wat Hy dit nie kon voel nie, maar slegs die sekerheid van die ewige dood kon voel. Dit was iets wat Jesus nog nooit beleef het nie; Hy was nog altyd verbind aan Sy Vader; die gedagte daaraan was uiters kommerwekkend.

Sou die Seun in geloof aan Sy Vader kon vashou? In die raad van vrede het die Vader gesidder by die gedagte dat Hy Sy Seun vir ewig kon verloor. Dit word in Psalms 18 beskryf:

> Toe ek benoud was, het ek die HERE aangeroep, en ek het tot my God geroep om hulp; Hy het my stem uit sy paleis gehoor, en my hulpgeroep voor sy aangesig het in sy ore gekom. (8) Toe het die aarde geskud en gebewe; die fondamente van die berge het gesidder en geskud, omdat Hy toornig was. (9) Rook in sy neus het opgegaan, en 'n vuur uit sy mond het verteer; kole uit Hom het gebrand. Psalms 18:7-9

Die woord *toornig* in die Hebreeus kan die gevoel van droefheid dra. Hier word die gloed van ‘n siel wat in diepe leed en siele-smart is, by die gedagte om Sy Seun vir ewig te verloor, uitgedruk. Dink net 'n oomblik aan hierdie raad van vrede, terwyl die Vader na Sy kosbare Seun kyk en dink aan die wrede eise van die ontvoerder, Satan. Moet ek my eniggebore Seun oorgee om die mensdom te red? Die rook van die groot brandoffer in Sy siel by die gedagte hieraan, het van die Vader uitgegaan. Hoe kan Hy Sy kosbare Seun, gemaak na Sy beeld, prysgee; die Een wat Hy opgelei het, wie Hy alles geleer het wat Hy geweet het? Hoe kan Hy Sy naaste metgesel, die enigste Een wat Hom werklik verstaan, prysgee? Ons sien die Vader in hierdie vers geopenbaar:

> Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom

> ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. Sagaría 12:10

Die hele lotsbestemming van die mensdom was in die weegskaal. Ons kom nou by die kerntema van hierdie boek. Ware liefde het oor die onbekende heen uitgestrek om die mensdom te red. Die Vader kies die pad om die vertroue te hê dat alles wat Hy Sy Seun geleer het, die liefde wat tussen hulle was, vas sou staan en nie verdeel kon word nie. Dit was 'n asemrowende stap van geloof.

Die sagmoedige en liefdevolle Seun neem Sy Vader aan die hand, kyk in Sy oë, en in die karakter wat Hy Hom geleer het, vra Hy Sy Vader se toestemming om ons te kom red.

Kan jy hierdie soort liefde begryp? In stille oorweging van 'n liefde van hierdie omvang, kan ek skaars die woorde neerpen. Die Seun van God was bereid om vir ewig verlore te gaan om ons te red. Hy het Sy ewige lewe op die spel geplaas om ons die kans te gee om te lewe. Ons het geen idee hoeveel liefde God en Sy Seun vir ons het nie. Die onselfsugtigheid wat hulle albei getoon het, is onpeilbaar. Ek is daardeur totaal oorbluf. Dit oordek my met 'n lieflike gewaarwording van die reinheid van hul liefde en toewyding om ons te red.

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Johannes 3:16

Dit is die risiko wat die Vader geneem het om ons te red, wat aan die woord *SO* betekenis gee, want *SO* lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het. Die hart van die Vader het met soveel intensiteit gegloei oor die moontlikheid dat Hy Sy Seun kan verloor, maar Hy het nie Sy karakterbeginsels afgestaan nie. Hy het Hom nie aan die beginsels van Satan oorgegee nie. Hy kon Homself moontlik verander het, soos so baie mense doen wanneer hul kinders bedreig word. Hy kon Satan in 'n oogwink verpletter, maar Satan sou met ‘n grynslag sterf, in die wete dat sy lewensbeginsels vir ewig sou voortleef en dat God deur Lucifer oorwin is.

> Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie. Maleági 3:6

Die Vader sou nie Sy karakter verander om hierdie krisis die hoof te bied nie. Hy sou Homself nie aan 'n swak oomblik – 'n vreemde, onversoenbare en abnormale optrede vir een oomblik – oorgee om die opstand met geweld te verpletter, om dit wat vir Hom die kosbaarste was, te beskerm nie.

Ons sien in die tuin van Getsémané volkome kalmte van siel, nadat Christus klaar gebid het. Dit is die manifestasie van die saad wat kom uit die raad van vrede. Elke keer nadat die Vader en die Seun bymekaargekom het en besluit het om die verlossingsplan uit te voer, het volkome vrede uit die hart van die Vader gekom en is dit op Sy Seun uitgestort.

Die gees van versekering kom na diegene wat rein van hart is; dit kom na diegene wat nie kortpad neem met integriteit nie. Die sabbatservaring is gevul met hierdie geseënde rus van begrip en geloof in die voornemes en wil van die Vader. Drie keer in die jaar kan ons die stroom van bewustheid van mildelike gawes binnegaan, wat die edelste begeertes en deugde van die mens vervul en ophef, dat dit die suiwerste gevoel van vrede in die siel bring.

Dit is die risiko van die Vader en die Seun - die risiko van Agape - wat die hoofbesprekingspunt van die verlostes sal wees gedurende die ewigheid. Hierdie liefde van die Vader sal nooit vergeet word nie; dit sal die sentrale besprekingspunt van elke byeenkoms wees.

> En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Openbaring 5:13

# HOOFSTUK 22:

# DIE SWAKHEID VAN GOD

Ons het vroeër bespreek dat die eniggebore Seun van God, wie alles wat Hy weet geleer is, die moontlikheid vernietig dat kennis 'n maatstaf van goddelikheid is. Die feit dat die Seun van God alle mag van Sy Vader ontvang het, beteken ook dat krag of almag nie as 'n maatstaf van goddelikheid gebruik kan word nie.

Dit is waar dat die God van die Bybel wonderlike krag en wysheid besit, maar sodra hierdie elemente losgemaak word van die hok van die Drie-eenheid, is hierdie elemente nie meer as maatstawwe van goddelikheid nodig nie.

Een van die hoofargumente van wêreldlinge teen God is dat, indien Hy almagtig is, waarom bring Hy dan nie ‘n einde aan al hierdie pyn en lyding nie? Indien Hy die mag het om al die probleme van die wêreld op te los, hoekom laat Hy almal in lyding voortgaan?

Ons het in hoofstuk 8 die onderwerp van vrye wil bespreek, en gesien dat die eniggebore Seun 'n Wese is wat heeltemal vry en sonder perke is, wat nie ingeperk word nie. Dit beteken dat die Vader geen druk op Hom plaas nie. In die Drie-eenheidsleerstelling word vrye wil aanvaar op die basis dat die krag van die Seun gelyk is aan dié van die Vader. Die onderliggende aanname hier is dat die Vader nie sy wil op die Seun kan afdwing nie, omdat die Seun se mag gelyk aan dié van die Vader is.

Hierdie idee word op aarde goed verstaan. Die rede waarom 'n land soos China nie 'n land soos die VSA aanval nie, is omdat hulle albei wapens van massavernietiging besit. Hulle besit albei ‘n hoë vlak van mag, wat hulle verhinder om mekaar aan te val om sodoende universele oorheersing te verkry.

In die Bybelse model van God oefen die Vader nooit heerskappy of mag uit oor Sy Seun nie, selfs al het Hy Sy Seun alles gegee wat Hy besit. God

kan mag uitoefen oor Sy Seun, omdat die Vader die hoof van Christus is, maar Hy glo dat Christus Hom uit eie wil sal gehoorsaam.

> Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat my gestuur het, Hy het My ‘n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. Johannes 12:49

Jesus doen slegs wat Sy Vader sê, nie omdat Hy gedwing word nie, maar omdat Hy glo dat dit wat Sy Vader vir Hom sê, korrek is. Christus verenig Sy wil vrywilliglik met Sy Vader se wil, en hierdie liefdevolle onderwerping is die sleutel tot die ewige lewe wat Christus aan almal wat Sy Gees aanneem, gee. Die vrye wil van die Seun van God vorm die hoeksteen van die regering van die heelal.

Hierdie verhouding help ons om te verstaan hoe die krag van God gebruik kan word en hoe dit nie gebruik moet word nie. Die krag van God word nooit gebruik om die wil van enige van Sy kinders af te dwing nie.

So wonderlik is die gedagte aan die vrye wil wat die Vader aan Sy Seun gee, dat Paulus na die Seun van God verwys as die krag van God.

> Maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: **Christus, die krag van die God** en die wysheid van God. (25) Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; **en wat swak is by God, is sterker as die mense**. 1 Korinthiërs 1:24-25

Die krag van God is Sy karakter. Sy karakter word geopenbaar in die vrye wil wat Hy aan Sy kinders gee. Dit is so 'n pragtige openbaring van God se karakter. Hierdie krag word deur die wêreld as swakheid beskou. Paulus sê dat hierdie vermeende swakheid sterker as die mens is.

> En Hy het vir hulle gesê: Die konings van die nasies heers oor hulle, en die wat gesag voer oor hulle, word weldoeners genoem. (26) Maar so moet julle nie wees nie; maar die oudste onder julle moet word soos die jongste, en wie 'n leier is, soos een wat dien. Lukas 22:25-26

Die aand voor Jesus se dood het Hy aan Sy dissipels gesê dat daar in Sy koninkryk geen gesaguitoefening is nie, maar dat die oudste die een is wat dien. Die mens wil gesag uitoefen oor ander, want hierdie begeerte is van Satan afkomstig.

> En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Jesaja 14:13

Satan het gesê dat hy sy troon sou verhef bo die sterre of engele van God. Hy sou hulle dwing om hulle aan hom, waar nodig, te onderwerp. Soos ons in hoofstuk 12 aangaande die verhaal van Daniël en die leeukuil bespreek het, sien ons dat diegene onder Daniël aanbidding as wet opgestel het, met die doodstraf vir oortreding van die wet. Indien jy nie aanbid nie, sal jy sterf. Dit is die uitoefening van mag. Dit is die gebruik van geweld om mense te dwing om die oppergesag te dien.

Ons Vader in die hemel dwing niemand om Hom te dien nie. Hy oefen nie mag oor ons uit nie, maar Hy dien ons eerder en sorg vir ons, soos 'n vader wat omgee sou doen. Slegs in die eniggebore Seun van God kan ons die ware raamwerk van God se krag begin begryp. Die ware Seun van God noem Sy Vader Sy God.

> Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op **na** my Vader en julle Vader, en **my God en julle God**. Johannes 20:17

Jesus aanbid Sy Vader as Sy God, die enige waaragtige God. (Johannes 17:3). In hierdie aanbidding van Sy Vader word geen krag deur die Vader uitgeoefen om Sy Seun te laat aanbid nie. Daar is geen dreigement van straf nie, maar slegs vryheid en liefde. Die enigste vereiste is dat die Seun moet erken dat alles wat Hy het, van die Vader kom, en dit bring liefde vir Sy Vader uit Sy hart na vore.

Die vrye wil van die Seun van God word deur Christus na ons uitgebrei.

As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees. Johannes 8:36

Die vryheid van die Seun van God is ons vryheid. Wanneer ons begryp dat die Vader nie Sy Seun dwing of dreig nie, kan ons deur hierdie kennis tot die Vader kom en weet dat Hy nie geweld sal gebruik om ons te dwing om Hom te volg nie.

Die apostel Johannes het in sy eerste brief geskryf: “Daar is geen vrees in die liefde nie... vrees sluit straf in…” (1 Johannes 4:18). Die woord *straf* beteken “straf-oplegging of boete”. Daar is geen vrees in die hart van die Seun van God dat Sy Vader op Hom straf sal bring weens gebrek aan gehoorsaamheid nie. Dit is 'n sleutelelement van die Seun wat nie ingeperk word nie. Daar is geen vrees vir straf nie. Ons verloor ons vrees wanneer ons hierdie waarheid omhels.

Ons onwilligheid om God te volg soos Christus God volg, is die rede waarom die mensdom steeds onder die ellende van hierdie wêreld ly. Die enigste manier waarop God lyding kan beëindig, is deur ons te dwing om Hom te volg en ons te verplig om die wet te gehoorsaam. Dit sal ons Vader nooit doen nie, want Hy sal ons nie dwing om te verander nie. Hy sal ‘n beroep op ons doen en ons die probleme van die weg wat ons bewandel, uitwys, maar Hy sal ons nie dwing nie. Hierdie besef vernietig die mens se valse begrip van God se almag, wat gebruik word om Hom as ’n wrede en ongevoelige medepligtige tot lyding uit te beeld.

Almal wat kinders het wat ’n verkeerde pad kies en lyding op hulself bring, weet dat jy nie jou kinders kan dwing om te verander nie. Indien jy geweld gebruik, sal hulle verder van jou af wegbeweeg of jou haat, omdat jy hulle vryhede beperk.

Die alternatief vir geweld is om saam met jou lydende kind die pad te stap en hulle te probeer help om insig te verkry. Dit is ontstellend vir ‘n ouer om saam met sy kinders te stap terwyl hulle hulself beseer. Indien ’n kind in hul weë mislei is, is die kans gewoonlik groter dat hulle hul ouers of ander gesagsfigure vir hul ellende kan blameer. Dit is presies wat die mensdom aan God gedoen het.

# HOOFSTUK 23:

# DIE VADER WORD DEURBOOR

Die Christelike leerstelling van die almag van God, gekombineer met 'n regstelsel wat die dood van die oortreder vereis, verblind die siel vir die ware lyding van die Vader.

Christus sê duidelik vir ons:

> …Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? Johannes 14:9b

> Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so. Johannes 5:19

In hierdie konteks is die lyding van Christus in die tuin van Getsémané, die géseling van Jesus tydens Sy verhoor, die ineenstorting van Jesus onder die kruis op die pad na Golgota en Sy dood aan die kruis, nie ter bevrediging van die geregtigheid van die Vader nie, maar eerder onthullings van die lyding van die Vader, afkomstig van 'n mensdom wat Hom met hewige afkeer verwerp het.

Die natuurlike vyandskap wat in die mensdom (Romeine 8:7) teen God bestaan, omraam die Kruis op 'n manier om dit voor te stel as God se streng vereiste vir ons sondes. Indien ons toegelaat word om die volle waarheid te sien – dat ons onsedelikhede ons Vader se hart deurboor het en onder die gewig van ons verdorwenhede laat ineenstort het – sou ons skuld sonder ondersteunende genade heeltemal ondraaglik wees. Dit is waarom die mensdom hom gewilliglik verblind vir hierdie werklikheid:

> Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag

> soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. Sagaría 12:10

God is die Een wat in hierdie vers praat. Dit verg spesiale genade om te kan sien dat ons Hom met ons sondes seermaak. Terwyl die Vader die mens se verwerping van Sy Seun en die verwerping van Homself, as 'n ware Vader, aanskou, dra Hy 'n smart wat deur Hom sny. Want Jesus het gesê dat "...net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees." (Matthéüs 24:37). Die wêreld sal eindig wanneer die wêreld God heeltemal verwerp.

> Dit [het] die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart. Génesis 6:6

Kan ons in hierdie vers sien hoe die Vader deurboor is? Hy dra swaar aan die verlies van Sy kinders vir wie Hy so lief is. Ons sien die bekommernis van die Vader wanneer Israel op die punt gestaan het om deur Babilon gevange geneem te word. Die Vader onthou Sy sielesmart toe Hy die stede wat langs Sodom en Gomorra geleë was, moes prysgee.

> Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Sebóim: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek. Hoséa 11:8

Die Vader se hart is in Hom omgekeer. Sy hartseer druk swaar op Hom. Hy word vir die verlies van Sy kinders deurboor. Wanneer ons die behandeling van Jesus in die kruisgebeurtenisse oordink, moet ons in ag neem dat dit ook gemik was op die Een wat Hom gestuur het.

> Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As 'n andere een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem. Johannes 5:43

Die dade wat teen Jesus in die vlees gedoen is, is in die Gees aan die Vader gedoen. As 'n mossie nie op die grond kan val sonder dat ons

Vader dit voel nie, wat voel Hy dan wanneer Sy eie Seun bespot, geslaan en vermoor word?

> Daarop neem die soldate van die goewerneur Jesus met hulle saam in die goewerneur se paleis en bring die hele leërafdeling teen Hom bymekaar. (28) Toe trek hulle sy klere uit en werp 'n rooi mantel om Hom; (29) en hulle vleg 'n kroon van dorings en sit dit op sy hoof, en 'n riet in sy regterhand; en hulle val op hul knieë voor Hom en bespot Hom en sê: Wees gegroet, Koning van die Jode! (30) En hulle spuug op Hom en neem die riet en slaan Hom op sy hoof. (31) En nadat hulle Hom bespot het, trek hulle Hom die mantel uit en trek Hom sy klere aan en lei Hom weg om gekruisig te word. Matthéüs 27:27-31

Deur hierdie dinge aan die Seun van God te doen, is dit aan die Vader ook gedoen. Ons word daaraan herinner dat wanneer ons Christus gesien het, ons die Vader gesien het. Die mens se fout, om aan God se almag te dink op 'n manier wat Hom op een of ander manier onaantasbaar maak, verduister die donker werklikheid dat die mensdom die Vader se hart breek. Hierdie siele-smart van die Vader was so groot dat die aarde in duisternis bedek is toe die Vader gehuil het.

> En van die sesde uur af het daar duisternis gekom oor die hele aarde tot die negende uur toe; Matthéüs 27:45

Die duisternis weerspieël die karakter van Satan, toe Satan op daardie oomblik die wêreld in sy hande gekry het, terwyl die mensdom sy haat vir God en Sy Seun geopenbaar het. 'n Rukkie voor die dood van Christus sien ons dat Jesus op 'n esel ry en oor Jerusalem geween het.

> En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween (42) en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Lukas 19:41-42

Kan ons sien dat die woorde van Jesus aan Filippus ook hier toegepas kan word? Hy wat my gesien het, het die Vader gesien. Sien ons die gebroke hart van die Vader wat oor Sy volk ween?

> Maar Ek sal op dié dag my aangesig heeltemal verberg weens al die kwaad wat hulle gedoen het; want hulle het na ander gode afgewyk. Deuteronómium 31:18

Wanneer jy die verkeerde idees oor alwetendheid en almag verwydert, kan jy die werklikheid van 'n Vader wat gemartel word deur die sondes van Sy afvallige kinders begin sien. Jy kan dit in Christus en die wêreld wat Hom verwerp, sien.

Mag ons na ons Vader, wat ons deurboor het, kyk en oor Hom ween soos Hy oor Sy eersgebore Seun en oor ons geween het. Mag ons uiteindelik verantwoordelikheid neem vir ons dade en sien dat ons vir die Vader se vreeslike smart verantwoordelik is.

Mag ons dan groot vertroosting vind in die feit dat Hy ons nie veroordeel nie, maar ons eerder vergewe vir wat ons aan Hom en Sy Seun gedoen het. Die realiteit van God se vergifnis en liefde sal stadigaan in ons siel begin insink wanneer ons besef wat God werklik vir ons gedoen het.

# HOOFSTUK 24:

# KOM UIT DIE DUISTERNIS

Die heerlikheid van die liefde van God, soos dit in Sy Seun gemanifesteer word, het so 'n groot aantrekkingskrag dat dit, in sy reinheid, alle mense na Christus kan aantrek.

> En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.
> Johannes 12:32

Satan moes die glans van hierdie liefde verduister, anders verloor hy sy beheer oor die mensdom, wat hom magteloos en swak laat voel – iets wat hy nie kan verdra nie. Satan het voordeel getrek uit Eva se oordrewe voorstelling van God se gebooie met betrekking tot die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad. Telkens sou Satan die metode gebruik om 'n idee op te hef – deur dit skynbaar te eerbiedig, maar dit eintlik te ondermyn – om die mensdom te verslaan. In die Christelike leerstelling verhef Satan die Seun van God skynbaar tot ‘God die Seun’, ’n wese wat nog nooit iets geleer is of iets ontvang het nie. Dit voel asof Christus meer verhewe en geëer word as wanneer Christus van die Vader gebore is en dan alles ontvang het.

Satan kombineer hierdie idee met 'n beginsel van geregtigheid gekombineer met 'n kragtige almag wat die dood eis vir Sy beledigde majesteit. Hierdie raamwerk verduister die ware krag van die Kruis van Christus. Dit is 'n wonderwerk dat die Kruis steeds ‘n aantrekkingskrag op die mens het wanneer dit met hierdie valse idees belaai word.

Satan het hierdie opheffingsmiddel ook op die kennis van God gebruik. Indien hy diegene wat in God geglo het, kon oortuig dat God alles weet – dat Hy geweet het dat die mens sou val en dat Hy geweet het dat Christus in Sy missie suksesvol sou wees – dan sou Satan die impak van die gawe wat God in Sy Seun gegee het, tot so 'n groot mate kon verminder, dat dit vir die meeste mense sy krag sou verloor.

Indien God met sekerheid geweet het dat Sy Seun suksesvol sou wees in Sy sending, dan het God niks prysgegee nie. Die waarheid van Agape-liefde is om volledig en heeltemal te gee sonder die sekerheid dat wat jy wil hê, gaan gebeur. Die meeste van ons ken die gevolge van manipulasie van ‘n persoon. Skielik word jy oorlaai met geskenke en lof, maar daar is 'n vangpunt: die gewer gee aan jou, om iets van jou te kry wat vereis dat jy jou vryhede op 'n sekere vlak prysgee.

Agape kan slegs in 'n raamwerk van risiko manifesteer. 'n Alwetende, allesoorheersende en grootliks vernietigende God kan nie ware welwillende liefde openbaar nie.

> Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. 1 Johannes 4:18

In hierdie konteks is die wêreld amper nooit blootgestel aan die ware liefde van God nie. Waar daar ookal 'n god is wat alles weet, alles beheer, en dan oordeel-veroordeel-vernietig, is daar vrees, marteling en opstand. Die selfopofferende onvoorwaardelike liefde van Agape word vernietig, want daar is geen selfopoffering wanneer alles bekend is nie, en liefde is voorwaardelik wanneer mense met 'n inherente lewe direk deur die wetgewer vernietig word (eerder as om te vergaan as gevolg van die skeiding met die bron van lewe). Dit is die rede waarom nie alle mense tans tot die Seun van God getrek word nie. Dit is waarom die meerderheid van die wêreld vertroosting soek in ander godsdienste of andersins geen godsdiens nie.

Agape-liefde hou altyd risiko in wanneer dit gedistilleer word tot sy suiwerste vorm, want wanneer God aan iemand 'n vrye wil gee, neem Hy die risiko om hulle die vryheid om te kies te gee. God het dit gedoen in die wete dat wanneer geskape wesens hul eie wil bo Sy wil kies, dit Hom sou seermaak. God was bereid om te ly om Agape-liefde te handhaaf.

Voordat Adam gesondig het en voor die begin van sonde in die hemel, het God nie verseker geweet van die sonde-val van die mens nie. Hy was

wel bewus van die sonde se potensiaal. Vanaf die sonde-val het Hy geweet wat die saad van die slang sou voortbring, en kon Hy gebeurtenisse baie jare in die toekoms voorspel.

Hoe hartseer dat Satan die leerstellings van die Christendom besmet het met die onbybelse idee van 'n kragdadige God wat absoluut alles weet. Dit het die hart uit Agape-liefde geruk en dit agter 'n donker wolk weggesteek.

Betree die lig van die Bybelse waarheid en neem jou vrye wil, wat jou hemelse Vader aan jou gegee het, weer op.

Want so lief het God die wêreld gehad.

So groot was daardie liefde dat Hy

Sy mees gekoesterde, kosbaarste skat,

Sy eniggebore Seun,

op die spel geplaas het

om ons te red.

VadervanLiefde.com